# 'N SOSIOLOGIESE STUDIE OOR SEKERE ASPEKTE VAN DIE KIND IN DIE NYWERHEIDSKOOL

deur

PETRUS JACOBUS JOHANNES PIENAAR

Verhandeling ingedien ter gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die Departement Sosiologie aan die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT vir CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS.

Leier: PROF. DR. J.P. VAN DER WALT

Potchefstroom.
November 1970.

Die penskets op die teenblad
is geteken deur een van die
leerlinge van die ondersoek-
groep . . . . .



mammie! ......

Aan my vroutjie, ERNA.

## VOORWOORD

Die opvoeding van die kind in die nywerheidskool in die Republiek van Suid-Afrika was 'n stimulus vir my belangstelling in die algemeen en die nywerheidskoolseun in die besonder. Die opvoeding en aanpassing van hulle wat soveel in die lewe moes ontbeer, het 'n besondere simpatieke houding en toegeneentheid teenoor hierdie tipe kind by my ontwikkel namate ek hulle beter leer ken het.

Dit was 'n eer en 'n voorreg om aan 'n Nywerheidskool verbonde te kon wees om met hierdie ongelukkige kinders sonder hulle eie direkte toedoen te werk - dit verg vaste geloof en vertroue, moed, geduld, gelykmatige optrede en alle ander deugde waaroor 'n mens kan beskik. Hierdie persoonlikheidseienskappe moet onvoorwaardelik in diens gestel word vir die taak en roeping in hierdie besondere soort skool.

Sonder liefde, hulp en belangstelling van verskillende persone sou hierdie navorsing nie werklikheid geword het nie. Daarom is dit vir my 'n behoefte van die hart om langs hierdie weg die volgende persone te bedank:

Graag wil ek my opregte waardering betuig teenoor prof. dr. J.P. van der Walt, van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, vir sy onbaatsugtige hulp, entoesiasme, vriendelike bystand en besondere leiding met hierdie ondersoek.

Vervolgens 'n woord van dank aan die Adjunk-universiteitsbibliotekaris en personeel van die Ferdinand Postma-Biblioteek vir besondere dienste gelewer, asook vir die druk van die verhandeling.

'n Warme woord van dank aan die Departement van Nasionale Opvoeding vir die gebruik van die persoonlike lêers van kinders, asook die bibliotekaresse en haar personeel.

Ook my dank aan die hoof, mnr. L.H. Barnard vir sy kennis van die kind en die belangstelling van die personeel van die Nywerheidskool vir Seuns, Heidelberg, Transvaal, wat vir my op die een of ander wyse bygestaan en gehelp het.

Hartelike dank aan my dierbare vroutjie vir haar belangstelling en vertroue in my asook hulp wat sy verleen het met die tikwerk.

'n Besondere woord van dank aan my ouers en skoonouers vir hulle hulp en voorbidding.

Die netjiese tikwerk is deur mev. E. Potgieter gedoen. Sy het hierdie taak met groot opoffering en nougesetheid verrig. Ek sê baie dankie aan haar.

In dankbaarheid wil ek my hoof buig voor my Skepper vir genade, krag en gesondheid om hierdie verhandeling te kon voltooi.

Aan almal wat hulp aan my verleen het, hoe gering ook al, betuig ek my opregte dank.

P.J.J. Pienaar.

Potchefstroom.
30 November 1970.

INHOUDSOPGAWE

VOORWOORD

HOOFSTUK 1

INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE EN TERME

1.1 Inleiding 1

1.2 Die aard en omvang van die probleem 2

1.3 Die doel van die ondersoek 6

1.4 Afbakening van die terrein van die ondersoek 8

1.5 Die metode van ondersoek 9

1.6 Omskrywing van enkele begrippe 11

HOOFSTUK 2

'N KORT GESKIEDENIS VAN NYWERHEIDSKOLE IN SUID-AFRIKA MET VERWYSING NA ENKELE HOOFLYNE VAN WETGEWING EN GRONDBEGINSELS IN HIERDIE VERBAND

2.1 Hooflyne van wetgewing i.v.m. die stigting van nywerheidskole vir sorgbehoewende kinders 24

2.2 Die sosiologiese doelstellings en beginsels van die Kinderwet met betrekking tot die sorgbehoewende kind 27

2.3 Die interpretasie van die definisie van 'n sorgbehoewende kind 30

2.4 'n Beknopte historiese oorsig van die groei van die nywerheidskole in Suid-Afrika 36

2.5 Samevatting 53

HOOFSTUK 3

DIE AARD EN OORSAKE VAN VERWYSING VAN KINDERS NA NYWERHEIDSKOLE

3.1 Inleiding 54
3.2 Die gesin en die betekenis daarvan vir die kind se persoonlikheid 54
3.3 Ontleding van die gesinsagtergrond van 100 verwysde kinders 58
3.4 Samevatting 98

HOOFSTUK 4

'N STATISTIESE STUDIE VAN SEKERE EIENSKAPPE EN GEDRAGSPATRONE VAN 100 KINDERS IN 'N NYWERHEIDSKOOL

4.1 Inleiding 104
4.2 Individuele eienskappe van die proefgroep leerlinge 106
4.3 Gedragsafwykings van die ondersoekgroep 111
4.4 Ander vorme van gedragsafwyking by die ondersoekgroep 120
4.5 Sekere persoonlikheidsprobleme 121
4.6 Vryetydsbesteding en ontspanning 123
4.7 Positiewe gedrag en eienskappe 124
4.8 ŉ Kategorisering of klassifikasie van die eienskappe, gedrag en huislike omstandighede van die groep van 42 uit 100 kinders wat afwykende gedrag openbaar het 124
4.9 Die verifikasie van die gegewens 129
4.10 Samevatting 135

HOOFSTUK 5

ENKELE HOOFLYNE VAN DIE DOEL EN BEHANDELINGSFASES VAN DIE NYWERHEIDSKOOLKIND

5.1 Inleiding 137
5.2 Die doel van die nywerheidskool 137

5.3 Opvoeding en onderwys as taak van die nywerheidskool 141
5.4 Samevatting 186

HOOFSTUK 6

SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS

6.1 Inleiding 188
6.2 Samevatting van die opkoms van die nywerheidskool met verwysing na wetgewing in die verband 188
6.3 Samevattende evaluering van die gesinstoestande van die ondersoekgroep 189
6.4 Samevattende evaluering van die eienskappe en gedrag van die ondersoekgroep 191
6.5 Samevattende evaluering van die doel en taak van die nywerheidskool 192
6.6 Samevattende evaluering van die voortreflikhede van die nywerheidskool 192
6.7 Aanbevelings en riglyne vir die toekoms 193
6.8 Slotbeskouing 198

LYS VAN TABELLE


1. Getal blanke kinders sorgbehoewend bevind, 1958 - 1963 — 4
2. Gemiddelde getal blanke sorgbehoewende kinders wat jaarliks na nywerheidskole verwys is, 1909 - 1918 — 6
3. Nywerheidskole in Suid-Afrika — 52
4. Die omvang van drankmisbruik by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders — 58
5. Die omvang van alkoholisme by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders — 60
6. Die omvang van onsedelikheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders — 60
7. Die omvang van buite-egtelikheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders — 66
8. Die omvang van verlating by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders — 67
9. Die omvang van werkloosheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders — 70
10. Die omvang van fisiese en psigiese ongesteldheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders — 73
11. Aantal ouers van 100 sorgbehoewende kinders wat gevangenisstraf ondergaan het — 75
12. Die frekwensie-orde van gesinstoestande van 100 sorgbehoewende kinders — 79
13. Egskeiding — 88
14. 'n Opsomming en vergelyking van gegewens (in persentasies) t.o.v. gesinsomstandighede soos bevind in verskeie ondersoeke — 99

15. Ouderdom toe kind sorgbehoewend verklaar is 106
16. Ouderdom by toelating tot 'n nywerheidskool 107
17. Frekwensietabel (I.K.'s) 108
18. Die kerkverband van 100 sorgbehoewende kinders in 'n nywerheidskool 110
19. Enkele gedragsafwykings van die ondersoekgroep 112
20. Ander vorme van gedragsafwyking by die ondersoekgroep 121
21. 'n Vergelyking van die gedrag en eienskappe van die ouers van die 42 onbeheerbare kinders, met die res van die ondersoekgroep se ouers 125
22. 'n Vergelyking van die gesinstoestande van die twee groepe 126
23. Gedrag en eienskappe van 42 kinders met afwykende gedrag 127
24. Passing van gegewens van Norman Fenton en hierdie ondersoek 133


DIAGRAMME


1. Vergelyking van gedrag en eienskappe van die vaders en moeders van die ondersoekgroep 77
2. Samevatting van die gesinstoestande van die ondersoekgroep 97
3. Personeelsamestelling van 'n Nywerheidskool 142


GRAFIESE VOORSTELLINGS


1. Frekwensietabel van die I.K.'s van die ondersoekgroep grafies voorgestel 109

2. 'n Vergelyking van gegewens van hierdie ondersoek van 100 sorgbehoewende kinders in 'n Nywerheidskool met die gegewens soos verkry deur P.R. Smith in sy ondersoek na die gesinslewe van 100 jeugdige oortreders 128

3. 'n Vergelyking van die gegewens van hierdie ondersoek van 100 sorgbehoewende kinders aan 'n Nywerheidskool met die gegewens soos verkry deur T.E. Sullenger van onbeheerbare kinders 130

4. 'n Vergelyking van die gegewens van hierdie ondersoek van 100 sorgbehoewende kinders aan 'n Nywerheidskool met die gegewens soos verkry deur C.J.E. Jonker in haar ondersoek na die gesinslewe van 200 sorgbehoewende kinders 132

BIBLIOGRAFIE 200

JAARVERSLAE 207

ONDERHOUDE GEVOER 207

BYLAES

A. Skedule gebruik vir gegewens van die persoonlike lêers 209

B. Vraelys gebruik by ondersoekgroep van 100 Nywerheidskoolleerlinge 212

C. Engelse uittreksel 216

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING, PROBLEEMSTELLING EN OMSKRYWING VAN ENKELE BEGRIPPE EN TERME.

### 1.1 Inleiding

In die sosiologie bestaan daar vandag baie min werke wat handel oor die verskynsel van sorgbehoewendheid van die kind. Ons vind egter ŉ steeds toenemende belangstelling in hierdie vraagstuk. Daar moet egter nog ŉ kentering plaasvind met betrekking tot die studie en houding teenoor die sorgbehoewende kind in die algemeen, en die nywerheidskoolkind in die besonder.

In ons huidige dinamiese samelewing ondergaan byna alle lewensterreine en kultuurgoedere veranderinge, waarvan sommige soms progressief is en andere weer agteruitgang meebring want geen verandering kan daarop aanspraak maak dat die uitwerking daarvan net verbetering is nie. Daarom vereis elke terrein van die samelewing gedurige en toegewyde navorsing om in pas te bly met die maatskaplike veranderinge. Netso ook is die nywerheidskoolkind se opvoeding op die draaitafel van verandering en ontwikkeling, en met hierdie studie word dus getrag om ŉ bydrae te lewer tot die kennis van die taak en roeping van hierdie tipe kind en skool.

Belangstelling in die kind in die algemeen en die sorgbehoewende kind in die besonder, het die keuse van hierdie onderwerp vanselfsprekend gemaak. Die ervaringskennis wat ŉ mens opdoen in die oriëntering, insameling van gegewens, ontleding, klassifisering, toetsing en samevatting hiervan, was op sigself die moeite werd. Die hoofmotief was dus om meer te wete te kom van die verskynsel van sorgbehoewend-

heid en die faktore wat direk en indirek daarvoor verantwoordelik is. Verder ook om 'n waardering en evaluering te kan maak van die arbeid wat in hierdie tipe skool met 'n besondere soort leerling en sy probleme opgedoen word.

## 1.2 Die aard en omvang van die probleem

### 1.2.1 Die sosiologiese aard van die probleem

Die sorgbehoewende kind en sy versorging is een van die grootste sosiale verantwoordelikhede van die moderne wêreld en is dus die taak van die hele gemeenskap. Die probleem is nie nuut nie - dit is maar altyd die kerk, staat en skool wat hulle met hierdie probleme bemoei en steeds meer besin om metodes te vind vir die korreksie en eliminasie van aktiwiteite wat die gesondheid, stabiliteit en orde van die gemeenskap bedreig.

Die opvoeding van die sorgbehoewende kind is 'n saak van die gewete, en kan nie versmaai word nie, want die „opportunity to enjoy life is a human right that most societies have tried to realise. It means the right to work and to have a share in the material necessities of life. It also includes the right to good health and congenial social relations. In the light of modern humanitarian thought, any violation of these rights may be evidence of actual or potential insecurity and disorder. Social problems, consequently are hindrances and obstructions to human values. They are handicaps to the achievement of that which a society chooses to call normal social life."[1]

---

1. Phelps. Contemporary social problems, p. 3.

### 1.2.2 Die opvoedkundige aard van die probleem

Alle opvoeding en onderwys moet aangepas word by die kind. Die probleem is o.m. ook klinies-psigologies, medies, sosiologies en opvoedkundig omdat ons hier te make het met vraagstukke soos o.a.:

(i) heropvoeding;
(ii) rehabilitasie en herstel; en
(iii) heraanpassing.

Dit gaan dus ook om enkele hooftrekke van vraagstukke en grondslae soos die volgende, wat as aspekte van hierdie navorsing moet dien:

(a) die mens- of die kindbeskouing;
(b) die moontlikheid van opvoeding en heropvoeding;
(c) vryheid en gesag, tug en dissipline;
(d) die metodes van aanbieding van die leerstof, en
(e) evaluering van die opvoedingsresultaat deur middel van o.m. toetse en persoonlikheidskale.

Die kind is vertrekpunt en maaksel van God; hy het 'n ewigheidsbestemming. Dit gaan om 'n Skrifgefundeerde opvoeding in die nywerheidskool in 'n kosskoolsituasie. Dit gaan om die verwysde kind waar hy die volwasse opvoeder-onderwyser ontmoet, wat hom moet teruglei en help op die pad wat heen lei na 'n gesonde sosiale orde en norme, waarby hy met beheersing moet aanpas. Hierdie saak sal, deur middel van sekere aspekte, op 'n latere stadium in die verhandeling besondere aandag geniet.

### 1.2.3 Die algemene aard van die probleem

Die grofste en swaarste juk wat die nywerheidskool-

kind in sy aanpassing in die samelewing moet aanvaar, is die onregverdige opinie van die publiek. Sodra die kind in die samelewing verskyn word hy met vyandige onaantasbaarheid bejeën en soms behandel as 'n „melaatse". Dit is tyd dat hierdie onredelike en onkundige vooroordeel uit die weg geruim word, deur die korrekte beeld van die nywerheidskool na buite uit te dra. Dit is tog elke kind se eersgeboortereg om die beste onderwys- en opvoedingsgeleenthede te ontvang vir sy voorbereiding vir 'n eie bepaalde plek in die samelewing wat volgestaan moet word.

1.2.4 Die omvang van die probleem

Die omvang van hierdie probleem is wêreldwyd en daar word beoog om met hierdie navorsing slegs na hierdie probleem in Suid-Afrika te verwys, om dan uiteindelik een Nywerheidskool te behandel.

Hoe omvangryk „sorgbehoewendheid" in blanke Suid-Afrika is, word in die onderstaande tabel aangetoon.

TABEL 1

Getal blanke kinders sorgbehoewend bevind, 1958-1963.[1]

| Jaar geëindig 31 Maart. | Getal sorgbehoewende kinders. |
|---|---|
| 1958 | 2 564 |
| 1959 | 2 553 |
| 1960 | 2 529 |
| 1961 | 2 745 |
| 1962 | 2 903 |
| 1963 | 3 069 |
| | 16 363 |

1. Tabel verkry uit die Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die tydperk 1962 tot 1964, p. 36.

Dit blyk volgens tabel 1 dat daar vanaf 1 April 1958 tot 31 Maart 1963 ingevolge die bepalings van die Kinderwet, 1960, 'n aantal van 16 363 kinders in die verskillende howe sorgbehoewend verklaar is. Hierdie beeld sou nog leliker vertoon het as dit nie was vir die voorkomende maatreëls wat deur die Departement van Volkswelsyn en Pensioene ingevoer is nie, want gedurende 1963[1] is 1 375 sorgbehoewende kinders na inrigtings verwys (1 000 na kinderhuise en 375 na nywerheidskole).

Afgesien van die sosiale bewustheid om die probleem te voorkom en te bestry is die kurwe van die sorgbehoewenheidsgrafiek steeds besig om 'n toename te toon.

Gedurende 1965 is daar 1 125 sorgbehoewende kinders in die Republiek na inrigtings verwys. Van hierdie totaal was 743 kinders jonger as 14 jaar en na kinderhuise verwys, terwyl 382 ouer as 14 jaar was en na nywerheidskole verwys.[2] Hierdie toestand woeker voort, afgesien van die preventatiewe dienste van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene om 'n kind binne sy normale gesinsverband en omgewing en die normale gemeenskap te rehabiliteer. Baie redes word aangevoer as oorsake vir hierdie toestand, dit sal egter later ter sake bespreek word.

---

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die tydperk 1962 tot 1964, p. 42.
2. Ibid., 1964 tot 1966, p. 54.

TABEL 2

Gemiddelde getal blanke sorgbehoewende kinders wat jaarliks na nywerheidskole verwys is, 1909 tot 1968[1)]

| Jaartalle | Gemiddeld |
|---|---|
| 1909 - 1913 | 202.5 |
| 1914 - 1918 | 494.0 |
| 1919 - 1923 | 896.7 |
| 1924 - 1928 | 1 445.2 |
| 1929 - 1933 | 1 457.6 |
| 1934 - 1938 | 1 344.4 |
| 1939 - 1943 | 1 174.4 |
| 1944 - 1948 | 1 538.2 |
| 1949 - 1953 | 1 980.2 |
| 1954 - 1958 | 2 067.3 |
| 1959 - 1963 | 2 244.8 |
| 1964 - 1968 | 2 340.4 |

1. Die gegewens vir die tydperk 1909 tot 1968 is verkry uit die jaarverslae van die Departement van Justisie; Departement van Unie-Onderwys; en Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap sedert 1909 en deur die navorser in tabelvorm opgestel.

Tabel 2 toon die omvang van verwysing na nywerheidskole en onderstreep die belangrikheid van hierdie inrigtings as sosialiserende en rehabiliterende instellings.

## 1.3 Die doel van die ondersoek

### 1.3.1 Die algemene doel

Die algemene doel van hierdie ondersoek is om ander navorsers aan te spoor tot verdere studie van hierdie ver-

stote kind en die nywerheidskool; asook van die regte gesindheid en van die skep van 'n korrekte beeld en positiewe beleid van hierdie inrigtings.

Verder sal ook aangetoon word dat sodanige ondersoeke en veranderende opvattings 'n groot bydrae kan lewer om die gemeenskap funksioneel te maak in die voorkoming van sorgbehoewendheid en 'n moontlike „krisis" afweer. Die tyd is reeds ryp dat elke persoon in Suid-Afrika die nywerheidskoolkind sal aanvaar soos hy is en om sy menswaardigheid as individu te erken.

1.3.2 <u>Die besondere doel</u>

Soos die titel van die verhandeling aandui wil hierdie navorsing sekere aspekte van die kind in 'n nywerheidskool binne 'n koshuissituasie ondersoek. Hiervolgens word beoog om 'n studie te maak van:

(a) die redes waarom nywerheidskole ontstaan het, asook die opkoms van die nywerheidskool in Suid-Afrika;
(b) die aard en oorsake van sorgbehoewendheid en verwysing van kinders na nywerheidskole en word gekorreleer met ander navorsers se bevindinge;
(c) sekere eienskappe van die kind en 'n bepaling van die uitwerking van gesinstoestande op die persoonlikheid van die kind; en
(d) die doel en taak van die nywerheidskool in hooftrekke.

Die besondere doel volgens bogenoemde is dat hierdie aspekte wat in behandeling kom, gebruik sal word om 'n geheelbeeld te bekom van die verskillende aspekte en prosesse van heropvoeding en heraanpassing wat die nywerheidskool bied.

## 1.4 Afbakening van die terrein van die ondersoek

Hierdie ondersoek is 'n gevallestudie van sorgbehoewende seuns in een nywerheidskool omdat die ondersoeker baie meer kennis i.v.m. hulle gehad het as van dogters. Alhoewel 'n groep van 100 nywerheidskoolkinders relatief klein is voel die ondersoeker dat dit tog verteenwoordigend is van nywerheidskoolseuns in Suid-Afrika.[1] Verder is die ondersoekgroep saamgestel uit seuns tussen die ouderdomme 14 tot 19 jaar en het die insameling van gegewens gestrek oor 'n tydperk van vier jaar.

Met die oog op die doel van die ondersoek sal die gegewens in die volgende hoofstukke ingedeel word:

Hoofstuk 2. 'n Beskrywing van die opkoms van nywerheidskole in Suid-Afrika. Aangesien die ontwikkeling van die nywerheidskool direk eweredig was aan die promulgering van die kinderwette, was dit noodsaaklik om die wetgewing kortliks te bespreek.

Hoofstuk 3. 'n Ondersoek na die oorsake van sorgbehoewendheid en die uiteindelike verwysing na 'n nywerheidskool.

Hoofstuk 4. 'n Empiriese studie van sekere eienskappe van die kind in die nywerheidskool, met spesifieke verwysing na probleemgedrag.

Hoofstuk 5. Die hooflyne van die doel en taak van die nywerheidskool t.o.v. die sorgbehoewende kind.

---

1. Die hoë korrelasie van hierdie gegewens met die van die ondersoeke van Sullenger, Smith en Jonker, dien as bewys vir hierdie stelling.

Hoofstuk 6. Samevattende gevolgtrekkings van die ondersoek, asook ŉ waardering van die voortreflikhede van die nywerheidskool, en sekere aanbevelings vir die doeltreffender funksionering van sulke instellings.

## 1.5 Die metode van ondersoek

Met die insameling van gegewens vir hierdie ondersoek is gebruik gemaak van twee primêre metodes, naamlik:

(i) ŉ literatuurstudie, d.w.s. gegewens wat reeds deur ander persone ingesamel is; en

(ii) ŉ empiriese studie, d.w.s. gegewens wat deur die ondersoeker self ingesamel is.

### (i) Literatuurstudie

Oriëntering in hierdie ondersoek vra ook ŉ uitgebreide kennis i.v.m. die vraagstuk van sorgbehoewendheid wat opgedoen is d.m.v. die bestudering van sover moontlik alle beskikbare literatuur, wat bestaan uit gepubliseerde en ongepubliseerde bronne, en ŉ sintese van hierdie kennis.

### (ii) Insameling van gegewens

Eerstens is gebruik gemaak van dokumentêre bronne. Danksy die goeie gesindheid van die huidige Departement van Nasionale Opvoeding het ondersoeker insae verkry in die persoonlike lêers van die kinders, en kon hulle noukeurig deurgewerk word, alhoewel sommige daarvan nie baie volledig was nie.

Tweedens is gegewens ingesamel d.m.v. die individuele benaderings- of gevallestudiemetode, d.w.s. persoonlike onderhoude is gevoer met elke kind. Hier-

die metode het ŉ sentrale plek in die ondersoek ingeneem. Gegewens wat aldus verkry is, is getoets d.m.v. ŉ vraelys. Inmiddels kon ook die juistheid van die gevallestudie-verslag van die kind sodoende vasgestel word. In hierdie onderhoude kon die ondersoeker ook vir die kinders van groot waarde wees in die persoonlike onderwyser-kind-vertrouensverhouding, trouens, daar is baie hoë eise aan hom gestel.

Derdens is gegewens aanvullend bekom d.m.v. persoonlike onderhoude wat gevoer is met die betrokke onderwyser-psigoloë, die hoof, vise-hoofde en onderwysers en die inspekteurs van onderwys.

Vierdens is gebruik gemaak van die statistiesemetode, wat belangrik was veral t.o.v. die volgende naamlik:

(i) die bepaling van kenmerke van die ouers van die ondersoekgroep om die gesinstoestande vas te stel;

(ii) die bepaling van sekere persoonlike eienskappe van die kinders self, en

(iii) kontrole van die bepaling en die betroubaarheid van die gegewens van die ondersoek.

H.J. Venter sê ook dat indien hierdie metode „oordeelkundig gebruik word, is dit ŉ nuttige hulpmiddel in ŉ ondersoek",[1] want dit kan ook „frequently unreliable and conflicting"[2] wees. Hiervan is deeglik kennis geneem.

Verder is al hierdie gegewens sistematies deurdink en beskryf d.m.v. die deskriptiewe metode.

---

1. Venter. Residivisme, p.30.
2. Banay. Youth in despair, p. 1-2.

## 1.6 Omskrywing van enkele begrippe

Dit is noodsaaklik dat duidelikheid verkry word oor begrippe wat vir hierdie ondersoek van besondere betekenis is en veelvuldig gebruik word. Ander begrippe sal ter plaatse in die teks omskryf word.

### 1.6.1 'n Sorgbehoewende kind

Die Kinderwet van 1960 nommer 33, Artikel I(xxxv) definieer 'n sorgbehoewende kind as volg:

'n kind -

„(a) wat verlaat of sonder waarneembare bestaansmiddele is; of

„(b) wat geen ouer of voog het nie, of wat ouers of 'n ouer of voog het wat geen behoorlike beheer oor die kind uitoefen nie, of onbevoeg is om sodanige beheer uit te oefen; of

„(c) wat in die sorg van 'n persoon is wat skuldig bevind is aan 'n misdryf vermeld in die Eerste Bylae by hierdie Wet, begaan ten opsigte van of in verband met daardie kind; of

„(d) wat nie deur sy ouers of voog of die persoon in wie se bewaring hy is, beheer kan word nie; of

„(e) wat hom dikwels aan skoolversuim skuldig maak; of

„(f) wat omgaan met 'n onsedelike of slegte persoon, of wat andersins onder omstandighede leef wat waarskynlik die verleiding, verslegting of prostitusie van die kind sal veroorsaak of in die hand sal werk; of

„(g) „(i) wat bedel; of

„(ii) wat minder as twaalf jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur tensy daardie plaas-

like bestuur deur middel van verordenings ingevolge artikel twee-en-twintig of 'n ander wet uitgevaardig, voorgeskryf het dat so 'n kind daardie soort straathandel mag dryf en tensy hy dit doen ooreenkomstig verordenings ingevolge artikel twee-en-twintig uitgevaardig; of

„(iii) wat nie minder as twaalf jaar nie maar minder as sestien jaar oud is en enige soort straathandel dryf binne die regsgebied van 'n plaaslike bestuur in stryd met verordenings wat daardie plaaslike bestuur ingevolge artikel twee-en-twintig uitgevaardig het; of

„(h) wat onderhou word weg van sy ouers of voog of onder huislike omstandighede wat met die belange van die kind in stryd is en wie se ouers of voog nie opgespoor kan word nie, of versuim het om behoorlike voorsiening vir die versorging en bewaring van die kind te maak, alhoewel hulle aangesê is om dit te doen; of

„(i) wat in 'n toestand van fisiese of geestelike verwaarlosing verkeer;"[1)]

1.6.2 'n Verwysde (gekommitteerde) kind

Fairchild omskryf verwysing as „a warrant or order by which a court or magistrate directs an administrative officer to take a person to some type of custodial institution".[2)]

„Committed children are children who have an order of court against them and who are in consequence being main-

1. Kinderwet, 1960, soos gewysig, tesame met regulasies, p. 6.
2. Fairchild. Dictionary of sociology, p. 264.

tained apart from their parents or guardians, or who are subject to supervision to parental supervision".[1] Dit is dus 'n kind wat deur 'n kinderhof sorgbehoewend bevind is ingevolge Artikel 1(xxxv) en t.o.v. wie daar 'n bevel gemaak is kragtens Artikel 31,[2] wat bepaal dat die kinderhof kan -

„(a) beveel dat die kind in die bewaring van 'n geskikte pleegouer geplaas word; of

„(b) beveel dat die kind onder die beheer van 'n goedgekeurde vereniging geplaas word; of

„(c) beveel dat die kind na 'n kinderhuis verwys word; of

„(d) beveel dat die kind na 'n nywerheidskool verwys word."

1.6.3 <u>'n Kinderhof</u>

Artikel 5 van die Kinderwet van 1960 lees as volg:

(1) „Die Minister van Justisie, of die Minister van Bantoe-administrasie- en ontwikkeling, indien die betrokke distrikte onder die administratiewe beheer van laasgenoemde val, kan 'n kinderhof instel vir 'n distrik of vir 'n gebied wat bestaan uit twee of meer distrikte of gedeeltes van distrikte.

(2) „Elke landdroshof is 'n kinderhof vir enige deel van sy regsgebied waarvoor daar geen kinderhof kragtens subartikel (1) ingestel is nie".[3]

Sorgbehoewende kinders verskyn nie in 'n kriminele hof nie, maar in 'n kinderhof. Die voorsittende beampte is 'n kommissaris of assistent-kommissaris van kindersorg, wat deur die Minister van Justisie aangestel word. Dit is gewoonlik of 'n landdros of 'n addisionele landdros of assistent-landdros.

1. Van Reenen. Handbook on the Children's Act, p. 110.
2. Kinderwet, op. cit., p. 26.
3. Ibid., p. 10.

'n Kinderhof hou sitting in 'n ander vertrek as dié waarin 'n ander hof gebruiklik byeenkom, tensy geen sodanige ander vertrek beskikbaar en geskik is nie. Die kinderhofverrigtinge word in camera gehou en is heeltemal informeel, want die kind is nie 'n aangeklaagde nie, maar verskyn omdat hy 'n beweerde sorgbehoewende kind is.

Die volgende persone is alleenlik teenwoordig by 'n kinderhof: die kommissaris van kindersorg; die proefbeampte wat die geval ondersoek het; die ouers; voogde of pleegouers; 'n prokureur mag gekry word; die assistent-kinderhofbeampte en alle getuies wat belang het by die kind asook soms 'n assessor.[1]

Hierdie verrigtinge mag nie gepubliseer word sonder die skriftelike toestemming van die kommissaris van kindersorg nie.

### 1.6.4 Die jeughof

J.H. Hanekom omskryf hierdie begrip as volg: „Jeughof beteken 'n hof wat ingestel is om sake i.v.m. jeugdige oortreders te verhoor".[2] In sekere sentrums in die Republiek is daar spesiale jeughowe met 'n spesiale jeughoflanddros. Hierdie verhore (nie 'n ondersoek soos in 'n kinderhof nie) word so informeel moontlik gehou en vind ook in camera plaas.

---

1. „Ten einde hom van advies te bedien by 'n ondersoek ingevolge artikel dertig of by die verhoor van 'n aansoek om 'n order van aanneming ooreenkomstig artikel een-en-sewentig kan 'n kommissaris van kindersorg die hulp inroep, om hom as assesor of assessors by te staan". (Kinderwet, op. cit., p. 10.)
2. Hanekom. Die verwydering onder die Kinderwet no. 31 van 1937, van kinders uit die gesinsverband, p. 10.

Daar is egter 'n aanklaer soos in 'n gewone hof en die gewone prosedure van 'n kriminele hof is hier van toepassing. Wanneer 'n kind in 'n jeughof verskyn weens enige oortreding (moord of verkragting uitgesluit), en die landdros daarvan oortuig is dat die kind 'n sorgbehoewende kind is ooreenkomstig die definisie[1] van 'n sorgbehoewende kind, kan hy die verhoor staak en dit omskep in 'n kinderhof, waar dan met hom ooreenkomstig die bepalings van 'n kinderhof gehandel sal word.

Indien 'n jeughoflanddros 'n kind skuldig bevind aan die oortreding waarvoor hy aangekla is, mag hy, in plaas van hom te straf (d.w.s. 'n boete of lyfstraf)

„(a) beveel dat hy onder toesig van 'n proefbeampte geplaas word; of

„(b) beveel dat hy in bewaring van 'n in die bevel aangewese geskikte persoon geplaas word; of

„(c) met hom handel volgens sowel paragraaf (a) as paragraaf (b); of

„(d) beveel dat hy na 'n verbeteringskool, soos in artikel een van die Kinderwet, 1960, omskryf, verwys word."[2]

Dit gebeur uiters selde dat 'n kind in Suid-Afrika na 'n gevangenisinrigting gestuur word. Dit gebeur slegs wanneer 'n kind 18 jaar oud is en hy alreeds in die verbeteringskool was en hulle nie kans sien om hom verder te rehabiliteer nie.

1.6.5 Veiligheidsplekke en plekke van bewaring

Veiligheidsplekke en plekke van bewaring is opgerig en

---

1. Vgl. hierdie hoofstuk p. 11.
2. Artikel 342 van die Strafproseswet, Wet no. 56 van 1955 (In Kinderwet, op. cit., p. 72.)

goedgekeur ingevolge die Kinderwet nommer 33 van 1960, Artikel 38.

Enersyds maak 'n veiligheidsplek en plek van bewaring voorsiening vir die opname van sorgbehoewende kinders en beweerde sorgbehoewende kinders, dit wil sê persone waarna in Artikel I(xxxv) van die Kinderwet verwys word.

Andersyds word 'n veiligheidsplek en 'n plek van bewaring in stand gehou vir die opname van kinders (wat vir 'n kriminele oortreding aangekla of aan misdryf skuldig bevind is) in afwagting van hulle verhoor of vonnis of van hulle verwydering na 'n verbeteringskool.

Die Wet maak ook voorsiening dat 'n veiligheidsplek of 'n plek van bewaring gebruik kan word as 'n waarnemingsentrum waar 'n kind vir die doeleindes van hierdie Wet onder waarneming gehou kan word. Die doel van hierdie maatreël is om 'n studie van die gedrag van 'n kind te maak, veral die kind wat gedragsprobleme of sosiale afwykings openbaar.

Kinders kan ook op bevel van 'n kinderhof in private sorg of inrigting vir kinders as 'n plek van veiligheid of bewaring geplaas word.

Daar is sewe staatsveiligheidsplekke en plekke van bewaring in die Republiek en dit is die bedoeling dat kinders en jeugdiges slegs vir kort tydperke in hierdie inrigtings aangehou word.[1)]

Hier volg 'n lys van bg. inrigtings:

Jubileum, Boksburg-Noord; Praesidium, Bloemfontein; Excelsior, Durban; Normanhuis, Edenvale, Johannesburg;

1. Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die tydperk 1962-1964, p. 42.

Protea, Port Elizabeth; Tenderten, Kaapstad en Glendillen, Pretoria.

### 1.6.6 Kinderhuise

Die versorging van kinders in kinderhuise is 'n alternatief vir versorging binne gesinsverband hetsy deur die ouers self of deur pleegouers en is een van die terreine van welsynwerk wat hoofsaaklik die verantwoordelikheid van die private inisiatief is. Die Departement van Volkswelsyn en Pensioene hou nie self kinderhuise in stand nie, maar verleen die nodige finansiële steun waardeur die private inisiatief in staat gestel word om diens te lewer.

'n Kinderhuis word omskryf as enige verblyfplek of tehuis, uitgesonderd 'n nywerheid- of verbeteringskool, wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders of leerlinge weg van hulle ouers vir tydperke van korter of langer duur en wat onder artikel 42(3) van die Kinderwet, 1960, geregistreer is.

By die verwysing van 'n kind na 'n kinderhuis word die verantwoordelikheid vir die fisiese, geestelike en maatskaplike versorging van die kind van die ouerhuis op die kinderhuis oorgeplaas. Hierdeur word besondere vereistes aan kinderhuise gestel, nie alleen wat geboue en ander fasiliteite betref nie, maar ook ten opsigte van die personeel wat van dag tot dag met die kinders moet werk sodat die opvoeding van die kind geen skade sal ly nie.

Op 31 Maart 1966 was daar 123 geregistreerde kinderhuise vir blanke kinders.

### 1.6.7 Verbeteringskole

Subartikel (2) van Artikel 39 van die Kinderwet van 1960:

„Die Minister kan, in oorleg met die Minister van Finansies, uit gelde wat deur die Parlement vir die doel bewillig word, verbeteringskole oprig en in stand hou vir die opname, versorging en opleiding van kinders en persone wat, ingevolge hierdie Wet of enige ander wet, daarheen verwys word."

Verwysing na 'n verbeteringskool is nie meer 'n straf nie: dit is 'n vorm van korrektiewe behandeling. Daar is tans twee verbeteringskole vir blankes in die Republiek: Constantiaskool vir seuns en die Instituut vir Meisies, Durbanville.

### 1.6.8 Afwykende gedrag

In sy breedste betekenis is afwykende gedrag „personal and social maladjustment".[1] Vir Clinard is afwykende gedrag: „Only those situations in which behavior is in a disapproved direction, and of sufficient degree to exceed the tolerance limit of the community".[2]

„'n Gedragsafwykende kind is derhalwe 'n kind wat weens konstitusionele aanleg; weens verkeerde opvoeding, opvattings en ideale; en die vorming van verkeerde gewoontes, afwykings in sy gedrag van die deur die gemeenskap geaksepteerde norm, toon. Hierdie afwykings belemmer die vordering in sy studies en sy aanpassing by die gemeenskap, en kan, by afwesigheid van gepaste behandeling, moontlik tot wanaanpassing, insluitende misdaad, in die

1. Katz and Lewis. The psychology of abnormal behavior, p. 18.
2. Clinard. Sociology of deviant behavior, p. 22.

algemene gemeenskap lei".[1]

Van der Walt sê „hierdie omskrywing sluit twee aspekte van dié gedrag in, naamlik dat die gedrag dikwels en opvallend afwyk van die norm wat die gemeenskap vereis en gevolglike botsings veroorsaak tussen die indiwidu en ander persone in sy omgewing; en dat die gedrag persoonlikheidshoudings openbaar wat opvallend afwyk van die soort gedrag wat algemeen as goed vir 'n bepaalde ouderdom aangeneem word, byvoorbeeld die modelkind of die uiterste dagdromer".[2]

„Die begrip afwykende gedrag dui dus in die eerste plek op die soort gedrag wat nie in ooreenstemming is met die verwagtings wat aan bepaalde rolle verbonde is nie. In die woorde van Talcott Parsons is dit 'n verbreking van geïnstitusionaliseerde normatiewe patrone - 'n oortreding dus van die norme wat algemeen aanvaar word in die betrokke interaksie-sisteem".[3]

In die lig van die voorafgaande kan afwykende gedrag by die kind beskryf word as 'n persoonlikheidsisteem en 'n maatskaplike sisteem, wat as 'n kombinasie uit balans en in konflik is met die bestaande gedragsreëls en kultuurpatrone van 'n gemeenskap.

1.6.9 <u>Onbeheerbare gedrag</u>

In hierdie ondersoek is onbeheerbare gedrag beskou as alle gedragsmoeilikhede en anti-sosiale neigings van die kind wat direk aanleiding gegee het tot 'n geregtelike on-

---

1. Verslag van die Interdepartementele Komitee oor afwykende kinders, p. 161, soos aangehaal deur Van der Walt, Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit. p. 16.
2. Van der Walt, J.P. Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit, p. 16-17.
3. Du Toit, Steyn en Rip. Afwykende gedrag, p. 22.

dersoek en die gevolglike verwysing na 'n nywerheidskool.

### 1.6.10 Wangedrag

Daar bestaan meningsverskeidenheid oor die betekenis van wangedrag. „Alhoewel 'n noue verband tussen wangedrag en misdaad bestaan, is daar egter 'n groot verskil tussen die twee begrippe. Wangedrag is 'n ruimer begrip as misdaad. Wangedrag omvat alle misdaad, maar alle wangedrag is nie misdaad nie. Wangedrag omvat alle onsedelike of anti-sosiale handelinge, maar alle anti-sosiale handelinge word nie deur die staat strafbaar gestel nie."[1]

Wangedrag is in hierdie ondersoek beskou as gedrag waaraan die kind in 'n jeughof skuldig bevind is en na 'n nywerheidskool verwys is.

### 1.6.11 Jeugoortreder[2]

'n Jeugoortreder is in hierdie ondersoek beskou as daardie kind wat in 'n jeughof weens een of ander oortreding skuldig bevind is, sorgbehoewend verklaar en na 'n nywerheidskool verwys is.

---

1. Smith. Die gesinslewe van die jeugdige oortreder met besondere verwysing na gesinsonvolledigheid, p. 15.

2. Die begrip jeugoortreder is verkieslik, omdat 'n nywerheidskool nooit met jeugmisdaad geassosieer kan word nie, en ook omdat misdaad wat deur 'n jeugdige gepleeg word te algemeen met misdaad, soos deur die volwassene gepleeg, geassosieer word. In hierdie ondersoek, waar 'n poging aangewend is om die probleme van 100 sorgbehoewende kinders te ondersoek as simptome van wanaanpassing eerder as oortredings teen die gemeenskap, is egter gebruik gemaak van die wetlike terme soos diefstal, seksuele aanranding en andere, soos gebruik word in studies van misdadige kinders.

   Die rede vir die gebruik van die woord jeugoortreder is gebaseer op die feit dat jeugmisdaad meer definitief en geyk is as daardie werklike redes waarom 'n kind in 'n verbeteringskool is. Kinders word selde as gevolg van een geïsoleerde oortre-

## 1.6.12 Opvoeding

Opvoeding kan omskryf word „as die ontwikkelingsproses waardeur die aangebore aanlegsmoontlikhede van die mens ontwikkel en gevorm word deur middel van die invloed van die totale lewensmilieu waarin die potensiële mens hom bevind, maar veral deur middel van die waardevolle gees- tes- of kultuurbesit van die volksgemeenskap waartoe hy behoort, tot 'n mensgestalte wat hom onderskei deur sy innerlike georganiseerdheid en stabiliteit, d.w.s. ka- rakterintegriteit en geïntegreerde wêreld- en lewensbe- skouing; deur sy ontvanklikheid vir die invloed van objektief waardevolle geestesgoedere (die heilige, die goeie, die ware, die skone, die edele) en sy bekwaam- heid en strewe om hulle te waardeer, te handhaaf en self waardevolle kultuurprodukte voort te bring; maar veral deur sy vermoë en strewe positief skeppend aan sy eie ontwikkeling sowel as dié van sy lewensmilieu deel te neem, d.w.s. om hom positief skeppend in te pas in die

---

ding verwys omdat sorgbehoewendheid die uitvloeisel is van 'n komplekse verskeidenheid van aktiwiteite, eienskappe, ge- woontes en toestande wat maatskaplik of persoonlik onge- wens is.

In hierdie verband ook 'n opmerking waarop gelet moet word nl., by die tabulering van probleme in enige studie van kinders met afwykende gedrag moet nie net die hoofoorsaak van verwysing aangetoon word nie, maar ook àlle ander pro- bleme wat in die jeugdige se geskiedenis opgemerk is, om sodoende 'n getroue totaalbeeld van die verwysde persoon te gee.

Dit is egter baie moeilik om te bepaal hoe 'n tabel of in- ventaris van 'n kind se probleme opgestel moet word sodat dit kan voldoen met die moderne teorie van 'n jeughof om nl. eerder die konnotasie en inhoud te besit van 'n „kin- derleidingskliniek" as 'n volwasse kriminele hof.

lewensmilieu van sy volk en kultuur en eventueel van dié van die mensdom as sodanig."[1]

### 1.6.13 Heropvoeding

Fairchild omskryf heropvoeding as „the process or technique of re-educating and redirecting the attitudes and motivations of the delinquent or criminal so as to bring his behavior into full harmony with the law and his own willing acceptance of social regulations and legal restrictions".[2]

„Wanneer ons praat van heropvoeding, dan beteken dit dat ons ontevrede is en fout vind met die wyse waarop die geestestruktuur in die besondere kind opgebou is en ontwikkel het, en dat ons die ongewenste dele daarvan moet aftakel en heropbou. Eers daarna kan verdere opleiding en opvoeding ten volle tot sy reg kom. Hierdie proses van aftakeling en heropbou, is 'n ingewikkelde proses wat baie geduld en vernuf vereis."[3]

Van der Walt beskryf heropvoeding as „die heraanpassing van kinders (of volwassenes) wat hulle nie na die gewone eise van die opvoeding kan skik nie deur verkeerde opvoeding, en wat deur verwaarlosing (gemis aan opvoeding) gedrags- en karaktersteurnisse vertoon. Heropvoeding kan egter ook 'n volledige menswees beoog by die opvoedeling, wie se persoonlikheid in struktuur en ontwikkeling onvoldoende gevorm of ontplooi is. In die algemeen hou heropvoeding rekening met en is dit meer ge-

---

1. Keyter. Opvoeding en Onderwys, p. 79.
2. Fairchild, op. cit., p. 254.
3. Jaarverslag van die Instituut vir Meisies, Durbanville, 1963, p. 2.

rig op die bevryding en die vervolmaking van die in-nood-verkerende jonge persoonlikheid".[1]

Heropvoeding behels dus die verwydering van alle elemente van gedrag wat nie aan die normale standaarde voldoen nie, deur die aanleer van rolle en rolverwagtings asook die vaslegging van motiverings om in ooreenstemming daarmee op te tree.

---

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 14.

HOOFSTUK 2

# 'N KORT GESKIEDENIS VAN NYWERHEIDSKOLE IN SUID-AFRIKA MET VERWYSING NA ENKELE HOOFLYNE VAN WETGEWING EN GRONDBEGINSELS IN HIERDIE VERBAND.

## 2.1 Hooflyne van wetgewing i.v.m. die stigting van nywerheidskole vir sorgbehoewende kinders

Hier kan slegs enkele hooflyne genoem word van wetgewing m.b.t. die behandeling van sorgbehoewende kinders in nywerheidskole.

Voordat die Unie van Suid-Afrika tot stand gekom het is die volgende wette aanvaar, nl. in die Kaapprovinsie (1895) en Natal (1896) die „Deserted Wives and Children Protection Act" en in die Oranje Vrystaat (1903) die „Deserted Wives and Children Protection Ordinance".

In Wet no. 39 van 1909 is voorsiening gemaak vir die stigting van 'n eerste nywerheidskool vir sorgbehoewende seuns en dogters te Standerton met die oog op rehabilitasie en gesonde opvoedkundige grondslag, weg van swak invloede met doeltreffende huisvesting wat aan hulle sekuriteit bied.[1)]

In 1911 bepaal die Wet op Gevangenissen en Verbetergestichten (Wet no. 13 van 1911) dat o.m. nywerheidskole onder die minister van Justisie ressorteer „om te verhoed dat hawelose, rondswerwende en verwaarloosde kinders in misdaad verval".[2)]

---

1. Kieser. Die opvoedkundige aspekte van die kinderwette in die Unie van Suid-Afrika, p. 92.
2. Van der Walt, P.J. Die behandeling van die jeugoortreder in Suid-Afrika. (In Nonqai, volume XLIX, no. 7, Julie 1958, p. 27).

Die Wet ter Beschermig van Kinderen (Wet no. 25 van 1913) beskryf in hoofstuk drie die oprigting en doel van die nywerheidskool en gesertifiseerde inrigtings en die verpligtinge teenoor die nywerheidskool deur die ouer of voog. Artikel 34 van die wet bepaal breedvoerig onder watter omstandighede 'n kind na 'n nywerheidskool gestuur mag word.

Geo M. Hofmeyr[1] het 'n belangrike rol gespeel met wetgewing ter versorging en beskerming van sorgbehoewende kinders, asook die oordrag van nywerheidskole na die Unie-Onderwysdepartement.

Verdere wetgewing na 1917 handel o.m. oor:

(i) Die Kinderen Beschermings Wijsigingswet, Wet. no. 26 van 1921.

(ii) Die Wet op die beheer van Staatsnywerheidskole, Wet no. 3 van 1931.

(iii) Die Wysigingswet tot Beskerming van Kinders, Wet no. 9 van 1931.

Hierna volg die Kinderwet van 1937 wat die Wet ter Bescherming van Kinderen van 1913 verskeie kere geamendeer het omdat „it was felt increasingly more strongly that the act should undergo a thorough revision to bring into line with modern ideas on the treatment of children and their problems".[2] Aangesien die konsepwette weens gebrek aan tyd moes oorstaan, resulteer dit later in 'n wet wat bekend staan as die Kinderwet.[3] Hieroor skryf van Reenen[4]: „The new Bill included portions from the other Bills particulary

1. Report of the Under Secretary for Education, 1918, p. 2.
2. Van Reenen. Handbook on the Children's Act, p. 3.
3. Van der Walt, P.J. Op. cit., p. 28.
4. Van Reenen, op cit., p. 3.

those provisions dealing with the establishment of reformatories and certified hostels and the committal of young affenders to these institutions". Hierdie Kinderwet, Wet no. 31 van 1937, het alle vorige wetgewing i.v.m. kinderbeskerming herroep en dit finaal vervang.

Die Kinderwet van 1960 (Wet no.33) is in wese die Kinderwet van 1937 en vervang verskillende wette, naamlik:

(i) Die Kinderwet, Wet. 31 van 1937.
(ii) Die Wysigingswet op Kinders, Wet no. 18 van 1939.
(iii) Die Wet tot Bekragtiging van Aannemings, Wet no. 30 van 1943.
(iv) Die Wysigingswet op Kinders, Wet no. 25 van 1944.
(v) Die Wysigingswet op Kinders, Wet no. 11 van 1947.
(vi) Artikel 28 van die Finansiewet, Wet no. 36 van 1950.
(vii) Die Wysigingswet op Kinders, Wet no. 13 van 1951.
(viii) Artikel 20 van die Algemene Regswysigingswet, Wet no. 32 van 1952.
(ix) Artikel 19 van die Finansiewet, Wet no. 67 van 1955.

Die Kinderwet van 1960 is in agt hoofstukke verdeel: Woordbepaling (Artikel 1) as inleiding.

(i) Kommissaris van kindersorg en kinderhowe (Artikel 2-9).
(ii) Beskerming van jong kinders (Artikel 10-17).
(iii) Beskerming teen verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van kinders (Artikel 18-25).
(iv) Wyse waarop met sorgbehoewende en sekere ander kinders gehandel kan word (Artikel 26-37).
(v) Veiligheidsplekke, plekke van bewaring, nywerheidskole, verbeteringskole, kinderhuise, versorgings-

oorde, waarnemingsentrums en uitbesteding van kinders (Artikel 38-61).

(vi) Kontribusie-orders (Artikel 62-69).

(vii) Aanneming van kinders (Artikel 70-82).

(viii) Algemene en aanvullende bepalings (Artikel 83-106).

Van die uiterste belang is die Wysigingswet op Kinders van 1965.

Sedert Republiekwording is die Wysigingswet op Kinders, Wet no. 50 van 1965, die eerste wet tot wysiging van die Kinderwet van 1960. Hierdie wet is op 5 Mei 1965 deur die Staatspresident goedgekeur en onderteken waarna dit op 12 Mei 1965 in die Staatskoerant 1108, Volume 16, gepubliseer is. Hierdie wet het ten doel gestel om sekere leemtes en swakhede wat in die Kinderwet van 1960 aan die lig gekom het reg te stel. Verskeie van die wysigings, is vir die nywerheidskole van belang.

## 2.2 Die sosiologiese doelstellings en beginsels van die Kinderwet met betrekking tot die sorgbehoewende kind

Die Kinderwet[1] van 1960 maak voorsiening vir die volgende:

(i) Beskerming en welsyn van sekere kinders; vir toesig oor hulle, en vir die oprigting of erkenning van sekere instellings vir die opname van kinders en jeugdige persone en vir die behandeling van kinders en jeugdige persone na hulle opname in bedoelde instellings - dit hou dus o.a. tydelike alternatiewe versorging van kinders weg van die ouerhuis in.

(ii) Betaling van onderhoudsbydraes van sekere kinders en jeugdige persone deur sekere persone - dit stel dus

1. Kinderwet, op. cit., p. 2.

die ouers in staat om met materiële statutêre bystand kinders in die ouerhuis te versorg.

(iii) Aanneming van kinders - d.w.s. die permanente alternatiewe versorging van die kind.

(iv) Aanstelling van kommissarise van kindersorg en vir die instelling van kinderhowe - d.w.s. maatreëls om die beskerming van kinders juridies te reël.

(v) Wysiging van die Wet op Welsynsorganisasies, 1947, die Wet op Werkkolonies, 1949, die Strafproseswet, 1955, die Algemene Regswysigingswet, 1957, en die Wet op Gevangenisse, 1959; en vir ander bykomstige aangeleenthede - d.w.s. die wysiging om verwante wetgewing in lyn te bring met beginsels in die Kinderwet vervat.

Die Kinderwet impliseer die daarstelling van gelegimiteerde norme wat die mees effektiewe metodes vir die behandeling en beskerming van die sorgbehoewende kind voorskryf. As sodanig vorm hierdie norme die essensiële kern en steunpunt van die ordelike verloop van die juridiese benaderings-, behandelings- en beskermingsproses wat sodoende 'n geordende sisteem daarstel. Hierdie norme moet ook deur die kind as geskrewe gedragsvereistes beskou en eerbiedig word. Verder verwys die Kinderwet ook na sanksies wat van toepassing is op diegene wat nie aan die norme van die wet konformeer nie. Die maatreëls teen die mishandeling, verwaarlosing of verlating van kinders en die versuim om hulle van die nodige lewensmiddele te voorsien, beklemtoon „instrumenteel en ekspressief", die verantwoordelikheid van die ouers. Dit is die ouer se plig om die kind van die materiële sowel as die nie-materiële te voorsien om so te verseker dat die kind se liggaam en gees nie nadelig aangetas word nie.

1. Parsons. Family, socialization and interaction process, p.11.

Verder is die doel en motief die beskerming van die kind, wat verwaarloos is, teen die swak en haglike huislike omstandighede asook negatiewe omgewingsinvloede.

Die wet maak ook voorsiening vir die latere inpassing van die sorgbehoewende kind in die gemeenskap (Artikel 36). Die wet probeer ook nie om die ouers te onthef van hul verantwoordelikheid teenoor die kind nie, want dit sal 'n stimulis vir gesinsdisorganisasie wees.

Laastens wys ons op die gesinsgesentreedheid van die kinderwet. „'n Kinderhof wat na ondersoek volgens voorskrif van artikel dertig homself daarvan vergewis het dat 'n kind 'n sorgbehoewende kind is, kan -

„(i) beveel dat die kind herstel moet word of moet bly in die bewaring van sy ouer of voog of van die persoon in wie se bewaring hy was onmiddellik voor die aanvang van die verrigtings; of

„(ii) beveel dat die kind in bewaring van 'n geskikte pleegouer geplaas word; of

„(iii) beveel dat die kind onder die beheer van 'n goedgekeurde vereniging geplaas word; of

„(iv) beveel dat die kind na 'n kinderhuis verwys word; of

„(v) beveel dat die kind na 'n nywerheidskool verwys word."[1]

Hierdie maatreëls is in die Wet gerangskik in die volgorde waarin hulle, met inagneming van die beleid dat kinders solank moontlik binne gesinsverband versorg moet word, toegepas behoort te word. Die eerste drie maatreëls aksentueer die versorging van die kind binne gesinsverband, hetsy deur sy ouer, voog of 'n ander geskikte persoon, terwyl die laaste twee maatreëls alternatiewe metodes van versorging daar-

---

1. Kinderwet, op. cit., p. 32.

stel, naamlik, in 'n kinderhuis of nywerheidskool. Artikel 36 maak direk en indirek daarvoor voorsiening dat die kind in 'n inrigting, weer teruggeplaas kan word in die huisgesin sodra toestande verbeter het.

Samevattend kan dus gesê word dat die Kinderwet voorsiening maak vir die voorkoming van verwaarlosing, mishandeling en uitbuiting van kinders, asook vir die versorging en opvoeding van die sorgbehoewende kind en dat die primêre motief „kousaal-preventief"[1] van aard is en nie wraak en vergelding nie.

## 2.3 Die interpretasie van die definisie van 'n sorgbehoewende kind

Waar die ontwikkelingsgeskiedenis van die Kinderwet met betrekking tot, onder andere die kronkelgang van die sorgbehoewende kind en die nywerheidskool blootgelê is, is dit noodsaaklik om die begrip sorgbehoewendheid te bespreek om sodoende aan te toon dat dit 'n maatskaplike probleem is wat deeglike navorsing en insig vereis. Verder is dit belangrik aangesien dit die redes waarvolgens 'n kind sorgbehoewend verklaar word, verduidelik.

Dit is 'n baie algemene fout om te veronderstel dat alle sorgbehoewende kinders „moeilike" of „probleem" kinders is. Volgens Olivier[2] het ons hier te make met 'n kind, 'n persoon onder die ouderdom van 18 jaar, wat -

---

1. Van der Walt, J.A. 'n Historiese sosiologiese ondersoek van die ontwikkeling van die beleidsrigtings t.o.v. kinderbeskerming en kinderontwikkeling in die Unie van S.A. vanaf 1910-1950, p. 127.

2. Olivier. Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg.

(i) in 'n staat van verwaarlosing verkeer waarvoor die ouer of voog verantwoordelik is; en

(ii) die kind wat in 'n staat van sorgbehoewendheid verkeer op grond van sy eie gedrag; en

(iii) die kind wat in staat van sorgbehoewendheid verkeer omdat hy hom in die geselskap of sorg van ongewenste persone bevind.

In die praktyk is dit egter nie so eenvoudig om bogenoemde kategorieë van mekaar te onderskei nie.

Analities beskou word daar nêrens in die kinderwet na „misdaad" direk verwys nie - indirek egter na onbeheerbaarheid. Daar moet egter op gelet word dat „..... there are many forms and instances of delinquency which could not be called uncontrollability".[1] Daar is baie vorme van onbeheerbaarheid wat nie noodwendig as misdaad gediagnoseer kan word nie en sodoende moet daar deeglik onderskei word tussen kriminele neigings en kwajongstreke.

Kinders wat goed versorg word is nie sorgbehoewend nie, selfs al sien die wettige voog wat vir hulle verantwoordelik is op daardie spesifieke tydstip nie na hulle om nie.

Waar albei ouers nog lewe, kan definisies (b) (d) en (i) alleen realiseer wanneer albei ouers onbevoeg verklaar word. Geen kind mag verwyder word, indien een van sy ouers nog na hom omsien nie. Dit geld selfs wanneer of die vader of die moeder gevangenisstraf moet uitdien vir kindermishandeling.[2]

Verder sê Van Reenen[3] „The fact that the mother uses

1. Van Reenen, op. cit., p. 96.
2. Ibid.
3. Ibid.

abusive or even obscene language in the presence of the children does not render the children in need of care, if they are otherwise well-looked after. Nor does the fact that the parents are involved in a matrinomial dispute". In dié verband antwoord artikel 18 (1)[1] in geen onduidelike taal nie: „n Ouer of voog van n kind, of iemand in wie se bewaring n kind is, wat die kind mishandel of op n ander wyse as deur versuim bedoel in sub-artikel (2) verwaarloos of die kind verlaat, of wat toelaat dat die kind mishandel word, is aan n misdryf skuldig wanneer die mishandeling, verwaarlosing of verlating waarskynlik ten gevolg sal hê dat die kind onnodig ly, of dat enige deel of funksie van sy gees of liggaam beskadig of nadelig aangetas word". Artikel 25 (2)[2] sê in die verband dat „as n kind n misdryf gepleeg het wat hy waarskynlik nie sou gepleeg het nie as die ouer of voog van die kind of die persoon wat die bewaring van die kind het, behoorlike toesig oor die kind uitgeoefen het, word die ouer of voog of bedoelde persoon, by die toepassing van sub-artikel (1), geag by te gedra het tot die pleging van die misdryf".

Vir ondersoeker is „abusive or even obscene language" beslis nie n kwalifikasie vir behoorlike toesig nie en ook nie n versekering dat die kind se „gees"[3] nie beskadig en nadelig aangetas sal word nie.

Die primêre oorsake wat tot sorgbehoewendheid lei kan uit die definisie in die volgende groepe geklassifiseer word:

---

1. Kinderwet, op. cit., p. 22.
2. Ibid., p. 28.
3. Ibid., artikel 18 (1), p. 22.

(i)(a) „vrywillige" onbevoegdheid van ouer(s), voog(de) of pleegouer(s) (hierdie toestand word bereik uit eie doen en late van die ouers);

(b) „nie-vrywillige"onbevoegdheid van die ouer(s), voog(de) of pleegouer(s) (hierdie toestand word bereik omdat ouers geen beheer daaroor het nie, soos verstandelike, morele en fisiese gebreke);

(ii) onbeheerbaarheid van die kind;

(iii) ongewenste huislike en omgewingsomstandighede.

Olivier[1] sê egter: „Om welke rede ookal die kind sorgbehoewend is, dui die staat van sorgbehoewendheid op 'n toestand wat strydig is met die algemene welsynsbelange van die gemeenskap, deurdat die kind weens omstandighede waarvoor ouer(s) direk verantwoordelik is, die geleentheid ontneem word tot volle ontwikkeling en dus nie op gelyke voet met sy tydgenote kompeteer nie".[2]

Ook het die kind nie die geleentheid om na vermoëns sy regmatige plek in die sosio-ekonomiese, godsdienstige- en ander strukture van die gemeenskap in te neem nie, tensy daar ingrypings van buite is soos in die volgende gestel word:

## 2.3.1 Implimentering van die Kinderwet en sekere grondbeginsels by die behandeling van die kind

### 2.3.1.1 Wie werk met die kind?

Benewens alle instansies wat wel met die kind te doen het, is daar ook die skoolsielkundige, die maatskaplike werkers verbonde aan partikuliere (vrywillige) welsynsorganisasies aan die eenkant, en die maatskaplike werkers

1. Kinderwet, artikel 18 (1), p. 22.
2. Olivier, op. cit., p. 21.

(in terme van die Kinderwet word hulle proefbeamptes genoem) in diens van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene aan die anderkant. Waar gedragsafwykings aanleiding gee tot stappe en optrede, het die skoolpsigoloog ook soms te doen met die kind.

Statutêre stappe word primêr geag die funksie van die proefbeampte te wees, maar a.g.v. sekere praktiese oorwegings gaan die maatskaplike werker met die hele behandelingsproses[1] voort tot verwydering van die kind vanaf die ouerhuis en selfs daarna (rekonstruksiedienste), maar die proefbeampte neem mede-verantwoordelikheid in sover dit die statutêre beginsel betref.

2.3.1.2 <u>Algemene beginsels by die behandeling van die sorgbehoewende kind</u>

Eerstens word klem gelê op gesinseenheid; d.w.s. die behoud van die gesin as primêre groep, want die verantwoordelikheid van die kind se versorging rus in die eer-

---

1. Hierdie proses en <u>nie die prosedure</u> nie, kan kortliks as volg beskryf word: Nadat aanmelding van die geval geskied het, word alle moontlike inligting ingesamel en 'n verslag opgestel. Na deeglike oorweging word dan besluit op die behandelingsprogram. Alles word in die stryd gewerp om die probleem binne die gesin op te los. Van tyd tot tyd word evaluasie gedoen van die geval en 'n vorderingsverslag verstrek. Indien alle ander behandeling misluk, word die saak d.m.v. statutêre stappe na 'n kinderhof gekanaliseer. Indien 'n kind aan statutêre wangedrag skuldig blyk te wees verskyn hy voor 'n jeughof. As egter in die jeughof bepaal word dat die kind eintlik sorgbehoewend is, kan die saak omskep word in 'n kinderhofondersoek volgens Artikel 159 van die Strafproseswet, en word daar dan volgens Artikel 30 van die Kinderwet opgetree wat handel oor jeugdiges onder die ouderdom van 18 jaar.

ste plek op die skouers van die ouers. Van alternatiewe metodes van versorging, byvoorbeeld deur pleegouers of 'n inrigting, sal alleen gebruik gemaak word as die ouers om die een of ander rede nie self die versorging van die kind kan onderneem nie.

Tweedens moet die behandeling en versorging van die kind binne die natuurlike omgewing plaasvind. Alternatiewe metodes van versorging is van tydelike aard, en waar omstandighede dit toelaat, word die kind so spoedig moontlik weer binne hulle natuurlike gesinsverband herstel. Vandag word behandeling sover as moontlik toegepas sonder om die wet af te dwing, selfs waar statutêre optrede „onafwendbaar" is. Wanneer statutêre stappe geneem word, word gesinseenheid en plasing van kinders so na aan die ouerhuis, weereens inaggeneem.

Wanneer die gesinseenheid nie prakties bestaan en behandeling in die natuurlike omgewing nie moontlik is nie, dan eers word aan verwydering gedink.

Met inagneming van voorgaande beginsels word daar baie aandag aan elke geval gegee, sodat 'n deeglike studie van die omstandighede gemaak kan word voordat 'n kind na 'n inrigting en spesifiek 'n nywerheidskool verwys word.

### 2.3.2 Versorging van die inrigtingskind

Van elke beskaafde bevolking word verwag dat hulle, minstens uit menslikheidsoorwegings, sal omsien na die belange van die sorgbehoewende kind hetsy geldelik of vanuit liggaamlike en geestelike versorgingsoogpunt. Die verantwoordelikheid van die owerhede en die georganiseerde gemeenskap strek egter baie verder omdat die kind eendag as volwassene sy plek as landsburger en ouer moet inneem en hy

dan ook 'n aandeel sal hê in die opbou en lotsbestemming van sy land en volk. 'n Gesonde en doelgerigte inrigtingsversorging is dus belangrik.

As 'n kommissaris van kindersorg 'n kind sorgbehoewend bevind en daar besluit word om die kind na 'n inrigting vir versorging te verwys, gaan hy of na 'n kinderhuis of na 'n nywerheidskool.

### 2.3.2.1 Die nywerheidskool[1)]

Na promulgering van artikel 16 van Wet no. 39 van 1909 (Transvaal) soos gepubliseer in die Transvaalse Staatskoerant (kennisgewing no. 1095) is die eerste staatsnywerheidskool op 10 Oktober 1909 te Standerton gestig. Na unifikasie is die oprig van nywerheidskole moontlik gemaak deur Wet no. 13 van 1911. Wet no. 25 van 1913 bepaal in artikel 34 dat nywerheidskole daargestel is vir die oprigting van staatsnywerheidskole wat ook in die behoeftes van die onderwys en opvoeding van die sorgbehoewende kind moet voorsien. Hierdie afdeling word lateraan behandel.

## 2.4 'n Beknopte historiese oorsig van die groei van die nywerheidskole in Suid-Afrika

### 2.4.1 Die tydperk 1909 tot 1913

Om 'n volledige historiese oorsig te gee van die stigting van nywerheidskole in Suid-Afrika sedert 1909, is 'n omvattende taak. In hierdie studie kan egter net op enkele

---

1. 'n Benaming wat deur die Kinderwet gebruik word alhoewel dit 'n misleidende effek kan hê. Sommige skrywers verkies dat „nywerheidskool" deur „kliniekskool" (Jonker, J.F.J. Die nywerheidskool se terapeutiese funksie t.o.v. die sorgbehoewende kind, p. 36) of „Kinderwetskool" (Kriel, B.A. Die Kinderwetskool - In die tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys, September 1968, p. 45) vervang word.

hoofsake gewys word, en daarom is besluit om 'n indeling te volg wat voorsiening maak vir nywerheidskole wat in tydperke van vyf jaar gestig is.

In 1909 is in Transvaal, toe 'n selfregerende Britse Kolonie, die eerste nywerheidskool vir sorgbehoewende blanke kinders in Suid-Afrika te Standerton gestig. Hierdie eerste nywerheidskool was vir dogters bedoel, dog met die opening was daar ses seuns en een dogter. Die getalle het gou aangegroei. Op 1 Januarie 1911 was die leerlingtal by die Standertonse Nywerheidskool 131, waarvan 82 seuns en 49 dogters was.[1]

'n Konferensie is op 9,10 en 11 November 1911, deur die Minister van Onderwys belê, wat in verband gestaan het met tegniese en industriële onderwys, 'n gemeenskaplike beleid en metodes vir die realisering van so 'n beleid.[2]

Die Minister het dit beklemtoon dat bg. onderwysrigtings moet versprei word in verskillende staatsdepartemente. Die Departement van Justisie het byvoorbeeld verskeie nywerheidskole opgerig en is nog steeds besig met die oprigting daarvan onder die Wet van Gevangenisse van 1911.

Die konferensie het tot 'n paar gevolgtrekkings gekom, nl. dat beroepsonderwys direk onder die jurisdiksie van die Unie-Onderwysdepartement moet wees.[3] Hierdie konferensie het ook besluit dat die Minister 'n adviesraad moet aanstel vir Tegniese Onderwys.

Lede van hierdie adviesraad het 'n Imperiale Onderwyskonferensie in London bygewoon en waardevolle kennis is opgedoen.

---

1. Department of Justice Annual Report, 1911, p. 32.
2. Report of the Under Secretary for Education, 1912, p. 3.
3. Ibid.

Die Adviesraad vir Tegniese Onderwys was dit eens dat meer nywerheidskole opgerig moet word. Probleme i.v.m. koëdukasie was legio en 'n behoefte om differensiasie het ontstaan. „At the end of the year the school was divided into two sections, the girl's' half remaining at Standerton, and the boy's' portion being transfered to the buildings previously used as a Reformatory at Emmasdal, Heidelberg District." Hierdie inrigting het op 1 Maart 1909, onder Koloniale Bestuur van Transvaal onder die bepalings van Ordonansie no. 6 van 1906, as 'n verbeteringsgestig tot stand gekom. Die leerlinge van Emmasdal is na Houtpoort, 2 myl daarvandaan oorgeplaas, wat van toe af bekend gestaan het as die Houtpoortverbeteringskool. Vanaf Standerton het saam met die 104 seuns twee onderwysers oorgekom, naamlik mnre. A. Webb en J.L. Pretorius. Laasgenoemde was later hoof te Emmasdal en daarna ook hoof van die Houtpoortverbeteringskool.

Die Inrigting te Emmasdal het vanaf 24 Januarie 1912 bekend gestaan as die Staatsnywerheidskool vir verwaarloosde kinders.

Die nywerheidskool te George, Hoërskool Die Bult, is geopen op 1 Desember 1912. Dit was die eerste van sy soort in die Kaapprovinsie en intrek is geneem in die dorp se ou munisipale hospitaal wat in 1882 opgerig is. Die eerste leerling van die skool is eers op 13 Desember 1912 ontvang.[1]

In hierdie jaar het die Kaapse Provinsiale Raad 'n Ordonnansie gepasseer, wat aan die Provinsiale Administrasie meer mag gee vir die oprigting van nywerheidskole.

---

1. Justice Department Report, 1911, p. 32.

Artikel 33 van die Kinderbeskermingswet No. 25, van 1913, het voorsiening gemaak vir die oprigting van Staatsnywerheidskole en het die „Prisons and Reformatories Act" No. 13, van 1911, vervang. „Die nywerheidskole sou voortaan bedoel wees vir die behoeftige, hawelose en verwaarloosde kinders en sulke kinders wat die hof dit nodig sou vind om daarheen, ooreenkomstig Artikel 34 te verwys, ten einde te verhoed dat hulle in misdaad verval en hulle op te lei en op te voed."[1])

### 2.4.2 Die Tydperk 1914 tot 1918

Geen nuwe nywerheidskole is geopen gedurende 1914 nie. Die nuwe skool vir meisies te Paarl is voltooi, maar as gevolg van geldelike nood (Eerste Wêreldoorlog) kon dit nog nie geopen word nie. Die enigste drie staatsnywerheidskole was dus Emmasdal naby Heidelberg, Transvaal; George in die Kaapprovinsie en die Standertonse skool vir meisies.[2])

Op 15 Oktober 1915 is die nywerheidskool vir meisies nl. die Hoërskool H.S. van der Walt te Paarl met 'n leerlingtal van 12 op Van der Poel's Plein geopen. Daar was nou altesaam vier nywerheidskole in die land.

Gedurende 1916 het die laaste verslag oor staatsnywerheidskole in die „Justice Department Report" verskyn. As gevolg van die Gevangeniswet no. 20, van 1917, is die nywerheidskole oorgeplaas onder die jurisdiksie van die Unie-Onderwysdepartement, wat 'n belangrike voorwaartse stap was. Met die oordrag van die nywerheidskole vanaf die Departement van Justisie na die Unie-Onderwysdeparte-

1. Du Plessis. Die nywerheidskool as onderwys- en opvoedingsinrigting in Suid-Afrika, p. 64.
2. Annual Report of the Department of Justice, 1914, p. 254.

ment was die leerlingtal 520 met 60 onderwysers. Die betrokke Minister het hierdie 4 staatsnywerheidskole persoonlik besoek. Aangesien 'n inspekteur van onderwys nog nie benoem was nie, het dr. G.G. Cillié, professor in opvoedkunde aan die Universiteit van Stellenbosch, hom van die nodige inligting voorsien.[1]

Die Minister het verder 'n verslag gegee van talle probleme verbonde aan hierdie skole en dat die Departement van Gevangenisse onbaatsugtige ywer aan die dag gelê het om hierdie probleme te probeer oplos - die doel was hier straf i.p.v. hervorming soos by opvoeding en onderwys.[2]

Met die besielende ywer van 'n Geo Hofmeyr, Ondersekretaris van Unie-Onderwys, en onder sy leiding en inspirasie kon hierdie skole hulle aansien en voete vind. Dit was egter geen maklike taak nie. Uit die gevangeniswese gebore, pas 8 jaar gelede, is 'n stigma op hierdie skole geplaas wat net met die verloop van jare verwyder sou kon word - of hoe?

Uit die verslag van die Ondersekretaris van Unie-Onderwys[3] blyk dit baie duidelik dat die nywerheidskole hartlik verwelkom is. Dit was die erns van hierdie Departement om van die nywerheidskole opvoedkundige inrigtings te maak.

Die volgende riglyne was duidelik sigbaar in die Verslag:[4]

(i) Die inrigtings moet onder die direkte supervisie van die Hoofinspekteur wees.

---

1. Report of the Under Secretary for Education, 1917, p. 74.
2. Du Plessis, op. cit., p. 67.
3. Report of the Under Secretary for Education, 1918, p. 35.
4. Ibid.

(ii) Die aard en gees van die skool sal afhang van die vermoë van die prinsipaal.

(iii) Die kinders moet so gou as wat hulle reg en ryp is uitgeplaas word.

(iv) Leerlinge word na nywerheidskole gestuur a.g.v. onbeheerbaarheid, misdaad en armoede.

(v) Die skole moet geklassifiseer word sodat die kind gegradeer kan word, na aanleiding van ouderdom, ras, godsdiens, vorige omstandighede, dissipline, misdaad en latere opleiding.

(vi) „The industrial training given at the schools is not of such a nature as to prepare the children to take up a trade when they leave school after four years' instruction in it,"[1] maar die ontwikkeling van handvaardigheid moet beklemtoon word.

(vii) Geen poging sal aangewend word om hoër tegniese of wetenskaplike opleiding te gee nie.

(viii) Te veel nywerheidskole is in groot stede geleë waar daar geen ruimte is vir speelgrond en tuine nie.

(ix) Daar word nie voldoende geleentheid gegee vir landbou- en seevaartkundige-opleiding nie.

(x) In skole waar die dissipline onbuigbaar is, is die kinders geneig om teneergedruk, terughoudend en suspisieus te wees, en verloor sodoende selfvertroue en individualiteit. Waar die leierstelsel ingevoer is, het die leerlinge geleer om hulle self te regeer, 'n gelukkiger gees te kweek en wanneer hulle die skool verlaat, kon hulle baie makliker aanpas by die gemeenskap.

(xi) In gevalle van baie jong leerlinge is hulle na die gewone laerskole gestuur.

1. Report of the Under Secretary for Education, 1918, p. 35

(xii) Aandag is gegee aan die opvoeding van dogters, want inrigtingslewe is minder wenslik vir hulle. Vir ŉ dogter is die huis baie belangrik want geluk is baie noodsaaklik by dogterskap.

(xiii) Die dogter se opleiding moet nie net bestaan uit huishoudkunde nie, ander vakke is ook bygebring, en selfs kennis van tuinmaak het geweldig opvoedkundige waarde.

(xiv) Waar moontlik, moet leerlinge kort vakansies toegelaat word om huis toe te gaan. Dit dien as aansporing vir ouers om hulle huise te verbeter, en vir die kinders ŉ vooruitsig om ŉ vakansie te verdien met goeie gedrag.

Bogenoemde beginsels van die Unie-Onderwysdepartement het duidelik getoon dat die nywerheidskool op die opvoedkundige pad geplaas is. Afgesien van die veelvuldige probleme van hierdie skole, het ŉ bloeitydperk vir hierdie inrigtings begin met prysenswaardige riglyne vir die struktuur van so ŉ skool.

Op 1 Augustus 1918 is die eerste nywerheidskool, Jimmie-Roos-skool vir seuns in die Vrystaat op die plaas Roodepoort 6 myl vanaf Dewetsdorp geopen. Dit was ŉ landbounywerheidskool en is gevestig in ou geboue wat deur die Imperiale Regering gebruik is.

Die tydperk 1919 tot 1923

Daar was nou reeds vyf nywerheidskole met ŉ leerlingtotaal van 696. Uit die 1919 Unie-Onderwysverslag is die volgende data verkry:

(i) Wat kenmerkend is van hierdie jaar is die aandag wat die Parlement gegee het aan die Kinderbeskermings-

wet, nommer 13 van 1911. Hierdie wet is aanvaar as die maatstaf van die Regering en was dus die handves vir kinders in die Unie.

(ii) Verdere uitvloeisels van hierdie wet is die streng vervolging van enige persoon wat die verwaarloosde kind sou mishandel.

(iii) Dit maak ook voorsiening vir plekke van veiligheid. Kinders word daarheen gestuur wanneer hulle of hulle ouers of voogde verhoorafwagtend is of wanneer 'n saak nog ondersoek word.

(iv) Alle onderwysdepartemente moet toesien dat die leerlinge skool gereeld bywoon en die vervolging van enige persoon wat stokkiesdraai ooglopend goedkeur.

Mnr. R.B. Saayman, die eerste amptelike Inspekteur van nywerheidskole, verdien groot opvoedkundige lof vir sy inspeksieverslag. Dit verg insig en begrip om binne die bestek van een jaar soveel te kon navors i.v.m. nywerheidskole: hulle doel en taak, elkeen se geskiedenis en eienskappe, asook ideës, hulp en raad aan hoofde en personeel in verband met probleme, ens.

Op 21 Januarie 1921 word 'n voorbereidende Nywerheidskool op Tempe te Bloemfontein in ou geboue van die Departement van Verdediging opgerig. Gedurende hierdie jaar was daar 725 leerlinge by nywerheidskole ingeskryf. Die probleem met verstandelike vertraagde dogters in die nywerheidskole is opgelos, deur 'n skool wat in Standerton vir dogters opgerig is.

Intussen het mnr. R.B. Saayman, Inspekteur van Inrigtings afgetree en dr. J.L. van Schalkwyk het hom opgevolg.[1)]

1. Report of the Secretary for Education, 1921, p. 21-22.

Met die gelydelike oorgang van nywerheidskole as halwe strafinrigtings na suiwer opvoedkundige instellings het die toestande vir opleiding en opvoeding baie verbeter.

Vir die tweede agtereenvolgende jaar is 'n groepie leerlinge toegelaat om een kort vakansie by hulle ouers, voogde en vriende deur te bring, waar die huislike omstandighede gunstig genoeg was - die resultate was bemoedigend.

Die skool vir verstandelik-vertraagde dogters te Standerton, is aan die einde van 1922 gesluit volgens 'n besluit van die Regering om die sorg, opleiding en opvoeding van verstandelik-vertraagdes aan 'n subdepartement toe te vertrou. Dit sou vir hierdie leerlinge baie beter wees aangesien hulle gespesialiseerde aandag kon kry.

Die jaar 1923 sal allerweë beskou word as die jaar vir die ontwikkeling van tegniese opleiding. Baie nuwighede in hierdie sektor van die skole het gerealiseer. Aangesien die skole nie in die behoeftes van al die leerlinge kon voorsien nie, is 'n begin gemaak met die opleiding van leerlinge direk in die fabriek of werksplaas, terwyl hulle nog in die skoolkoshuise gebly het.

Die dagskoolafdeling[1] het bevredigende vordering gemaak, nieteenstaande die moeilike opvoedkundige vraagstukke.

### 2.4.4 Die tydperk 1924 tot 1928

Wat die meisieskole betref, is besluit om die Paarlskool in die vervolg ook te laat dien as 'n opleidingsentrum vir ouer meisies, die jongere meisies is oorgeplaas na Tempe. Die skole gaan van die standpunt uit dat hulle

1. Van die beste leerlinge is na plaaslike skole gestuur.

die beste moet gee vir hierdie meisies wat in hulle kinderjare soveel gemis en ontbeer het.

Gedurende 1924 is die pos van nagwag afgeskaf, wat beskou kan word as nog 'n mylpaal op die ontwikkelingspad van nywerheidskole; van semi-strafinrigtings tot opvoedingskole, waar die beginsel van vryheid en selfregering beskou word as skering of inslag van die opvoedingswerk.

'n Nuwe nywerheidskool, bekend as Excelsior, is 1 April 1925 te King William's Town geopen in die geboue van 'n ou militêre reserwe. Welke belang destyds aan hierdie soort skool geheg is, blyk uit die feit dat Generaal J.B.M. Hertzog, toe Eerste Minister van die Unie van Suid-Afrika vergesel van sy Minister van Finansies, die skool op 3 September 1925 geopen het. Die plaaslike magistraat het verduidelik dat die keuse op King William's Town geval het omdat doelmatige geboue beskikbaar was. Daar was ook fabrieke waar leerlinge moontlik opgeneem kon word. Uit 'n toespraak van die burgemeester het dit geblyk dat dié besonder geskikte geboue deur die Imperiale troepe gedurende die Kafferoorloë in die vorige eeu gebruik is. Daarna het die Cape Mounted Rifles dit as kwartiere gebruik en ná hulle die South African Mounted Rifles.[1]

„Die Sekretaris van Unie-Onderwys mnr. Geo M. Hofmeyr het op 3 Julie 1927 afgetree met pensioen. Hy is opgevolg deur dr. S.F.N. Gie."[2]

Die jaar 1928 word gekenmerk deur die afname in verwysings na nywerheidskole (die getalle is 283 en 212 vir 1927 en 1928 respektiewelik). Dit kan miskien gewyt word

---

1. Du Plessis, op. cit., p. 83-84.
2. Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1927, p. 5.

aan die feit dat Tempe nou na 'n nywerheidskool vir senior dogters verander is. Magistrate is versoek om alle verwysde kinders onder 14 jaar na private inrigtings te stuur. Die grootste bron vanwaar leerlinge na nywerheidskole gestuur sal word, sal vanaf gesertifiseerde inrigtings wees.

2.4.5 Die tydperk 1929 tot 1933

Die moontlikheid dat nywerheidskole oorgeplaas sal word na die Provinsies sal in Julie 1934 bespreek word. Dr. S.F.N. Gie, Sekretaris van Onderwys, is daarvan oortuig dat hierdie inrigtings benadeel sou word. Die vermindering in die getal leerlinge na nywerheidskole is veroorsaak deur die strenger toepassing van die Kinderbeskermingswet.

2.4.6 Die tydperk 1934 tot 1938

Die skole is toe nie onder die Provinsies geplaas nie en soos ons alreeds opgemerk het, was die Departement ook daarteen gekant. Die vrees was algemeen dat beroepsonderwys onder Provinsiale beheer óf verwaarloos óf vir fabrieksdoeleindes aangewend sou word, en die nywerheidskool as tenger plantjie sou verstik onder die welige lower van die gewone provinsiale sekondêre- en hoërskole. Op 1 Julie 1934 is verbeteringsgestigte en gesertifiseerde tehuise deur die Gevangenisdepartement aan die Unie-Onderwysdepartement oorhandig,[1] terwyl proefbeamptes se arbeid op 1 April 1935 aan die Unie-Onderwysdepartement toegesê is.[2] Die nuwe Kinderwet, Wet no. 31 het gedurende 1937 van krag geword en in dieselfde jaar het die Departement van Volkswelsyn tot standgekom.

Kenmerkend van 1937 is die opvoedkundige beleid wat in

1. Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1932 en 1934, p. 5-21.
2. Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1935, p. 21.

oënskou geneem is en die differensiasie van inrigtings. Dit het begin by die omskepping van die nywerheidskool te Dewetsdorp na 'n nywerheidskool vir subnormale seuns. Hierdie voorwaartse stap moet as belangrik beskou word want op daardie stadium was daar baie subnormale leerlinge ingeskryf by nywerheidskole. Dit is nie alleen subnormaliteit van verstand nie, maar ook subnormaliteit van gedrag wat bestaande skole laat kopkrap. Die departement voel egter dat oorplasing na 'n verbeteringskool as die laaste oplossing vir sulke gedrag beskou moet word.[1]

Die jaar 1938 word gekenmerk deur die Staatsdiens se program om in oorlogtyd te besuinig en gevolglik moes die nywerheidskole daarby inval.

Die Vlakteskool vir subnormale dogters is al vir 'n geruime tyd in werking, maar is op 1 Januarie 1938 amptelik geopen.[2]

2.4.7 Die tydperk 1939 tot 1943

Die hoofoorsaak van die toename in die aantal nywerheidskool-oorplasings van seuns, is geleë in die klassifikasiebeleid van die Departement wat in die loop van die jaar ingevoer is. Vanaf die begin van 1939 is die Landbou-nywerheidskool op Dewetsdorp omskep in 'n spesiale nywerheidskool vir subnormale seuns. Die gevolg was dat 'n groot aantal van dié skool se leerlinge na ander nywerheidskole oorgeplaas is en dat die subnormale leerlinge van ander nywerheidskole weer op hulle beurt na Dewetsdorp oorgeplaas moes word.

Op 1 Augustus 1939 is die tweede spesiale nywerheidskool, bekend as Werdaskool vir seuns geopen en wel op die ou tabakproefplaas een myl vanaf Rustenburg. Die hoofdoel van

1. Report of the Union Department of Education, 1937, p. 28-30.
2. Verslag van die Unie-Onderwysdepartement, 1938, p. 5-15.

hierdie skool op Rustenburg was naamlik om leerlinge wat nie in gewone nywerheidskole kon aanpas nie, spesiale behandeling te gee.

Die metode van individuele onderrig gebaseer op die Jenaplan wat in 1938 op George ingestel is, was nou in volle swang in al die nywerheidskole.[1] Die algemene maatskaplike ontwrigting wat as gevolg van die oorlog ontstaan het, het abnormale hoë toelatings tot hierdie skole meegebring.

Die proefneming met die omskepping van die nywerheidskool, Dewetsdorp in 'n spesiale nywerheidskool vir subnormale seuns, het geblyk 'n sukses te wees en daar is toe besluit om op 1 Julie 1942 die Houtpoort-verbeteringskool 3 myl vanaf Heidelberg in 'n tweede spesiale nywerheidskool vir subnormale seuns te omskep. Die skool sal bekend staan as die J.W. Lückhoff-Hulpskool en het voorsiening gemaak vir 120 leerlinge.[2]

Tot in die helfte van 1943 was die Vlakte-skool, te Standerton, wat slegs 54 dogters kon huisves, die enigste spesiale nywerheidskool vir subnormale meisies. Daar is toe besluit om die Huishoudskool, Tweespruit, op 1 Julie 1943 ook as 'n spesiale nywerheidskool vir subnormale meisies te omskep. Op 1 Januarie 1944 is die skool na Ladybrand oorgeplaas. Die skool staan nou bekend as die Eendragskool vir meisies.[3]

### 2.4.8 Die tydperk 1944 tot 1948

Die George Hofmeyr-Nywerheidskool vir meisies wat voorheen bekend was as die Nywerheidskool, Standerton, het ge-

1. Report of the Union Department of Education, 1940, p. 1-16.
2. Ibid., 1941 - 1945, p. 8.
3. Ibid.

durende 1944 oorgetrek na die nuwe geboue wat spesiaal vir die doel opgerig is. Dit was op daardie tydstip die enigste nywerheidskool met sodanige ontwerp vir 'n gebou en daar is voorsiening gemaak vir die huisvesting van 180 leerlinge.

Weens die groot behoefte aan meer huisvesting vir seuns is daar besluit om die ontruimde geboue van die Standertonse Nywerheidskool vir meisies te gebruik vir die stigting van 'n nywerheidskool vir seuns. Die nuwe skool is op 1 Augustus 1944 gestig en staan bekend as die Vaalrivier-Nywerheidskool vir seuns.[1]

Sedert 1937 het die getal nywerheidskole van 7 na 15 vermeerder, met die gevolg dat dit nou moontlik was om meer leerlinge uit gesertifiseerde inrigtings (weeshuise) waarheen hulle ingevolge die Kinderwet gestuur is, toe te laat nadat hulle die kursus van die laerskool voltooi het.

Nog 'n nywerheidskool Hoërskool J.J. Serfontein is te Queenstown op 1 Januarie 1946 in 'n voormalige Britse lugmagkamp geopen. Dit maak voorsiening vir 300 leerlinge. Na verwag word sal daar uiteindelik, wanneer omstandighede dit moontlik maak, tussen vyf- en seshonderd leerlinge in die skool wees. Die skool word bygewoon deur seuns met normale verstandelike vermoë, asook subnormales in alle standerds.

Die Petra-meisieskool is op 1 Januarie 1947 in Oudtshoorn geopen vir die huisvesting van subnormale meisies. Die geboue is deur die Hoër Tegniese skool, Oudtshoorn ontruim. Die getal leerlinge is tot 24 beperk, aangesien sekere geboue tydelik aan die plaaslike Hoër Handelskool geleen is.

---

1. Report of the Union Department of Education, 1941 - 1945, p. 8.

'n Nuwe nywerheidskool is op 1 April 1948 in Ottery, Kaapstad geopen. Dié skool staan bekend as die Ottery Nywerheidskool vir Kleurlingseuns. Dit is die eerste nywerheidskool wat vir Kleurlingkinders geopen is. Met die opening van hierdie nywerheidskool is daar nou 15 nywerheidskole wat altesaam plek aan 2 211 leerlinge bied. Ses hiervan is skole vir meisies met plek vir 646 leerlinge en nege is seunsskole met plek vir 1 565 leerlinge.

### 2.4.9 Die tydperk 1949 tot 1953

Tempe-Nywerheidskool het 'n uitplasingshostel gedurende die jaar verkry en by verskeie ander skole is dringende kleiner werke aan geboue onderneem.[1]

Op 1 Januarie 1951 is nog een nywerheidskool, Daeraadskool, vir subnormale dogters gestig, deur die omskepping van die Hoër Huishoudskool op Wolmaransstad. Daar bestaan nou 16 nywerheidskole: sewe in Transvaal, drie in die Oranje Vrystaat en ses in die Kaapprovinsie. Vir subnormale dogters word voorsiening in vier nywerheidskole gemaak, vir normale dogters in drie, vir subnormale seuns in twee en vir normale seuns in ses skole. Vir Kleurlingseuns bestaan daar een nywerheidskool.

### 2.4.10 Die tydperk 1954 tot 1958

Die getal subnormale leerlinge het ook steeds gestyg sodat Vaalrivier-Nywerheidskool gebruik moes word om 'n gedeelte van die seuns te huisves. Hierdie inrigting sal in die toekoms as 'n skool vir subnormale seuns gebruik moet word. Daar bestaan tans ook die behoefte aan nog 'n skool vir subnormale dogters.[2]

1. Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1949, p. 5-15.
2. Ibid., 1955, p. 16.

Aan die nywerheidskool vir meisies, Ladybrand, is die plaasafdeling in die loop van die jaar gesluit. Die boerderyafdeling by die J.W. Luckhoff-Nywerheidskool vir subnormale leerlinge is na die Heidelbergse Nywerheidskool oorgeplaas.[1]

As gevolg van 'n Kabinetsbesluit is die Ottery Nywerheidskool vir Kleurlingseuns op 1 April 1958 na die Departement van Kleurlingsake verskuif.

2.4.11 Die tydperk 1959 tot 1963

Slegs die skole vir verstandelike normale seuns het deur die jaar voldoende vakatures gehad sodat dit nie nodig was om waglyste daarvoor te hou nie. Aansoeke om opname van subnormale seuns moes soms van die hand gewys word afgesien daarvan dat die Vaalrivier-Nywerheidskool twee jaar gelede in 'n skool vir subnormale leerlinge omskep is. Daar is dus aan die begin van 1959 besluit om ook die nywerheidskool in King William's Town, wat 250 leerlinge kan akkommodeer, geleidelik in 'n skool vir domen subnormale seuns te omskep. Die inrigtings vir subnormale dogters is ook oorvol en 'n addisionele inrigting vir dogters sal dringend gevind moet word.[2]

In Januarie 1960 is 'n nywerheidskool op Diskobolos, te Kimberley in ou militêre barakke geopen, wat voorsiening maak vir seuns met subnormale verstandelike vermoë.

By die twee uitplasingskoshuise in Bloemfontein (een vir meisies van die Nywerheidskool-Tempe en die ander vir subnormale seuns uit Dewetsdorp) is voltydse inwonende

1. Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1956, p. 7-8.
2. Ibid., 1958, p. 7.

TABEL 3

Nywerheidskole in Suid-Afrika
(Erken ingevolge die Kinderwet, Wet. no. 33 van 1960)[1)]

| Naam van skool | Sentrum | Datum van stigting | Geslag | Verstandelike vermoë | Standerd |
|---|---|---|---|---|---|
| George Hofmeyr-meisieskool | Standerton | 1 Oktober 1909 | Eers M. en V. tans V. | Normaal | 6 - 10 |
| Nywerheidskool (Emmasdal) | Heidelberg, Tvl. | 24 Januarie 1912 | M. | Dom-normaal | 6 - 8 |
| Hoërskool Die Bult | George | 1 Desember 1912 | M. | Normaal en superieur | 6 - 10 |
| Hoërskool H.S. van der Walt | Paarl | 15 Oktober 1915 | V. | Normaal | 6 - 10 |
| Jimmie Roos-skool vir Seuns | Dewetsdorp | 1 Augustus 1918 | M. | Sub-normaal | 1 - 6 |
| Tempe-meisieskool | Tempe, Bloemfontein | 21 Januarie 1921 | Eers M. en V. tans V. | Normaal | 6 - 8 |
| Exelsiorskool | King William's Town | 1 April 1925 | M. | Dom-normaal | 1 - 8 |
| Die Vlakteskool | Standerton | {1 Januarie 1934<br>{1 Januarie 1938 | V. | Sub-normaal | 1 - 7 |
| Werdaskool | Rustenburg | 1 Julie 1939 | M. | Sub-normaal | 1 - 7 |
| J.W. Lückhoffskool | Heidelberg, Tvl. | 1 Julie 1942 | M. | Sub-normaal | 1 - 7 |
| Eendragskool | Ladybrand | {1 Julie 1943<br>{1 Januarie 1944 | V. | Sub-normaal en dom-normaal | 1 - 8 |
| Vaalrivierskool | Standerton | 1 Augustus 1944 | M. | Sub-normaal | 1 - 8 |
| Hoërskool J.J. Serfontein | Queenstown | 1 Januarie 1946 | M. | Normaal tot gemiddeld | 6 - 8 |
| Petra-meisieskool | Oudtshoorn | 1 Januarie 1947 | V. | Sub-normaal | 1 - 7 |
| Daeraadskool | Wolmaransstad | 1 Januarie 1951 | V. | Sub-normaal en dom-normaal | 1 - 7 |
| Schoemansdalskool | Louis Trichardt | 1 Januarie 1964 | V. | Sub-normaal | 1 - 7 |
| Heuwelkruin-meisieskool | Knysna | 1 Januarie 1962 | V. | Sub-normaal | 1 - 7 |
| Utrecht-meisieskool | Utrecht | 1 Augustus 1970 | V. | Sub-normaal | 1 - 7 |

1. Gegewens is verkry uit onderwysverslae en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

personeel aangestel.[1]

Die vraagstuk na akkommodasie vir subnormale dogters was nie heeltemal verlig na die opening van die Schoemansdalskool, te Louis Trichardt op 1 Januarie 1962 nie. Daar is 'n dringende nood na nog akkommodasie en die opening van die nuwe skool te Utrecht word gretig afgewag.[2]

2.4.12 Die tydperk 1964 tot 1970

'n Nuwe skool, Heuwelkruin-meisieskool is op 1 Januarie 1964 te Knysna geopen wat voorsiening maak vir leerlinge met subnormale verstandelike vermoë.[3]

Die nywerheidskool vir seuns op Diskobolos is op 31 Desember 1967 gesluit en die leerlinge en personeel is na die ander nywerheidskole gestuur.

Die Utrecht-meisieskool is op 1 Augustus 1970 te Utrecht, Natal, vir leerlinge met subnormale verstandelike vermoë geopen en sal verligting bring in hulle akkommodasie-probleem.

2.5 Samevatting

Daar bestaan nou 18 nywerheidskole in Suid-Afrika, 10 vir meisies en 8 vir seuns onder beheer van die Departement van Nasionale Opvoeding. (Kyk TABEL 3).

Teen die agtergrond van die hooflyne van die bepaalde wetgewing wat die daarstelling en doel van nywerheidskole in Suid-Afrika uiteensit en die beknopte historiese oorsig van die groei van die nywerheidskole, is dit noodsaaklik dat vervolgens aandag bestee word aan die aard en oorsake van verwysing van kinders na die nywerheidskole.

---

1. Jaarverslag van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, 1961, p. 9.
2. Ibid., 1962, p. 10.
3. Ibid., 1963, p. 11.

## HOOFSTUK 3

## DIE AARD EN OORSAKE VAN VERWYSING VAN KINDERS NA NYWERHEIDSKOLE.

### 3.1 Inleiding

Dat daar ʼn toename in sorgbehoewendheid is, het tabel 1[1] alreeds aangetoon. Waarom kinders sorgbehoewend bevind word is moeilik om te bepaal. Dit is miskien makliker om vas te stel waarom ʼn besondere kind sorgbehoewend bevind word as om die vraag te beantwoord waarom soveel kinders sorgbehoewend bevind word, of waarom dit toeneem. Die oorsaaklikheid van sorgbehoewendheid kan vanuit verskeie standpunte beskou word soos bv. die psigologiese, fisiologiese, sosiologiese e.a. wat die ingewikkelde aard van die probleem onderstreep.

Hier val die klem egter meer op die veroorsaking van sorgbehoewendheid vanuit ʼn sosiologiese standpunt, met ander woorde, die opsporing van faktore in die samelewing en sy instellings wat sorgbehoewendheid veroorsaak. By die behandeling van hierdie faktore kan ook die psigologiese, fisiologiese en biologiese oorsake nie uit die oog verloor word nie. In hierdie verband staan die huisgesin in die brandpunt van belangstelling.

### 3.2 Die gesin en die betekenis daarvan vir die kind se persoonlikheid

W.J. Goode omskryf die gesin as „the fundamental instrumental foundation of the larger social structure, in that all other institutions depend on its contributions. The role behavior that is learned within the family becomes the model or prototype for role behavior required in other segments of

1. Vgl. hoofstuk 1.

the society. The content of the socialization process is the cultural traditions of the society; by passing them on to the next generation the family acts as a conduit or transmission belt by which the culture is kept alive."[1]

Vir Van Dÿk[2] is die gesin die intieme lewensverband tussen ouers en kinders, gefundeer in die natuurlike afstamming en bloedverwantskap met die liefde as norm.

In sy definisie van 'n gesin sluit E.S. Bogardus aan by die van Goode en Van Dÿk wanneer hy sê: „The family is a small social group, normally composed of a father, a mother, and one or more children, in which affection and responsibility are equitably shared and in which the children are reared to become self-controlled and socially-motivated persons. The basic psycho-social element in the family is the fellowship which comes from the sharing of problems by a father and mother and children in mutual respect and love."[3]

Selfs in die definisie van die gesin is die verantwoordelikheid teenoor die kind een van die belangrikste elemente want, „in the family the child learns the meaning of social responsibility, the importance of sportsmanship, and the necessity for co-operation. The family is the outstanding primary group, for in it a child develops his basic attitudes, patterns, ideals, and style or configurations of life."[4]

Vir E. Solomon is 'n ware huisgesin „'n plek waar daar liefde en vertroue woon. Ons dink aan die liefde van man en vrou, en hulle vertroue van die een in die ander waarop die huis

---

1. Goode. The family, p. 4-5.
2. Van Dÿk. Mens en medemens, p. 87.
3. Bogardus. Sociology, p. 57.
4. Ibid., p. 58.

in sy eerste dae gegrondves word. Dan kom die tyd wanneer die kinders aanspraak maak op hulle deel van liefde en deelneming. Sonder dat hierdie gees van liefde sy uitdrukking vind in die onderlinge vertroue en simpatie en verstandhouding kan daar geen huis wees nie."[1)]

„The need for security and the desire for approval of his actions are strong driving forces in the child and can be turned, within the family circle, to good or bad account. In a family where adequate love, care, and guidance are extended, the child gradually becomes a social human being, learning self-control, acquiring the personality characteristics and habits that are exemplified or glorified by the parents. But where the emotional relationship between parent and child is tenuous or exaggerated, the possible injuries to the personality are manifold."[2)]

As die gegewe en ook ander definisies ontleed word, sal opgemerk word dat die gesin beskryf word as 'n primêre groep met intieme persoonlike verhoudinge tussen een man en een vrou en hulle kinders. Verhoudinge gefundeer op samewerking, wisselwerking, uitvoering van funksies, kameraadskap, behoeftebevrediging en wedersydse onderlinge liefde. Die gesin, kan dus beskou word as die belangrikste en mees fundamentele menslike samelewingsvorm, en die belangrikste voorwaarde, instelling en voedingsbron vir die vorming van die kind se ontwikkelende persoonlikheid. Die gesin is die wieg van die persoonlikheid.[3)]

---

1. Solomon. Alkohol in die huisgesin. (In Die drankvraagstuk in Suid-Afrika, 1923, p. 56).
2. Banay. Youth in despair, p. 71.
3. Cooley. Social organization, hoofstuk 3.

Die kind word gebore as ʼn individu met ʼn sosiale aanleg - al sy individualiteite is in potensie reeds aanwesig - dit moet in en deur die gesin en die samelewing tot vorming en ontwikkeling gebring word. Sy eerste kontak wat hy maak is binne die huisgesin met sy moeder, vader, broers en susters. Hierdie eerste en latere kontakte en beïnvloeding is van groot belang en blywend van aard. Die fondament van sy karakter en persoonlikheid word in die huisgesin gelê en is die kanaal waardeur die tradisies, norme, sedes en mores van die samelewing die kind bereik. As die kind se instinkte ongevorm bly, sal hy nie gemotiveerd raak om sosiale gedrag te aanvaar nie. Die drange na veiligheid, vertroosting, aanvaarding, liefdegeborgenheid, ens., kan binne die familiekring tot die goeie of die slegte gevorm word.

Die opvoeding en onderwys van die kind in die huisgesin vind plaas onder die leiding van ouerliefde en gesag. Hierdie proses vorm die fondament van sy karakter en die vorming en ontwikkeling van sy wordende persoonlikheid. Alle gesinsverhoudinge word op so'n wyse gelei en gerig dat dit op positiewe wyse geleide en geleidelik ontplooi tot diensbaarmaking aan die samelewing.

Wanneer hierdie liefde, geborgenheid en diensbaarmaking in die gesin geskaad word, beïnvloed hierdie faktore die persoonlikheidstruktuur van die kind wat bydraes kan lewer tot onbeheerbaarheid en sorgbehoewendheid.

Om die oorsaaklikheid van sorgbehoewendheid te vind was dit nodig om eers ʼn duidelike beeld van die besondere aard en samestelling van die gesinsomstandighede van die sorgbehoewende kind te kry. Vir hierdie doel is die gesinsagtergrond en gedrag van ouers van 100 leerlinge van ʼn Nywerheidskool in Suid-Afrika bestudeer om te bepaal of daar ʼn kousale

verband tussen die gesinsomstandighede en sorgbehoewendheid bestaan wat uitgeloop het op verwysing na 'n inrigting, in hierdie geval 'n Nywerheidskool. Hierdie kousale verband sal by die bevinding en interpretasie van elke tabel wat gedragspatrone van die ouers behandel, aangetoon word om die gegewens en resultate van ander navorsers met hierdie ondersoek te vergelyk. Nadat al hierdie gedragspatrone en eienskappe ontleed is word dit grafies voorgestel in diagram 1.

## 3.3 Ontleding van die gesinsagtergrond van 100 verwysde kinders

### 3.3.1 Gedragspatrone en eienskappe van die ouers

#### 3.3.1.1 Drankmisbruik

Tabel 4 gee 'n aanduiding van die omvang van drankmisbruik by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders aan 'n Nywerheidskool.

TABEL 4

Die omvang van drankmisbruik by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders.[1]

| Betrokke ouer | Aantal | Persentasie | |
|---|---|---|---|
| Vader | 40 | 40.0 | 55.0 |
| Moeder | 4 | 4.0 | |
| Albei ouers | 11 | 11.0 | |
| Geen drankmisbruik of onbekend | 45 | 45.0 | |
| Totaal | 100 | 100.0 | |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

Volgens tabel 4 is 55.0 persent van die sorgbehoewende kinders se vader of moeder of albei ouers skuldig aan drankmisbruik. Die vaders het die grootste persentasie uitgemaak, naamlik 40.0 persent, terwyl die moeders slegs in 4.0 persent van die gevalle aan drankmisbruik skuldig was. Dit laat 'n persentasie van 45.0 persent ouers waar geen drankmisbruik (miskien onbekend) voorgekom het nie.

In hierdie verband word ook gelet op die bevindinge van ander navorsers: P.R. Smith[1] het bevind dat 34.0 persent vaders, 7.0 persent moeders en in 6.0 persent van die gevalle albei ouers van 100 oortredende jeugdiges hulle aan drankmisbruik skuldig gemaak het, d.w.s. in 47 gesinne uit 'n totaal van 100 het drankmisbruik 'n rol gespeel.

„Die oormatige gebruik van alkoholiese drank het by 52% van die ouers van die ondersoekgroep voorgekom."[2]

J.W.J. Fouche[3] het in 'n ondersoekgroep van 66 onbeheerbare seuns en 109 onbeheerbare meisies bevind dat 53.8 persent van die ouers (38.9 persent vaders en 14.9 persent moeders) drank misbruik het.

---

1. Smith. Die gesinslewe van die jeugdige oortreder met besondere verwysing na gesinsonvolledigheid, p. 45.
2. Kruger. Die verskynsel van verwaarlosing as veroorsakende faktor vir die wangedrag van jeugdiges. 'n Kriminografiese ondersoek ten aansien van 'n aantal kleinhoewe bewoners in die omstedelike gebied ten noorde van Pretoria, p. 101.
3. Fouche. Die persoonlike en gesinsagtergrond van 175 onbeheerbare kinders wat gedurende 1956/57 na inrigtings verwys is, p. 157.

I.J.J. van Rooyen[1] kom tot die gevolgtrekking dat 45.03%, van blanke sorgbehoewende kinders se vader, moeder of albei ouers sterk drank misbruik het. Verdere ondersoekers se bevindinge was soos volg: T.E. Sullenger[2] 48.0 persent; W.A. Willemse[3] 23.0 persent; C.F. Albertyn[4] 21.7 persent en C.J.E. Jonker[5] 57.0 persent.

Die bevindinge in hierdie ondersoek toon 'n goeie korrelasie met die navorsingsresultate van genoemde persone, terwyl die vroeëre navorsing van Willemse en Albertyn buite rekening gelaat kan word wat drankmisbruik betref.

TABEL 5

Die omvang van alkoholisme by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders[1]

| Betrokke ouer | Aantal | Persentasie | |
|---|---|---|---|
| Vader | 12 | 12.0 | 19.0 |
| Moeder | 3 | 3.0 | |
| Albei ouers | 4 | 4.0 | |
| Geen alkoholisme of onbekend | 81 | 81.0 | |
| Totaal | 100 | 100.0 | |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

---

1. Van Rooyen. 'n Ontleding van die gesinsagtergrond van blanke sorgbehoewende kinders in Suid-Afrika en van die rehabilitasie metodes wat in die verband aangewend word, p. 152.
2. Sullenger. Social determinants in juvenile delinquency, p. 19.
3. Willemse. The road to the reformatory, p. 35.
4. Albertyn. Jeugmisdaad, p. 66.
5. Jonker. Die bydrae van die maatskaplike werk t.o.v. nywerheidskoolleerlinge met 'n ondernormale intelligensie, p. 121.

Volgens tabel 5 is 19.0 persent van die ondersoekgroep se ouers alkoholiste. In 15 huisgesinne waar die moeder skuldig was aan drankmisbruik het 9 kinders afwykendegedrag openbaar, en in die 40 gesinne waar die vader skuldig was aan drankmisbruik het 23 kinders met afwykende gedrag voorendag gekom. Die gevolg hiervan is dat „alcoholism in one or both parents is a recurring factor in the family situation of the children appearing in juvenile courts. The consequences of alcoholic parents are numerous and serious, including quarreling, home irritation, lack of parental control, cruelty, poverty and economic stress, obscenity, and sometimes immorality and crime."[1)]

Sir Cyril Burt sê ook in hierdie verband dat „of all the features of the vicious home, the commonest and the moste remarked is drunkenness."[2)]

S.I. McMillen[3)] verklaar dat daar 'n noue verband is tussen alkohol en sielsiekte, gedeeltelike verlamming van sekere spiere, senu-ontsteking, verharding van die lewer, geswelde ledemate en maag, kopseer en mislikheid.

Verder het drankmisbruik 'n invloed op die verhouding van die persoon tot ander persone. Weens 'n skuldgevoel raak hy in homself gekeer en is redelik aggressief en humeurig. Gewoonlik verdwyn vriendskapsbande en belangstelling in vroeëre liefhebberye wat 'n klimaat vir selfbejammering skep. McMillen verklaar dat: „Alkoholiste is verstoke van die beste dinge van die lewe, soos sport, musiek, kuns, eet, seks, gesig en gesprek."[4)]

---

1. Neumeyer. Juvenile delinquency in modern society, p. 178.
2. Burt. The young delinquent, p. 99.
3. McMillen. Geeneen van dié siektes nie, p. 33.
4. Ibid.

Vervolgens het drankmisbruik 'n uitwerking op gesinsverhoudinge. Dit kan o.m. lei tot ontrouheid en owerspel en 'n swak voorbeeld van die ouers wat belangrik is want, „in the home no education can bear more direct fruit than the conduct and standards of the parents themselves. Children are quick to follow patterns set by their elders, patterns that often reflect thoughtlessness and lack of self-control."[1] Dis nie die ouers wat alleen onder drankmisbruik ly nie maar dis veral die gesin wat die swaarste getref word.

Beskonke ouers soek onnodig skoor met mekaar en die kinders. Dié spanninge wat gedurig ondervind word, asook die onbeskofde gedrag het verreikende geestelike gevolge vir die kinders. Hulle verloor alle respek en liefde vir hulle vader of moeder, of albei. Aan hulle word geen sekuriteit en liefdegeborgenheid gebied nie. In sulke huise bevind kinders hulle in 'n wêreld wat self geskep is en leef as't ware in isolasie van die werklike kinderwêreld. A.g.v. gebrek aan orde in so 'n gesin kom die kind nooit onder die besef wat sy plig en verantwoordelikheid in die gesin is nie. Hierdie geestelike verwaarlosing veroorsaak ontwrigting by die kind wat verder groei tot totale ongebalanseerdheid en minderwaardigheid.

Drankmisbruik veroorsaak verwaarlosing en onverantwoordelikheid. „The immoderate use of alcohol by heads of families usually results in laxness and inattention to the duties of the home. It often spells neglect where there are children" en „the family will be

---

1. Patrick. Alcohol, culture, and society, p. 153.

deprived of some of the necessities of life."[1] Die bestendige voorsiening van lewensmiddele aan 'n kind is seersekerlik sy eersgeboortereg, so nie lei dit tot die volgende: 'n gesin waarin die kind liggaamlik en geestelik verwaarloos word waar daar nie sprake kan wees van sosialisering nie, want die aansluitingsmoontlikhede by die samelewing en kultuur ontbreek. Burt sê samevattend in die verband „for the impressionable years of childhood, a drunkard's home is one of the worst conceivable. Money is squandered; health and discipline are neglected; the family is dispised by the neighbours; and perpetual life of discord, irregularity, and passion is created and sustained. The parents abuse and maltreat both their children and each other. Indecency of speech and behaviour becomes rife; and the violence, whether of word, act, or feeling, is apt to induce a deep-seated revulsion in the growing girl or boy."[2]

Dit is egter duidelik dat drankmisbruik as voorloper van alkoholisme hand aan hand gaan met gesinsdisorganisasie wat weer pari passu met kinderverwaarlosing is; 'n toestand wat gunstig is vir sorgbehoewendheid by kinders.

### 3.3.1.2 Onsedelikheid en buite-egtelikheid

Die kriteria vir onsedelikheid in hierdie ondersoek is geneem in die gevalle waar die ouers wettiglik getroud is maar waar owerspel of seksuele omgang gepleeg is deur of die vader of die moeder met ander. In hierdie gevalle het die ouers nog bymekaar gebly. Buite-egtelike saamwoon van persone is onderskei van onsede-

1. Patrick, op. cit., p. 101.
2. Burt, op. cit., p. 100.

likheid. Onder buite-egtelike saamleef word verstaan die saamleef van man en vrou „not according to law or established custom."[1] Hierdie persone is dus nie wettiglik met mekaar getroud nie.

TABEL 6

Die omvang van onsedelikheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders[1]

| Betrokke ouer | Aantal | Persentasie | |
|---|---|---|---|
| Vader | 12 | 12.0 | 29.0 |
| Moeder | 16 | 16.0 | |
| Albei ouers | 1 | 1.0 | |
| Geen onsedelikheid of onbekend | 71 | 71.0 | |
| Totaal | 100 | 100.0 | |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

Uit tabel 6 blyk die geslagtelike onsedelikheid van die ouers van die 100 sorgbehoewende kinders. Baie opvallend is die feit dat daar meer moeders as vaders hulle aan sulke wangedrag skuldig gemaak het. Die statistieke lees 12.0 persent vaders, 16.0 persent moeders en in een geval (1.0 persent) was albei ouers skuldig aan onsedelikheid. Van die 100 gesinne was dus 29.0 persent skuldig aan geslagsverkeer buite die wettige huwelik.

Ook I.J.J. van Rooyen[2] het in sy ondersoekgroep van 2 001 sorgbehoewende kinders gevind dat 29.54 persent

1. Fairchild, op. cit., p. 149.
2. Van Rooyen, op. cit., p. 151.

van hulle ouers aan onsedelikheid skuldig was; P.R. Smith[1] het in sy ondersoekgroep van 100 oortredende jeugdiges gevind dat 8.0 persent vaders, 11.0 persent moeders en 5.0 persent albei ouers d.w.s. 24.0 persent aan onsedelikheid skuldig was; J.J.L. Kruger[2] het selfs met sy ondersoekgroep, van 100 kinders met wangedrag, bevind dat 60.5 persent van die ouers hulle aan seksuele losbandigheid skuldig gemaak het; C.J.E. Jonker[3] het in haar ondersoekgroep van 200 sorgbehoewende seuns en dogters in nywerheidskole bevind dat 10.0 persent vaders, 26.5 persent moeders en 12.0 persent albei ouers hulle aan buite-egtelike geslagsverkeer skuldig gemaak het en J.W.J. Fouche[4] het bevind dat in sy ondersoekgroep van 175 onbeheerbare kinders 45.7 persent van hulle ouers (19.4 persent vaders en 26.3 persent moeders) in onsedelikheid gelewe het.

Samevattend is 'n hoë korrelasie tussen hierdie ondersoek met die van ander navorsers oor onsedelikheid van ouers van sorgbehoewende kinders aangetoon.

Tabel 7 toon die persentasies aan van persone wat onwettig bymekaar gewoon het.

---

1. Smith, op. cit., p. 54.
2. Kruger, op. cit., p. 134.
3. Jonker, op. cit., p. 125.
4. Fouche, op. cit., p. 157.

TABEL 7

**Die omvang van buite-egtelikheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders**[1]

| Betrokke ouer | Aantal | Persentasie | |
|---|---|---|---|
| Vader | 6 | 6.0 ) | 18.0 |
| Moeder | 12 | 12.0 ) | |
| Albei | 0 | 0 | |
| Geen buite-egtelikheid of onbekend | 82 | 82.0 | |
| Totaal | 100 | 100.0 | |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm verwerk.

Tabel 7 toon duidelik dat in 18 gesinne geen wettige huweliksband bestaan het nie. In hierdie 18 gesinne het 6 vaders en 12 moeders buite-egtelik saam met die teenoorgestelde geslag geleef. Persone leef buite-egtelik saam a.g.v. verlating (waar geen egskeiding toegestaan is nie), dood, fisiese en psigiese gebreke.

Die gevolg hiervan, d.w.s. van „sex deviation on the part of parents" is dat dit „sets an example and may seriously disorganize the home."[1]

Onsedelikheid en buite-egtelikheid kan geen harmonie en orde in die gesin bewerk nie, trouens, dit plaas die gesin op 'n wankel-basis wat geen sekuriteit, geborgenheid en fondament vir die jeugdige persoonlikheid kan bied nie, a.g.v. die swak voorbeeld, uithuisigheid en onverskilligheid van die ouers.

1. Neumeyer, op. cit., p. 178.

3.3.1.3 Verlating

TABEL 8

Die omvang van verlating by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders[1]

| Betrokke ouer | Aantal | Persentasie | |
|---|---|---|---|
| Vader | 16 | 16.0 ) | 22.0 |
| Moeder | 6 | 6.0 ) | |
| Geen verlating en onbekend | 78 | 78.0 | |
| Totaal | 100 | 100.0 | |

1. Gegewens verkry uit persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm verwerk.

Tabel 8 toon dat 16 vaders en 6 moeders hulle gesinne verlaat het. Hierdie verlatings is uitgesluit van die verlatings wat uiteindelik gelei het tot egskeiding. Uit die tabel blyk dit dus dat 22 persent van die gesinne onvolledig geraak het a.g.v. verlating óf deur die vader óf deur die moeder. Weens die hoë koste verbonde aan egskeiding neem talle mense hulle toevlug tot kwaadwillige verlating ook bekend as die „arm man se egskeiding". In sommige gevalle word daar nooit aansoek gedoen om 'n egskeiding nie en gevolglik word hierdie huwelik nooit wetlik ontbind nie, en dus direk aanleiding gee tot buite-egtelike saamwoon met andere.

Ook J.M. Lötter[1] se bevinding in die verband is dat 11.1 persent vaders en 3.8 persent moeders hulle gesin-

1. Lötter. Die herinskakeling van blanke jeugoortreders, p. 100.

ne verlaat het. Verdere bevindings in die verband is die volgende: T.E. Sullenger[1] 11.3 persent; W.A. Willemse[2] 7.4 persent; C.F. Albertyn[3] 16.5 persent; P.R. Smith[4] 15.0 persent; C.J.E. Jonker[5] 26.0 persent en die van J.W.J. Fouche[6] is 11.4 persent.

Uit hierdie ondersoek en die van genoemde persone bestaan ŉ hoë of sterk korrelasie tussen die bevindings i.v.m. verlating.

Om kriteria vir verlating daar te stel, of om dit te beskryf, of te definieer bly ŉ moeilike saak. In hierdie ondersoek is egter die volgende tendense of kategorië van verlating aangetref, wat miskien kan lei tot ŉ formulering van verlating, naamlik:

(a) Verlating op grond van voorbedagte beplanning om sodoende nooit weer met die gesinslede te verenig nie.

(b) Verlating as ontvlugting- en ontsnappingsmiddel na langdurige spanning in die huweliks- en gesinslewe.

(c) Verlating a.g.v. onbedagsaamheid en onverantwoordelikheid - verlating om bloot te wys „ek is nie gebonde nie."

Laasgenoemde twee kategorië is gewoonlik tydelik van aard.

---

1. Sullenger, op. cit., p. 24.
2. Willemse, op. cit., p. 28.
3. Albertyn, op. cit., p. 57.
4. Smith, op. cit., p. 112.
5. Jonker, op. cit., p. 128.
6. Fouche, op. cit., p. 146.

P.R. Smith[1] „is die mening toegedaan dat slegs van verlating gepraat kan word indien die voorneme by die manlike of vroulike verlater tydens of voor die verlating bestaan om na die verlating nie weer met sy of haar gesinslede te verenig nie."

Hoe dit ook al mag wees, tydelik of permanent: verlating is 'n skok vir elke lid van die huisgesin en „is deurgaans ernstiger en van groter betekenis vir die onbeheerbare gedrag van die kinders as by die afsterwe van die een of ander ouer"[2] want „egskeiding en verlating is die kulminasiepunt van 'n lang proses van ontwrigting en ontbinding wat in sy ontwikkeling met veel smart vir sowel die eggenotes as die kind gepaard gaan."[3]

Hierdie ontbindingsproses se residu is verbittering, haat, onstabiliteit, verwaarlosing, afwykende gedrag, degenerasie, vervreemding, vereensaming en spanning by die ouer asook 'n gevoel van onsekuriteit, minderwaardigheid en vyandigheid e.a. simptome by die kind.

### 3.3.1.4 Werkloosheid en werkskuheid

Werkloosheid is die gedwonge en ongedwonge ledigheid van arbeidsbekwame mense wat vir hulle lewensbestaan afhanklik is van arbeidsdienste. Die werkloses in hierdie ondersoek kan verdeel word in twee groepe:

(a) die wat weens luiheid of onwilligheid nie wil werk nie (ongedwonge); en

(b) die wat weens fisiese of psigiese gebreke nie **kan** werk nie (gedwonge).

1. Smith, op. cit., p. 123.
2. Fouche, op. cit., p. 150.
3. Venter. Die jeug - waarheen?, p. 14.

TABEL 9

Die omvang van werkloosheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders[1]

| Betrokke ouer | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Vader | 14 | 14.0 |
| Moeder | 3 | 3.0 |
| Arbeidsonbestendigheid | 23 | 23.0 |
| Geen werkloosheid, werkskuheid, arbeidsonbestendigheid of onbekend | 60 | 60.0 |
| Totaal | 100 | 100.0 |

1. Gegewens soos verkry uit die lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur ondersoeker in tabelvorm verwerk.

Die gegewens in tabel 9 toon dat 14.0 persent van die vaders werkloos was en 3.0 persent van die moeders eintlik onwillig was om hulle gesinne te versorg.

Ook J.J.L. Kruger[1] bevind in sy ondersoek dat 11.0 persent vaders van kinders wat wangedrag openbaar werkloos was. C.F. Albertyn[2] het bevind dat 5.0 persent van die vaders van seuns met misdadige gedrag werkloos was.

In hierdie verband korreleer hierdie navorsing en die van Kruger en Albertyn goed. 'n Algemene beginsel kan gevind word in „if the average citizen is asked to name the cornerstones of social security in America, practically without exception his answer includes the

1. Kruger, op. cit., p. 58.
2. Albertyn, op. cit., p. 66.

right to work and to share in a reasonable standard of living."[1] In Suid-Afrika bestaan daar a.g.v. die mannekragtekortsituasie geen rede waarom die een wat daartoe in staat is om te kan werk, werkloos moet wees nie.

Die normale toestand is dat elke man sal werk vir sy loon om sodoende vir homself en sy gesin te sorg, want die gevolge setel in:

(a) Armoede, want „unemployment in the family have been the subject of much contention in regard to their relationship to delinquency and crime." Armoede is die eerste en belangrikste gevolg van werkloosheid.

(b) Die persoonlikheid van die werklose word deeglik aangetas deur werkloosheid en het tot gevolg dat die persoon wanaangepas is in sy nuwe rol wat talle persoonlikheidsprobleme vir hom meebring.

(c) Vroue-arbeid en bedelende kinders is ook direkte gevolge van werkloosheid. Albei verskynsels kry beslag in die groot stede van Suid-Afrika.

(d) Misdaad word bevorder deur werkloosheid, want „the unemployable are the reservoir from which comes the flood of criminals which springs up in every period of hard times",[2] sê Gillen. Van die 15 vaders wat in die gevangenis beland het was 8 werkloos tydens inhegtenisname (vgl. tabel 11).

(e) Gesinsdisorganisasie: Werkloosheid bewerkstellig armoede en dit het ten gevolg dat in die noodsaaklike behoeftes van die gesin nie voorsien kan word nie, en dit lei weer tot bekommernis, wrywing,

---

1. Phelps, op. cit., p. 55.
2. Gillen. Social pathology, p. 524.

spanninge, verlating, egskeidings, drankmisbruik, onsedelikheid, ens. Die stabiliteit wat verkry word deur 'n gereelde inkomste verdwyn en word vervang deur verslapping van die gesinsbande en die gevolglike disorganisasie.

Die onvermoë om bestendig te kan werk is 'n neiging wat by 23.0 persent van die vaders aangetref is, vgl. tabel 9. Hierdie arbeidsonbestendigheid sluit alle werkloos- en werkskuheid uit. Werkloosheid, werkskuheid en arbeidsonbestendigheid word veral veroorsaak deur drankmisbruik. 28 van die 37 vaders of 75.7 persent wat onbestendige werkers was, het hulle skuldig gemaak aan drankmisbruik. Die ander 9 vaders (24.3 persent) se werkloosheid kan herlei word tot emosionele en geestesversteurdheid asook ongeërgheid, traak-my-nie-agtigheid - 'n gebrek aan verantwoordelikheidsin.

Arbeidsonbestendigheid veroorsaak gesinsonbestendigheid en dit lei tot simptome van onbestendigheid in die persoonlikheid van die ouer sowel as die kind.

Die bevinding in hierdie ondersoek toon 'n goeie verhouding met die navorsingsresultate van Kruger en Albertyn oor werkloosheid by ouers van sorgbehoewende kinders.

#### 3.3.1.5 Fisiese en psigiese onvermoë

„The sickness we are concerned with is not the broad, general field of human ailments treated by the family physician, but the restricted area of man's physical malfunctionings which carry economic and social weighting."[1]

---

1. Gillen, op. cit., p. 17.

TABEL 10

**Die omvang van fisiese en psigiese ongesteldheid by die ouers van 100 sorgbehoewende kinders[1]**

| Betrokke ouer | Verstandelik versteur: Aantal | Verstandelik versteur: Persentasie | | Geestesversteur: Aantal | Geestesversteur: Persentasie | | Sieklik: Aantal | Sieklik: Persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Vader | 2 | 2.0 | 8.0 | 2 | 2.0 | 10.0 | 4 | 4.0 | 10.0 |
| Moeder | 6 | 6.0 | | 7 | 7.0 | | 6 | 6.0 | |
| Albei | 0 | 0 | | 1 | 1.0 | | 0 | 0 | |
| Geen of onbekend | 92 | 92.0 | | 90 | 90.0 | | 90 | 90.0 | |
| Totaal | 100 | 100.0 | | 100 | 100.0 | | 100 | 100.0 | |

1. Gegewens verkry van die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm verwerk.

Tabel 10 toon aan dat van die 8 gesinne is 2 vaders en 6 moeders verstandelik agterlik; in 10 gesinne ly 3 vaders en 7 moeders aan geestesversteurdheid en in 10 gesinne is 4 vaders en 6 moeders sieklik.

I.J.J. van Rooyen[1] het in sy ondersoek van 2 001 sorgbehoewende kinders bevind dat die volgende simptome en eienskappe aanwesig was by hulle ouers: siekte (ook kranksinnigheid) 9.15 persent, en verstandelik vertraag 3.95 persent.

Dat verstandelike vertraagdheid, geestelike versteurdheid en liggaamlike ongesteldheid faktore is wat aanlei-

1. Van Rooyen, op. cit., p. 151.

ding gee tot verwaarlosing van die gesin, lei geen twyfel nie, want indien ouers aan rolverwagtings wil voldoen moet hulle 'n redelike begrip hê van hulle rolle en dit verg 'n gesonde liggaam en gees om te kan lei in die sosialiseringsproses deur indoktrinasie en/of habituasie want, verkeerde leiding en optrede deur die ouers kan soms verrykende nadelige gevolge hê vir die gees en intellektuele ontwikkeling en vorming van die kind se wordende persoonlikheidsroeping.

3.3.1.6 Gevangenisstraf

Om sosiologiese en kriminologiese doeleindes kan 'n misdaad omskryf word as „'n handeling wat teenstrydig is met of skadelik en nadelig is vir die gesonde normale lewe en voortbestaan van 'n individu, sy naasbestaandes en die gemeenskap, met ander woorde, dit is antisosiale handeling wat 'n bedreiging, 'n skending of verkragting van die stabiliteit en sekuriteit van 'n gemeenskap en sy individuele lede inhou. Hierdie handeling word onderhewig gestel aan 'n straf, wat bestaan uit meer as net blote morele afkeuring, en uitgevoer word deur die staat wat 'n sekere doel met die strafoplegging beoog."[1)]

Vir die doel van hierdie ondersoek is misdaad beskou vanuit 'n juridiese opvatting, nl. dat „misdaad is 'n handeling wat op straf verbied is, en straf is 'n leed wat die pleger van 'n misdaad van staatsweë toegevoeg word, omdat hy die misdaad gepleeg het."[2)]

Tabel 11 gee 'n beeld van die aantal ouers van die 100 sorgbehoewende kinders wat gevangenisstraf ondergaan en uitgedien het.

1. Van der Walt, P.J. Die Suid-Afrikaanse Misdaadstatistiek, p. 34.
2. De Wet en Swanepoel. Strafreg, p. 2.

TABEL 11

Getal ouers van 100 sorgbehoewende kinders wat gevangenisstraf ondergaan het[1]

| Betrokke ouer | Aantal | Persentasie | |
|---|---|---|---|
| Vader | 15 | 15.0 | 18.0 |
| Moeder | 2 | 2.0 | |
| Albei | 1 | 1.0 | |
| Geen misdaad of onbekend | 82 | 82.0 | |
| Totaal | 100 | 100.0 | |

1. Gegewens verkry van die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm verwerk.

Volgens tabel 11 is 18.0 persent van die ondersoekgroep se vader, moeder, of albei ouers, gevangenisstraf opgelê vir misdade soos aanranding van die vrou, manslag, dronkbestuur, diefstal, smokkelhandel en minagting van die hof. Die vaders het die grootste persentasie uitgemaak, naamlik 15.0 persent, die moeders 2.0 persent, terwyl 1.0 persent van die ouers albei aan misdaad skuldig was.

P.R. Smith[1] het interessant genoeg byna dieselfde persentasie verkry soos die in tabel 11, naamlik dat 13.0 persent van die vaders, 3.0 persent van die moeders en 1.0 persent van albei ouers aan misdaad skuldig bevind is. C.J.E. Jonker[2] het bevind dat 17.5 persent van die ondersoekgroep van 200 sorgbehoewende leerlinge aan nywerheidskole se ouers deur die hof aan bepaalde

1. Smith, op. cit., p. 51.
2. Jonker, op. cit., p. 124.

oortredings skuldig bevind is, naamlik 14.0 persent van die vaders en 3.5 persent van die moeders. J.W.J. Fouche[1] het in sy ondersoek na die persoonlike en gesinsagtergrond van 175 onbeheerbare kinders bevind dat 11.4 persent van die ouers (10.3 persent van die vaders en 1.1 persent van die moeders) hulle aan misdaad skuldig gemaak het. Verdere ondersoekers het die volgende bevindinge gemaak: T.E. Sullenger[2] 32.0 persent; W.A. Willemse[3] 2.5 persent; C.F. Albertyn[4] 5.3 persent; P.R. Smith[5] 17.0 persent; C.J.E. Jonker[6] 17.5 persent en die van I.J.J. van Rooyen[7] is 4.10 persent.

3.3.1.7 Samevatting van die bevindinge van tabelle 4 tot 11

Die gedragspatrone en eienskappe van die ouers is die volgende: drankmisbruik; alkoholisme; onsedelikheid; buite-egtelikheid; verlating; werkloosheid; fisiese en psigiese ongesteldheid en gevangenisstraf. Al hierdie faktore e.a. oefen invloed uit op sorgbehoewendheid en is oorsake van ᵊn komplekse aard vir verwysing van kinders na die nywerheidskool.


Dit moet ook vermeld word dat die bevindings, ens. van hierdie ondersoek ᵊn sterk tendens van ooreenkoms vertoon met die algemene patroon van die resultate van ander navorsers - dit dien as maatstaf vir ᵊn goeie mate van kontrole.

---

1. Fouche, op. cit., p. 157.
2. Sullenger, op. cit., p. 19.
3. Willemse, op. cit., p. 35.
4. Albertyn, op. cit., p. 66.
5. Smith, op. cit., p. 51.
6. Jonker, op. cit., p. 151.
7. Van Rooyen, op. cit., p. 151.

DIAGRAM 1

Vergelyking van gedrag en eienskappe van die vaders en en moeders[1] van die ondersoekgroep




1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders. Diagram deur die ondersoeker opgestel.

Wat die werklike invloed van vaders en moeders se gedragspatrone en eienskappe afsonderlik op die probleemskepping en vorming van sorgbehoewendheid is, word in diagram 1 aangetoon. Slegs 'n paar voorbeelde word ter verduideliking genoem:

Drankmisbruik: vaders 51.0 persent vergelyk met moeders 15.0 persent;

alkoholisme: vaders 16.0 persent vergelyk met moeders 7.0 persent;

onsedelikheid: vaders 13.0 persent vergelyk met moeders 17.0 persent;

buite-egtelikheid: vaders 6.0 persent vergelyk met moeders 12.0 persent; en

arbeidsonbestendigheid: vaders 23.0 persent vergelyk met moeders 0 persent.

Die ware oorsake van sorgbehoewendheid, ook afwykende gedrag, is moeilik om vas te stel, omdat ons hier te make het met 'n maatskaplike verskynsel wat deur baie faktore in wisselwerkende verhouding veroorsaak word. Die ontleding van die faktore wat sorgbehoewendheid in die hand werk, verskaf egter 'n aanduiding van hoe die verskynsel ontstaan. Die verband tussen persoonlike en maatskaplike faktore moet nooit uit die oog verloor word nie.

### 3.3.2 Die huislike omstandighede van die ondersoekgroep nywerheidskoolkinders

In die volgende tabel vind ons 'n weerspieëling van die huislike omstandighede van 100 nywerheidskoolleerlinge voordat hulle na 'n nywerheidskool verwys is.

TABEL 12

Die frekwensie-orde van gesinstoestande van 100 sorgbehoewende kinders[1)]

| | Toestande | Getal gesinne | Persentasie |
|---|---|---|---|
| 1. | Swak gesinsverhoudings | 61 | 61.0 |
| 2. | Behoeftigheid | 58 | 58.0 |
| 3. | Verwaarlosing van kinders | 54 | 54.0 |
| 4. | Swak huis (behuisingsomstandighede) | 48 | 48.0 |
| 5. | Oorbewoning | 46 | 46.0 |
| 6. | Egskeiding | 18 | 18.0 |
| 7. | Kerkbesoek (gereeld) | 15 | 15.0 |
| 8. | Moeder oorlede | 13 | 13.0 |
| 9. | Vader oorlede | 11 | 11.0 |
| 10. | Stiefmoeder | 11 | 11.0 |
| 11. | Stiefvader | 10 | 10.0 |
| 12. | Pleegouers | 3 | 3.0 |
| 13. | Albei ouers oorlede | 1 | 1.0 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en in tabelvorm opgestel deur die ondersoeker.

In hierdie afdeling volg ŉ interpretasie van die frekwensie-orde van die gesinstoestande van die ondersoekgroep.

3.3.2.1 Swak gesinsverhouding

(a) Verhoudings tussen ouers

Die huweliksverhouding is die basis van elke gesin en die liefdeverhouding is die stewige sement

vir die duursaamheid en die hoekstene daarvan soos Van Dÿk die wese van ꞌn huwelik kernagtig saamvat met „de intieme sexuele liefdesgemeenskap tussen één man en een vrouw voor de duur van het leven."

Die essensie van die huwelik is die persoonlike intieme verhouding tussen die huweliksmaats; wat ꞌn <u>primêre verhouding</u> is. Die komponente bestanddele of vereistes vir ꞌn huweliksopset is geestelike en biologiese verenigbaarheid, sekere vaardighede, inspanning, toevertroue, bystand „maar die grootste hiervan is die liefde."[1] „Love is a blend of many elements - sexual attraction, companionship, care, and affirmation."[2]

ꞌn Gesonde huweliksverhouding is „aansteeklik" en sal deurwerk in elke funksie van die gesinslewe, maar waar „huwelikslytasie" plaasvind, sal die gesin in die algemeen en die kind in die besonder daaronder ly.

Tabel 12 toon aan dat 61.0 persent van die ouers se verhoudings teenoor mekaar swak en onstabiel was. Die Gluecks[3] se ondersoeke het getoon dat 63.0 persent van die jeugoortreders se ouers versteurde man-vrou-verhoudings gehad het. Verdere ondersoeke het die volgende getoon: C.J.E. Jonker[4] 54.5 persent; J.L.J. Kruger[5] 77.0 persent en P.R. Smith[6] 56.0 persent. Cyril Burt[7] het bevind dat daar in 58.0

---

1. 1 Korinthiërs 13:13.
2. Blood. Marriage, p. 107.
3. Gluecks. Unraveling juvenile delinquency, p. 111.
4. Jonker, op. cit., p. 128.
5. Kruger, op. cit., p. 105.
6. Smith, op. cit., p. 72.
7. Burt, op. cit., p. 101.

persent van die gesinne „defective family relationships" geheers het. J.W.J. Fouche[1] is die mening toegedaan dat daar by 59.0 persent van sy ondersoekgroep van 175 onbeheerbare kinders se ouers swak verhoudings tussen man en vrou geheers het.

(b) <u>Verhoudings tussen ouers en kinders</u>

J.W.J. Fouche[2] het bevind dat 70.5 persent van die vader-kindverhoudings en 62.5 persent van die moeder-kindverhoudings onvolledig was. P.R. Smith[3] het bevind dat 56.0 persent van die vader-seunverhoudings en 42.0 persent van die moeder-seunverhoudings nie goed was nie. In die ondersoekgroep bevind J.L.J. Kruger dat 35.0 persent van die verhoudings tussen ouers en kinders redelik was, terwyl 41.0 persent swak verhoudings was.[4] Onvolledigheid van die verhouding tussen ouers en kind was dus by 76.0 persent van dié gesinne te bespeur.

C.J.E. Jonker[5] sê „volgens die mening van maatskaplike werkers en sielkundiges verbonde aan die nywerheidskole is 63.5 persent van die leerlinge se verhouding met hulle vaders en 55.5 persent met hulle moeders swak."

Dit is die taak van elke onderwyser-opvoedkundige en elke ouer om in die opvoedingsproses 'n stewige en soliede verhouding tussen hom en die kind op

1. Fouche, op. cit., p. 157.
2. Ibid., p. 157-158.
3. Smith, op. cit., p. 72.
4. Kruger, op. cit., p. 109.
5. Jonker, op. cit., p. 129.

te bou, want „'n gesonde verhouding sal bepaald 'n bolwerk teen wangedrag vorm deurdat die kind terwille van die goeie gesindheid en as gevolg van die positiewe invloed daarvan op sy persoonlikheidsontwikkeling sterk weerstand teen die verleiding sal bied."[1]

Die vertroebelde ouerverhoudings (61.0 persent), is menigmaal die bronwel van patologiese verskynsels soos drankmisbruik, onsedelikheid, werkloosheid, armoede en andere, en word die voedingsbodem vir 'n kind se wangedrag wat sorgbehoewendheid in die hand werk.

3.3.2.2 Behoeftigheid (armoede)

„Poverty may be most conveniently defined to mean earnings insufficient for the maintenance of bodily health."[2] Hierdie definisie van Burt oor armoede stem ooreen met die van Neumeyer nl. dat „poverty is usually thought of as a condition of living in which a person and the family, because of either inadequate income or unwise expenditure of the available income, are unable to maintain a minimumum standard of living."[3]

Armoede ontstaan as gevolg van liggaamsgebreke, siektes, verstandsgebreke, oorerwing, karaktergebreke, omgewingsfaktore (natuurrampe), ekonomiese toestande en het verwaarlosing, ondervoeding, swak behuising, siektes, geestestoestande, misdaad, drankmisbruik en swak gesinsverhoudings ten gevolg. Daar is heelwaarskynlik geen enkele faktor wat soveel tot die demoralisering

1. Venter, op. cit., p. 287.
2. Burt, op. cit., p. 66.
3. Neumeyer, op. cit., p. 262.

van die gesinslewe en uiteindelik tot sorgbehoewendheid lei, as armoede en behoeftigheid nie.

In hierdie verband sê Tappan dat „poverty is related to delinquency but chiefly because along with subnormal economic circumstances go other elements in the training and experience of the child that themselves are more important in determining character, values, and reactions to the law: domestic conflict, delinquent gangs, poor education and recreational facilities, ready temptations to illegality, these are the more immediately operative elements."[1]

In die lig hiervan toon tabel 12 dat armoede en behoeftigheid by 58.0 persent van die huisgesinne van die proefgroep sorgbehoewende leerlinge aanwesig was.

Volgens J.M. Lötter[2] kom 49.3 persent van die jeugoortreders uit arm of baie arm gesinne. J.W.J. Fouche[3] het bevind dat in 70.8 persent van die huise van 175 onbeheerbare kinders armoede hoogty gevier het. I.J.J. van Rooyen[4] het bevind dat in sy ondersoekgroep van 2 001 sorgbehoewende kinders 53.37 persent in armoede geleef het. J.L.J. Kruger[5] het bevind dat in sy ondersoekgroep 60.0 persent van die gesinne behoeftig was en dat slegs 20.0 persent volkome ekonomies selfstandig was. Burt[6] het bevind dat 53.0 persent van die lede van sy ondersoekgroep uit armoedige gesinne kom.

---

1. Tappan, Juvenile delinquency, p. 142.
2. Lötter, op. cit., p. 118.
3. Fouche, op. cit., p. 120.
4. Van Rooyen, op. cit., p. 151.
5. Kruger, op. cit., p. 24.
6. Burt, op. cit, p. 101.

In hierdie ondersoek was dit wel duidelik dat daar 'n verband bestaan tussen drankmisbruik, werkloosheid en armoede. Ook 'n faktor wat bydra tot behoeftigheid van gesinne is die neiging tot mobiliteit wat nie net armoede en onstabiliteit in die gesinstruktuur bewerk nie, maar ook lei tot aanpassings- en skolastiese probleme vir die kind.

### 3.3.2.3 Verwaarlosing

„Omdat die mens beide liggaamlike en geestelike wese is, beteken dit dat die versorgingsfunksie van die gesin met beide aspekte verband moet hou. Die versorging van die kind na die liggaamlike, soos die bestendige voorsiening van voedsel, klere, 'n huis en beskerming, word dus as van essensiële belang beskou. Aangesien sy hulploosheid egter nie slegs liggaamlik is nie, maar ook by uitstek geestelik, (hy is 'n religieuse wese)[1] moet die kind ook op laasgenoemde vlak bestendig versorg word. Dit behels dat geestelike vermoëns soos onder meer sy emosionele lewe met die nodige leiding en onderskraging tot geleide rypwording en selfstandigheid gebring word."[2]

Volgens tabel 12 blyk dat in 54.0 persent van die gesinne kinderverwaarlosing plaasvind omdat die ouergesinne om die een of ander rede hierdie gesinsopvoeding verwaarloos het.

### 3.3.2.4 Behuisingsomstandighede

Die huislike omstandighede kan beskryf word as die fisiese atmosfeer in die ontwikkeling van die kind. Net

1. Waterink. Theorie der opvoeding, p. 73.
2. Roode. Inleiding tot die sosiologie, p. 120.

soos die plant alleen tot wasdom kom wanneer die fisiese omgewing dit toelaat, net so sal die persoonlikheid van die kind ook gedy wanneer die huislike omstandighede dit regverdig en positief voed. 'n Voldoende fisiese atmosfeer (die huis) en 'n gesonde psigiese atmosfeer (verhoudings in die huis), sal bydra tot die vorming en ontwikkeling van die kind se persoonlikheid.

Oor die negatiewe uitwerking van die vorige sê Burt sy gegewens „indicate plainly that it is in the poor, overcrowded, insanitary households, where families are huge, where the children are dependent so ely on the state for their education and where the parents are largely dependent on charity and relief for their own maintenance, that juvenile delinquency is most rife."[1)]

Tabel 12 toon aan dat 48.0 persent van die huise waarin die ondersoekgroep hulle bevind het, swak en ontoereikend was.

C.J.E. Jonker[2)] beweer dat 60.0 persent van haar ondersoekgroep se woningsruimte tydens hulle verwydering onvoldoende was; I.J.J. van Rooyen[3)] het bevind dat 49.73 persent van sy ondersoekgroep uit swak huislike omstandighede kom; J.W.J. Fouche[4)] het in sy ondersoek bevind dat 40.0 persent van die 175 onbeheerbare kinders uit huise kom waar die woningstoestande swak was.

---

1. Burt, op. cit., p. 78.
2. Jonker, op. cit., p. 104.
3. Van Rooyen, op. cit., p. 151.
4. Fouche, op. cit., p. 127.

### 3.3.2.5 Oorbewoning

Oorbewoning is 'n verterende faktor in die bolwerk van die fisiese, emosionele en sosiale atmosfeer van die kind. By elke kind bestaan die hunkering na die persoonlike belangstelling van die ouer in hom. In hierdie behoeftebevrediging strewe die kind na liefde, erkenning, wil hy aanvaar, versorg en op alle gebiede sekuriteit smaak en verwerk. Oorbewoning in enige gesinstruktuur sal persoonlike aandag van die ouers in die kind nie moontlik maak nie, want 'n afgesloofde moeder sal nie tyd en krag hê om die ekspressiewe rol te vervul nie. Oorbewoning verlaag die moraliteit, sedelikheid en funksionering van die gesin en kan privaatheid, wedersydse respek en liefde tussen die gesinslede wat veeleenheid van die gesin bewerkstellig, bedreig en vernietig.

Met hierdie negatiewe beeld voor oë is uit hierdie navorsing bevind volgens tabel 12 dat 46.0 persent van die leerlinge se ouerhuise oorbewoon was.

J.W.J. Fouche sê dat „by 48.6 persent van die gesinne is daar nie genoeg ruimte vir al die lede nie sodat oorbewoning in die ergste graad voorkom."[1] I.J.J. van Rooyen[2] het bevind dat 18.09 persent van die sorgbehoewende kinders uit oorbewoonde huise kom, terwyl C.J.E. Jonker[3] bevind het dat 48.0 persent van die 200 leerlinge aan nywerheidskole in oorbewoonde huise gewoon het.

1. Fouche, op. cit., p. 128.
2. Van Rooyen, op. cit., p. 151.
3. Jonker, op. cit., p. 108.

3.3.2.6 <u>Egskeiding</u>

Soos alreeds vroeër bespreek[1] gaan baie ouers nooit oor tot die aansoek om 'n wettige egskeiding nie en staan die skeiding opgeteken as verlating. Die aanloopbaan van egskeiding word gewoonlik o.m. gekenmerk deur liefdeloosheid, swak gesinsverhoudings, geen respek vir mekaar nie, swak optrede deur ouers teenoor mekaar en soms ontrouheid en drankmisbruik. Egskeiding is die laaste hoofstuk van so 'n gesin se voortbestaan maar die oorsake daarvan het alreeds die brandmerk op die gesinslede gelaat.


„The mere divorcing of two individuals does not present a disastrous consequence as far as society is concerned, but the effect upon the lives of the children is far-reaching and often fraught with moral disaster. The children are not only denied wholesome homes and family life, but the love and respect of one parent or both is lost. The very foundation of their existence is wrecked. The child's whole outlook upon life has been changed. The children often fail to understand what it is all about; yet, at the same time, they are keenly aware that something vital and terrible is taking place in their lives."[2]

Die afgryse van hierdie inhoud word inderdaad werklikheid soos blyk uit tabel 13 wat toon dat in 18.0 persent van die gevalle waar die kinders sorgbehoewend verklaar is, is die ouers van mekaar geskei.

Die onderstaande piramide (tabel 13) gee 'n duidelike beeld van die bevindings van enkele navorsers oor egskeiding en die sorgbehoewende kind.

1. Vgl. hierdie hoofstuk.
2. Sullenger, op. cit., p. 25.

TABEL 13[1]




1. Gegewens verkry uit die bevindinge van enkele navorsers.

---

Die aandag word gevestig op hierdie ondersoek waar 18.0 persent egskeidings voorgekom het by die ouers van sorgbehoewende kinders.

3.3.2.7 Kerkbesoek

Neumeyer onderstreep ook die belangrikheid van die godsdiens wanneer hy sê: „It is generally believed that sound religious instruction and character development during the formative years prevent deviant behavior."[9] Neumeyer sê verder dat „Opinions differ with regard to the influence of religion and the church as

1. Cavan. Juvenile delinquency, p. 118.
2. Jonker, op. cit., p. 127.
3. Willemse, op. cit., p. 28.
4. Smith, op. cit., p. 112.
5. Sullenger, op. cit., p. 24.
6. Fouche, op. oit., p. 146.
7. Gluecks, op. cit., p. 7.
8. Lötter, op. cit., p. 100.
9. Neumeyer, op. cit., p. 236.

means of preventing delinquency, but it is commonly believed that an effeotive church program is a powerful force in community life and plays a dynamic part in the prevention of delinquency."[1] Hy sê ook dat „Churches, through spiritual guidance, can help children gain perspeotive on life and face difficulties with greater confidence. They can give guidance through private counseling, worship, and instruction; and they provide opportunities for young people to form wholesome associations."[2]

'n Christelike wêreld- en lewensbeskouing is vir Keyter[3] „die enigste heilsame weg tot die ontwikkeling van volwaardige persoonlikheid by die jeug van die land en van die handhawing en uitbouing van 'n ordelike en menswaardige gemeenskapslewe wat daartoe die waarborg kan verleen. In die eerlike poging om daardie doel voor oë te hou in die doelbewuste opvoeding en in die bestryding van die vernietigende magte van genoemde veroppervlakkiging, sal die groter eenheid deur die gemeenskaplike belange en samelewing in die daelikse aktiwiteite van die lewe, vanself op natuurlike wyse bewerkstellig word."

Teen hierdie agtergrond van die primêre invloed van die rol en funksie van die kerk, geloof en godsdiens en die ampte, toon tabel 12 aan dat slegs 15.0 persent van die ouers „gereeld" die eredienste bywoon. C.J.E. Jonker[4] het bevind dat 11.5 persent van haar ondersoekgroep se ouers gereeld kerkdienste bygewoon het;

1. Neumeyer, op. cit., p. 383.
2. Ibid., p. 384.
3. Keyter, op. oit., p. 165.
4. Jonker, op. oit., p. 25.

J.J.L. Kruger[1] se bevindings was 17.0 persent, terwyl P.R. Smith[2] se bevindings slegs 13 persent kerkbesoek toon. Uit al hierdie ondersoeke is dit dus duidelik dat die kerkdienste nie gereeld bygewoon word nie en dat die geloofsmoed, krag en lewensbeginsels swak is.

3.3.2.8 Moeder oorlede

Na die dood van die vader ontbeer die kind lewensmiddele, status en tug, maar na die dood van die moeder ontbeer die kind voorbereiding van voedsel, versorging, toegeneë en liefdevolle gedrag asook emosionele steun van die moeder. Omdat die kind meer te doen het met sy moeder in die gesin sal sy meer gemis word na haar dood as die vader. Hierin word geensins weerspieël dat die moeder belangriker is vir die opvoeding van die kind nie. Doelgerigte en liefdevolle opvoeding en ontwikkeling van 'n kind alleen, geskied in 'n volledige gesin (vader en moeder) asook 'n voldoende gesin (voldoende versorging op materiële en nie-materiële gebiede). Die kwalifiserende eienskap vir die opvoeding van die gesin setel in twee ouers wat liefdevol na die kind en sy behoeftes omsien. „The main socialization tasks for parents are providing love and imposing discipline."[3]

Tabel 12 toon dat in hierdie ondersoek 13.0 persent van die moeders afwesig was weens die dood. Sommige van die kinders van die ondersoekgroep het hulle moeders op 'n vroeë leeftyd verloor en andere weer op 'n latere stadium terwyl die gevolge daarvan in baie gevalle nie positief was nie. Dat die kind meer kwesbaar is op 'n vroeë

1. Kruger, op. cit., p. 141.
2. Smith, op. cit. p. 64.
3. Blood, op. cit., p. 459.

leeftyd as op 'n latere leeftyd is 'n saak waaroor daar beslis nie meningsverskille behoort te bestaan nie.

Ander ondersoeke het die volgende getoon: P.R. Smith[1] 9.0 persent; C.J.E. Jonker[2] 3.5 persent; J.W.J. Fouche[3] 8.0 persent; J.W. Schuijl[4] 10 persent en H.H. Strating[5] se bevinding in die verband is 20.1 persent.

3.3.2.9 Vader oorlede

'n Gesin is onvoldoende wanneer een van die ouers dit verlaat en te meer nog wanneer een van hulle te sterwe kom. Daar bestaan meningsverskeidenheid oor wie van die ouers die belangrikste lid in die gesin is. In die lig van die feit dat 'n gesin bestaan uit 'n vader, 'n moeder en kinders as 'n veeleenheid, behoort genoemde standpunte nie ter sake nie. Alhoewel die vader in 'n groot mate 'n instrumentele rol[6] vervul, d.w.s. funksies wat betrekking het op die verhoudings van die gesin en die situasie buite die gesin, is dit sy plig om die gesin te onderhou, status te verskaf en veral die tug te handhaaf.

Die belangrikheid hiervan lê opgesluit in: „fathers play crucial parts in children's socialization. For boys in particular, fathers are indispensable. Growing up to be a man requires a masculine model with which to identify. Children need warm, effective parents of their own sex to emulate. Those who lose their sex-role model through death, divorce, or long-term sepa-

1. Smith, op. cit., p. 95.
2. Jonker, op. cit., p. 90.
3. Fouche, op. cit., p. 146.
4. Schuijl. Delinquente jongens, p. 94.
5. Strating, Die verwaarlosing en wangedrag van dogters, p.310.

ration are handicapped."[1]

Dat die afsterwe van 'n vader die hele gesinstruktuur raak, word weerspieël met die volgende gegewens. In 11 persent van die gesinne van die ondersoekgroep was die vader a.g.v. dood afwesig. Verdere ondersoeke het die volgende getoon: P.R. Smith[2] 16.0 persent; J.W. Fouche[3] 18.3 persent en C.J.E. Jonker[4] 10.5 persent.

In hierdie verband het Willemse die volgende gesê: „Especially in the case of boys the absence of a real father is a source of weakness to the home. Apart from the grave difficulty of finansial support, the widowed mother lacks that touch of awe which makes real discipline possible."[5]

Hierdie ondersoek het die verband tussen die afsterwe van die vader en sorgbehoewendheid getoon, omdat soveel seuns die pad totaal byster geraak het na hierdie tragiese gebeure; dit is egter 'n natuurlike verskynsel en beskikking van Bo wat troos- en hoopvol aanvaar moet word.

### 3.3.2.10 Stiefmoeder

Albertyn[6] beweer dat die teenwoordigheid van 'n stiefmoeder 'n groter samehang met afwykende gedrag toon as die teenwoordigheid van 'n stiefvader. Hierdie stelling word gebaseer op die feit dat die moeders meer met

1. Blood, op. cit., p. 461.
2. Smith, op. cit., p. 95.
3. Fouche, op. cit., p. 146.
4. Jonker, op. cit., p. 90.
5. Willemse, op. cit., p. 28.
6. Fouche, op. cit., p. 146.

die kinders te doen het as die vaders. „Wanneer daar 'n nuwe moeder in die huis kom, sal botsing tussen haar en die dogters meer plaasvind as tussen haar en die seuns in die gesin, veral as die stiefmoeder kinders van haar eie het, of later kry. Die stiefmoeder trek altyd haar eie kinders voor en veral by blankes veroorsaak dit baie wrywing, want die vader is nie altyd geneig om vir sy eie kinders in die bres te tree nie, omdat hy nie graag rusie met sy vrou wil hê nie."[1] Daar word dus gevind dat die stiefvader meer geneig is om sy kinders op te offer in so 'n nuwe huwelik, terwyl die teendeel waar is van die stiefmoeder.

Aanpassing van die kinders by 'n stiefmoeder vereis dikwels baie inspanning en spanninge. Hoe jonger die kind, des te makliker is hierdie aanpassing, maar dit gebeur ook soms dat die „nuwe" moeder net 'n paar jaar ouer is as die kinders van die vader. Willemse[2] sê dat „the proverbial stepmother is a disadvantage to the maturing girl", omdat „the little girl not only admires her mother as the type of lady she would wish herself to be, but she also envies her mother on account of the latter's love position in regard to their common object - the father".

'n Normale volledige huis, waar harmonie heers, bied 'n stewige fondament vir dissipline, maar dieselfde kan nie gesê word wanneer 'n stiefmoeder op die toneel verskyn nie. Die aanpassing en oriëntering is soms te groot en te moeilik, gevolglik lei dit tot gesinsdisorganisasie wat kan uitloop op sorgbehoewendheid.

---

1. Albertyn, op. cit., p. 60; Wilmink en Van Houte. Opvallende kinderen, p. 73-76.
2. Willemse, op. cit., p. 29.

Tabel 12 toon hierdie stiefmoedersituasie vir die sorgbehoewende kind. Uit hierdie ondersoek blyk dat 9.0 persent van die gesinne stiefmoeders het. J.W.J. Fouche[1] het in sy ondersoek na die persoonlike en gesinsagtergrond van 175 onbeheerbare kinders wat sorgbehoewend verklaar is, 9.7 persent stiefmoeders gevind; I.J.J. van Rooyen[2] bevind in sy ondersoekgroep dat 3.96 persent van die kinders stiefmoeders het; W.A. Willemse[3] se bevinding in die verband is 12.7 persent; C. Burt[4] kom tot die gevolgtrekking dat 15.2 persent van sy ondersoekgroep stiefmoeders het; C.F. Albertyn[5] se ondersoek lewer 'n persentasie van 14.0 persent op, terwyl G. Cronje[6] bepaal het dat 2.81 persent van sy ondersoekgroep stiefmoeders het en J.W. Schuijl[7] se ondersoek volstaan by 10.0 persent.

Dit is dus duidelik dat in menige geval daar 'n positiewe verband bestaan tussen 'n stiefmoeder en sorgbehoewendheid.

3.3.2.11 Stiefvader

Hierdie is 'n situasie waar 'n vreemde manlike persoon die rol moet vervul wat deur die werklike vader vervul is en sodoende moet nuwe verhoudings opgebou word. In die normale huis idealiseer die seun sy vader. „The boy

1. Fouche, op. cit., p. 146.
2. Van Rooyen, op. cit., p. 49.
3. Willemse, op. cit., p. 28.
4. Burt, op. cit., p. 64.
5. Albertyn, op. cit., p. 57.
6. Cronje. Ontspoorde jeugdiges, p. 72.
7. Schuijl, op. cit., p. 94.

then sees his father as the ideal man he would like to be himself. The boy's admiration for his father is combined with jealousy because of their rivalry for the love of the mother."[1]

In dié geval moet die kind aanpas by 'n nuwe persoon binne in 'n vreemde situasie. Willemse kom in hierdie verband tot die gevolgtrekking dat „the stepfather relationship is detrimental to a boy's harmonious development."[2]

Vervolgens toon tabel 12 dat daar in die gesinne van die ondersoekgroep 10.0 persent stiefvaders is. Ander ondersoeke het die volgende gegewens opgelewer:

P.R. Smith[3] 20.0 persent; J.W.J. Fouche[4] 13.1 persent; C. Burt[5] 10.1 persent; G. Cronje[6] 8.44 persent; W.A. Willemse[7] 14.6 persent en die van C.F. Albertyn[8] is 8.2 persent.

3.3.2.12 Pleegouers

„Foster homes are private homes in which children are placed instead of in an institution or school of some kind."[9]

---


1. Willemse, op. cit., p. 29.
2. Albertyn, op. cit., p. 29.
3. Smith, op. cit., p. 127.
4. Fouche, op. cit., p. 146.
5. Burt, op. cit., p. 64.
6. Cronje, op. cit., p. 72.
7. Willemse, op. cit., p. 28.
8. Albertyn, op. cit., p. 57.
9. Cavan, op. cit., p. 199.

Baie kinders word ingevolge die bepalings van die Kinderwet[1] in pleegsorg geplaas wat andersins moontlik o.m. op inrigtingsorg aangewese sou gewees het. Ten opsigte van die meeste van die kinders (sowat 55.0 persent)[2] word nie inrigtingsorg aanbeveel nie, maar word 'n bevel uitgereik dat hulle herstel moet word in die sorg waar hulle was voordat kinderhofverrigtinge geopen is; òf dat hulle in pleegsorg, òf onder beheer van 'n goedgekeurde vereniging geplaas word. Die pleegsorggevalle word deur die kinderhawe óf in pleegsorg geplaas sonder toesig óf in pleegsorg onder toesig. Gedurende 1963[3] is 435 kinders in pleegsorg geplaas sonder toesig, 408 kinders in pleegsorg en onder toesig en 2 in pleegsorg en op proef. Jeugdige oortreders wat in die howe skuldig bevind is word in sommige gevalle ook in pleegsorg geplaas. Gedurende 1963[4] is 25 jeugdige oortreders in pleegsorg geplaas, waarvan 7 sonder toesig en 18 onder toesig van 'n proefbeampte geplaas is.

Volgens tabel 12 het 3.0 persent van die proefgroep in hierdie ondersoek pleegouers gehad. Daar word saamgestel met Neumeyer wanneer hy sê dat „foster home care is better than institionalization."[5] Daar moet egter in gedagte gehou word dat emosionele vorming en groei in die oorplasing vanaf die <u>gesin van oriëntasie</u> na die pleegsorggesin, asook die voorafgaande tydperk van verwaarlosing, 'n blywende effek op die kind kan hê.

1. Vgl. hoofstuk 1, p. 1.
2. Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene vir die tydperk 1962 tot 1964, p. 39.
3. Ibid., p. 40.
4. Ibid., p. 41.
5. Neumeyer, op. cit., p. 164.

DIAGRAM 2




1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders. Diagram deur die ondersoeker opgestel.

In drie van die vier gevalle wat by hierdie ondersoek betrek is, is die kinders op 'n baie jong leeftyd in pleegsorg geplaas en toe die kinders groter begin word en die kleuter sy „mooiheid en ongereeptheid" verloor, het die pleegouers belangstelling verloor en aansoek gedoen vir die verwydering van die kind. In die vierde geval was die pleegmoeder 'n alkoholis en kon sy geen beheer oor die kind uitgeoefen het nie.

3.3.2.13 Albei ouers oorlede

In net een geval (1.0 persent) het die kind albei ouers verloor en is gevolglik na 'n kinderhuis verwys omdat daar geen ander belangstellende familie was nie.

Noudat die hooftrekke en die invloed van gesinstoestande van die ondersoekgroep bekend is, kan dit grafies voorgestel word (vgl. diagram 2).

### 3.3.3 Samevatting

Op grond van die gegewens van hierdie ondersoek en die bevindinge van die verskillende ondersoekers kan die volgende gevolgtrekkings gemaak word soos in die volgende tabel[1] uiteengesit word:

---

1. Tabel 14 is 'n opsomming en vergelyking van die bevindinge van hierdie ondersoek asook die van verskeie ondersoekers in hierdie verband. Alhoewel die tabel nie heeltemal volledig is nie, gee dit tog 'n duidelike uiteensetting en vergelyking van die verskillende bevindinge.

## TABEL 14

**'n Opsomming en vergelyking van gegewens (in persentasies) t.o.v. gesinsomstandighede soos bevind in verskeie ondersoeke[1])**

Ondersoeke van die volgende persone:

A: hierdie ondersoek  D: C.F. Albertyn  G: C.J.E. Jonker
B: T.E. Sullenger  E: P.R. Smith  H: J.W.J. Fouche
C: W.A. Willemse.  F: J.J.L. Kruger  I: I.J.J. van Rooyen

| | A | B | C | D | E | F | G | H | I |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Drankmisbruik | 55.0 | 48.0 | 23.0 | 21.7 | 47.0 | 52.0 | 57.0 | 53.8 | 45.03 |
| Onsedelikheid | 29.0 | - | - | 12.5 | 24.0 | 60.5 | 48.5 | 45.7 | 29.54 |
| Verlating | 22.0 | 8.8 | 7.4 | 16.5 | 15.0 | - | 26.0 | 11.4 | - |
| Werkloosheid | 17.0 | - | - | 5.0 | - | 11.0 | 24.5 | - | - |
| Fisiese en psigiese defekte | 28.0 | - | - | - | - | - | - | - | 13.10 |
| Misdaad | 18.0 | 32.0 | 2.5 | 5.3 | 17.0 | - | 17.5 | 11.4 | 4.10 |
| Swak gesinsverhoudings | 61.0 | - | - | - | 56.0 | 77.0 | 54.5 | 59.0 | 24.14 |
| Behoeftigheid (armoede) | 58.0 | 49.6 | 46.45 | 60.8 | - | 60.0 | 48.0 | 70.8 | 53.37 |
| Swak huis | 48.0 | - | - | - | - | 53.0 | 64.5 | 40.0 | 49.73 |
| Oorbewoning | 46.0 | - | - | 24.7 | - | - | 60.0 | 48.6 | 18.09 |
| Egskeiding | 18.0 | 18.2 | 11.0 | - | 16.0 | - | 8.0 | 19.4 | - |
| Kerkbesoek (gereeld) | 15.0 | - | - | - | 13.0 | 17.0 | 11.5 | - | - |
| Moeder oorlede | 13.0 | 12.8 | 16.7 | 10.3 | 9.0 | - | 3.5 | 8.0 | 14.5 |
| Vader oorlede | 11.0 | 17.9 | 31.4 | 7.2 | 16.0 | - | 10.5 | 18.3 | |
| Stiefmoeder | 11.0 | 6.3 | 12.7 | 14.0 | 11.0 | - | 3.5 | 9.7 | 11.0 |
| Stiefvader | 10.0 | 19.8 | 14.6 | 8.2 | 20.0 | - | 6.5 | 13.1 | |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers, vraelyste ingevul deur die kinders, persoonlike onderhoude met hulle asook verskeie ander bronne en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

(i) In meer as die helfte (55.0 persent) van die gesinne het drankmisbruik 'n rol gespeel en sodoende die wese van die sosiale struktuur van die gesin benadeel.

(ii) Onsedelikheid het by meer moeders (16.0 persent) voorgekom as by vaders (12.0 persent) terwyl die stand van die grafiek van buite-egtelikheid by die moeders ook hoër is. Drankmisbruik by die vader en onsedelikheid by die moeder was kenmerkend in hierdie ondersoek.

(iii) Kwaadwillige verlating het driemaal meer by vaders (15.0 persent) voorgekom as by moeders (5.0 persent), en dat talle verlatings „permanent" en geen poging aangewend is om die gesin weer volledig te kry nie.

(iv) Werkloosheid en werkskuheid (17.0 persent) gee aanleiding tot armoede in die huis en misdaad by die ouers asook 'n persoonlikheidsverandering wat uiteindelik lei tot gesinsdisorganisasie.

(v) Fisiese en psigiese onvermoë was by 'n groot getal ouers (28.0 persent) aanwesig. Hierdie onvermoë het veroorsaak dat talle ouers nie korrek teenoor hulle kinders kon optree nie. Genoemde defekte is tweemaal meer by moeders as by vaders aangetref.

(vi) Gevangenisstraf is vir 'n groter persentasie vaders as moeders opgelê. Interessant om daarop te let dat van die vaders wat hulle aan misdaad skuldig gemaak het, net drie van hulle nie drank misbruik het nie.

(vii) Swak gesinsverhoudings (61.0 persent) het geseëvier in hierdie gesinne. 'n Hoë persentasie van

die verhoudings tussen ouers was swak en onstabiel. Die meeste bevindinge van ander ondersoekers[1] stem ooreen met die gevolgtrekking dat swak gesinsverhoudings 'n defek het op die kind en sodoende kom sorgbehoewendheid in die meeste van sulke gevalle vry algemeen voor.

(viii) Behuising was in byna die helfte van die gevalle swak en ontoereikend (48.0 persent). Daar kan dus met sekerheid gesê word dat die oorgrote meerderheid van sorgbehoewende kinders uit huise kom waar die woningstoestande swak is. Hierdie toestande is geen positiewe faktor in die opvoedingsproses van die kind nie, dit veroorsaak minderwaardigheid, 'n gebrek aan selfrespek met bygeleidende ander simptome van gedragsafwykings.

(ix) Oorbewoning was 'n besliste defektiewe faktor in byna die helfte (46.0 persent) van die sorgbehoewende kinders se huisgesinne. Dit het geen positiewe uitwerking nie en bring die swakste morele toestande na vore soos fisiese en geestelike verwaarlosing van die gesinslede, privaatheid ontbreek, uithuisigheid van kinders, swak dissipline, toesig en beheer wat ook lei tot swak sedelike en morele verhoudinge tussen broers en susters.

(x) Egskeiding is aangetref by byna een vyfde (18.0 persent) van die huisgesinne. Net soveel skade as wat egskeiding die gesinsatmosfeer en struktuur berokken het, net soveel skade is alreeds verrig in daardie tydperk wat die egskeiding vooraf gegaan het. Drankmisbruik, ontrouheid, misdaad, verwaarlosing van die gesinslede is almal defekte neigings wat uiteindelik gelei het tot egskeiding en in by-

1. Vgl. tabel 14 van hierdie hoofstuk.

kans dieselfde persentasie gevalle tot permanente verlating.

(xi) Kerkbesoek is gereeld beoefen deur 'n klein persentasie (15.0 persent) en dit het weereens die belangrikheid vir die rigtende invloed van die godsdiens bewys in die gesin en veral vir die ontwikkeling van die jeugdige persoonlikheid. Spreuke 15:6 beklemtoon hierdie waarde soos volg: „In die huis van die regverdige is 'n groot skat."

(xii) Onvolledigheid van byna 'n kwart van hierdie gesinne is veroorsaak deur die afsterwe van die moeder (13.0 persent) of vader (11.0 persent). Dit opsigself toon die belangrikheid van 'n eie vader en moeder, wat die waarborg is vir 'n gesonde gesin as die wieg van 'n gebalanseerde persoonlikheid.

(xiii) Stiefmoeders, stiefvaders en pleegouers gesamentlik, is by byna 'n kwart van hierdie gesinne aangetref. Uit die ondersoek het dit weereens geblyk dat die stiefouer dit baie moeilik vind om stiefkinders dieselfde as hulle eie te behandel en op te voed - dit was veral die stiefmoeders wat meestal hieraan skuldig was.

(ix) Verdere patologiese verskynsels wat die gesin en in besonder die kind geraak het is bv. die opvoedingsonkundigheid, swak opvoeding van die ouers self, swak dissipline, gebrekkige verhouding van die ouers tot die samelewingsvorme soos die kerk en die skool, onvolwaardige persoonlikheid van die ouer, verwaarlosing van vryetydsbesteding en ontspanning, mishandeling van die vrou en/of die kinders, sosiale status van die

gesin, gesinsgrootte, inkomste en allerlei simptome van komplekse verskynsels van gedragsafwykings t.o.v. sorgbehoewendheid by hierdie kinders.

Die volgende hoofstuk sluit hierby aan omdat die ondersoeker enkele eienskappe van die 100 kinders ontleed om te bepaal watter invloed die gesin op die persoonlikheid van die kind gehad het, asook die invloed van buitenshuise faktore. In die voorafgaande is 'n redelik goeie beeld van die betroubaarheid van die gegewens in hierdie ondersoek vasgestel.

## HOOFSTUK 4

## 'N STATISTIESE STUDIE VAN SEKERE EIENSKAPPE EN GEDRAGSPATRONE VAN 100 KINDERS IN 'N NYWERHEIDSKOOL.

### 4.1 Inleiding

Die primêre oorweging in enige ondersoek na sorgbehoewendheid en afwykende gedrag van jeugdiges is die vraagstuk van veroorsaking. Weereens is hierin 'n besef gevorm van die betekenis van die teorie van „veelvoudige oorsaaklikheid" wanneer daar tot die komplekse aard van sorgbehoewendheid deurgedring wil word. Healy en Bronner som dit as volg op: „a grist of criminological theories: possession by the devil; economic and sociological theories of causation; theories accounting for crime by imitation, degeneracy, heredity; crime as a disease; the somewhat later absurd attempts to account for a very large share of misconduct as manifestations essentially of epilepsy, feeble-mindedness, injury of a hypothetical 'moral brain center,' immigration, physical inferiority and irritative conditions, such as imperfect vision or focal infections from abscessed teeth, psychopathic inferiority, innate defective emotional make-up, mid-brain lesions, poverty, the unclear conceptions of dementia precox, inadequate personality, neurotic compensations for inferiority. These are enumerated to show, not that there is no truth at all in them, but rather that the very multiplicity of theories proves the danger of setting about any program that is based upon the idea that all or a very large share of delinquency and crime is attributable to any one cause."[1]

---

1. Healy and Bronner. Delinquents and criminals: Their making and unmaking, p. 228.

Heelwat ondersoekers het in hulle ondersoeke deeglike analises gemaak van feitlike materiaal, soos ouderdom, ras, godsdiens, huislike omstandighede as min of meer geïsoleerde faktore en elemente in die veroorsaking van sorgbehoewendheid. Wat werklik in hierdie gevalle gedemonstreer word, is nie soseer veroorsaking nie, maar samehangende of relevante omstandighede. Gevolgtrekkings soos die volgende is gemaak, naamlik dat; ŉ lae verstandelike vermoë, swak huislike omstandighede, rasseverskille en agterlikheid, faktore is wat sorgbehoewendheid veroorsaak.

ŉ Tweede metode van ondersoek is die implimentering van statistiese tegnieke in ŉ poging om die betekenis van kombinasies van bogenoemde faktore, as verwant aan sorgbehoewendheid, te bepaal. Met genoemde in gedagte word interverwantskap en onafhanklikheid tussen sulke faktore soos ouderdom, ras, tipe, oortreding, vriendskappe, gesinsgrootte, skoolaanpassing, verstandelike vermoë en ekonomiese status van die gesin bepaal. In hierdie ondersoek is van die feitlike sowel as die statistiese metode gebruik gemaak. Laasgenoemde is miskien van meer algemene belang.

Om die inter-afhanklikheid tussen gesinsagtergrond en die gedrag van die kind te bepaal, is dit noodsaaklik dat ŉ ontleding en evaluering van die vernaamste kenmerke van die kind gemaak word. Bywyse van verduideliking van bogenoemde wisselwerking sal hierdie hoofstuk soos volg verloop, naamlik:

(a) die ontleding van die kenmerke van die ondersoekgroep;

(b) die ontleding van die persoonlikheidsisteem (gedrag) van die lede van die ondersoekgroep;

(c) ŉ spesifieke ontleding van die afwykendegedrag van

die groep, asook watter rol die gesinskultuur hier gespeel het; en

(d) 'n bepaling van die betroubaarheid van die gegewens t.o.v. hierdie ondersoekgroep.

Hierdie hoofstuk het dus hoofsaaklik te make met die kenmerke van die ondersoekgroep asook die verwantskap daarvan met die huislike- en gesinsagtergrond soos bespreek in die vorige hoofstuk.

## 4.2 Individuele eienskappe van die proefgroep leerlinge

### 4.2.1 Ouderdom van sorgbehoewende kind

Die ouderdom waarop die kinders sorgbehoewend verklaar is word in die onderstaande tabel aangedui nl., die ouderdomme wat die kinders gehad het toe hulle sorgbehoewend bevind is, en nie die ouderdom toe hulle toegelaat is tot die nywerheidskool nie.

TABEL 15

Ouderdom toe kind sorgbehoewend verklaar is[1)]

| Ouderdomsinterval | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 0 - 5 | 4 | 4.0 |
| 5 - 10 | 11 | 11.0 |
| 10 - 15 | 39 | 39.0 |
| 15 - 19 | 46 | 46.0 |
| Totaal | 100 | 100.0 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

Tabel 16 toon die ouderdom waarop die kinders toegelaat is tot die nywerheidskool.

TABEL 16

Ouderdom by toelating tot 'n Nywerheidskool[1)]

| Ouderdomsinterval | Frekwensie | Persentasie |
|---|---|---|
| 13 - 14⁻ | 6 | 6.0 |
| 14 - 15⁻ | 17 | 11.0 |
| 15 - 16⁻ | 48 | 43.0 |
| 16 - 17⁻ | 20 | 29.0 |
| 17 - 18⁻ | 8 | 10.0 |
| 18 - 19⁻ | 1 | 1.0 |
| Totaal | 100 | 100.0 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

## 4.2.2 Verstandelike vermoëns

Tabel 17 toon die verskillende konvensionele vlakke van intellegensie[1)] van die kinders aan.

1. Die intellegensie koëffisiënt van die ondersoekgroep is bepaal volgens die „Nuwe Suid-Afrikaanse groepstoets (senior reeks)", opgestel deur die Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing, (Februarie 1965).

TABEL 17

Frekwensietabel[1]

| Klasmiddel (I.K.'S) | Frekwensie | Totale I.K.'S |
|---|---|---|
| Xi | fi | fiXi |
| 67 | 2 | 134 |
| 72 | 0 | 0 |
| 77 | 20 | 1 540 |
| 82 | 22 | 1 804 |
| 87 | 20 | 1 740 |
| 92 | 15 | 1 380 |
| 97 | 14 | 1 358 |
| 102 | 6 | 612 |
| 107 | 1 | 107 |
| Totaal | 100 | 8 675 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge. Tabel deur ondersoeker opgestel.

Uit hierdie frekwensietabel is

$$fi\ Xi = 8\ 675 \quad \text{en} \quad X = \frac{1}{100}\ (8\ 675)$$

Die gemiddelde I.K. = 86.75


Volgens berekening is die mediaan I.K. = 86.5

Die gemiddelde I.K. van die ondersoekgroep is dus 86.5 en volgens skolastiese standaarde kan 78 van hierdie leerlinge standerd agt slaag, terwyl 22 van hulle dit moeilik sal vind. As die I.K. met die skoolprestasies vergelyk word blyk dit baie duidelik dat 83.0 persent[1] van hierdie 100 kinders skolasties vertraag is.

1. Vgl. hierdie hoofstuk.

GRAFIESE VOORSTELLING 1

Frekwensietabel van die I.K.'s van die ondersoekgroep grafies voorgestel[1]




1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge. Grafiese voorstelling deur ondersoeker opgestel.

4.2.3 Godsdienstige affiliasie

Die kerkverband van die gesinne van die ondersoekgroep by verwysing, word aangedui in tabel 18.

TABEL 18

Die kerkverband van 100 sorgbehoewende kinders in 'n Nywerheidskool[1]

| Kerkverband | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Drie Afrikaanse Kerke | 57 | 57.0 |
| Engelse kerke | 21 | 21.0 |
| Pinkster kerke | 3 | 3.0 |
| Rooms-Katolieke kerk | 6 | 6.0 |
| Apostel kerke | 9 | 9.0 |
| Ander en geen | 4 | 4.0 |
| Totaal | 100 | 100.0 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

Hierdie getalle is suggestief, want hulle toon nie aan hoe aktief die gesinne van hierdie kinders ingeskakel is by die kerk nie. P.R. Smith[1] het in hierdie verband die volgende gegewens verkry: Afrikaans-Protestants 46.0 persent; Engels-Protestants 24.0 persent; Rooms-Katoliek 8.0 persent; andere en geen kerkverband nie 4.0 persent.

1. Smith, op. cit., p. 57.

### 4.2.4 Buite-egtelikheid

Wille[1] definieer 'n wettige en 'n buite-egtelike kind soos volg: „A legitimate child is one born of parents who were legally married to each other, either at the time of its birth or conception, or at any intervening time; it follows that an illegitimate child is one born of parents who were not legally married to each other at any such time."

Volgens die gegewens is daar sewe buite-egtelike kinders in die ondersoekgroep.

### 4.2.5 Weeskind

Die gegewens toon aan dat daar net een weeskind in die ondersoekgroep was, aangesien sy ouers en twee van sy sussies tragies verongeluk het. Niemand wou die kind aanneem of versorg nie, en gevolglik is hy sorgbehoewend bevind en na 'n kinderhuis verwys. Twee jaar later is hy na 'n nywerheidskool gestuur.

## 4.3 Gedragsafwykings van die ondersoekgroep

Soos alreeds aangetoon[2] het ons met afwykende gedrag te doen „wanneer die reaksie van die individu in botsing kom met die aanvaarde manier van reageer, of opvallend daarvan verskil, dan wyk die gedrag af - ook van die kultuurpatrone - en het dit dus 'n negatiewe invloed en uitwerking op menseverhoudinge waarby twee of meer mense in kontak met mekaar is."

In die vorige hoofstuk is alreeds gewys op die belangrikheid van die gesin en hoedat hierdie ondersoekgroep se

1. Wille. Principles of S.A. law, p. 129.
2. Vgl. hoofstuk 1.

gesinne daarvan afwyk. In hierdie afdeling moet kortliks stilgestaan word by die persoonlikheidstruktuur van die kind wat binne die kulturele sisteem van die gesin gevorm is. Tabel 19 gee 'n duidelike oorsig van gedragsafwykings van hierdie 100 sorgbehoewende kinders.

TABEL 19

Enkele gedragsafwykings van die ondersoekgroep[1)]

| Gedrag | Getal | Persentasie |
|---|---|---|
| Swak skolastiese prestasie | 83 | 83.0 |
| Swak maats en omgewing | 35 | 35.0 |
| Stokkiesdraai | 25 | 25.0 |
| Opstandigheid | 14 | 14.0 |
| Woede-uitbarstings | 12 | 12.0 |
| Oormatige rook van tabak | 12 | 12.0 |
| Drostery en rondlopery | 11 | 11.0 |
| Ernstige diefstal | 10 | 10.0 |
| Kleinere diefstal | 9 | 9.0 |
| Dagga verslaaf | 3 | 3.0 |
| Onsedelike aanranding | 1 | 1.0 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

In hierdie afdeling volg 'n bespreking van die gegewens uit tabel 19.

### 4.3.1 Swak skolastiese prestasie

Alhoewel net 22[1)] van die 100 kinders subnormale ver-

1. Vgl. tabel 15 in hierdie hoofstuk.

standelike vermoë het, toon tabel 19 dat 83 van hulle swak op skool presteer en kan dus as skolasties vertraag beskou word. Cyril Burt het in die verband bevind dat „by far the majority - 82 per cent in fact of the entire batch - are below the middle line of average ability",[1] terwyl T.E. Sullenger bevind het dat „the average delinquent is retarded nearly two years."[2]

4.3.2 Swak maats en omgewing

Die studie van die kind se omgewing eindig nie by die huis nie. Met hierdie ondersoek het dit baie duidelik geword dat die aard van die omgewing waarin die gesin is, 'n impak op die kind het. Hierdie buitenshuise faktore soos die invloede van die buurt, die skool, die maats en bendevorming kan maklik oor die hoof gesien word in 'n navorsing.

G.F. Olivier[3] het met sy ondersoek bewys dat die swak buurt wel 'n rol speel by sorgbehoewendheid en jeugoortredinge. Bloch en Flynn sê dat „one need hardly be an expert to recognize the close relationship between detrimental physical living conditions and the wide range of problems associated with them." [4] 'n Baie interessante woord word deur Bloch en Flynn gebruik, naamlik „delinquency area" wat as „wangedragarea" vertaal kan word - met die konnotasie dat sekere areas of buurte meer jeugdige oortreders as ander lewer - trouens, dit is die hipotese wat Olivier bewys het met sy navorsing.[5] Hierdie areas is 'n stimilus vir jeugoortredings a.g.v. die karak-

1. Burt, op. cit., p. 296.
2. Sullenger, op. cit., p. 112; Van der Walt, J.P. Op. cit., (tabel 5), p. 51.
3. Olivier, op. cit., p. 86-124.
4. Bloch and Flynn. Delinquency, p. 192.
5. Olivier, op. cit., hoofstuk 5.

ter van die gesinne wat daar bly en die omstandighede wat dit veroorsaak het en „because of the opportunities these areas provide for illicit activity."[1] Die swak buurt met sy armoede, swak behuisingsomstandighede, oorbewoning, patologiese verskynsels en lae morele standaarde is vervleg in die kousaliteit van sorgbehoewendheid.

Dit is veral in hierdie swak buurtes waar die swak maats ontmoet word, en „the child's participation in the group activities of other children of his own age - the so-called peer-age culture - is a primary and direct factor in motivating many children toward delinquency."[2]

Die relatiewe belangrikheid van die portuurgroep in die veroorsaking van afwykende gedrag by die jeugdige moet nooit onderskat word nie. Vir kinders wat in swak gesinstoestande opgegroei het, kan die portuurgroep as 'n direkte en primêr veroorsakende faktor vir jeugoortredings beskou word. Wanneer die portuurgroep egter beskik oor 'n stewige solidariteit met positiewe norme en gesonde waardes, kan dit as 'n effektiewe sosialiserende instansie[3] vir die ontwikkelende kind beskou word.

Die direkte en indirekte invloed van maats in 'n hoër ouderdomsgroep brand diep in op die gemoed van die jongere volgelinge. So 'n „volwasse" maat word met 'n mate van respek en verhewendheid bejeën. Dit is veral jong dogters wat die prooi van hierdie tipe persone word. Dit gebeur baie selde dat die invloed van die volwassene met die reinste bedoelings uitgeoefen word. Die optrede en die ideale van die ouere maat met meer ervaring, is gewoon-

1. Bloch en Flynn, op. cit., p. 194.
2. Ibid., p. 195.
3. Roode. Inleiding tot die sosiologie, p. 75.

lik stimuli vir die sluimerende drange van die jongmens en die besef dat daar ook gedeel kan word in die welvaart van sy ouere maat, maak van die jongmens 'n getroue volgeling van hierdie soms verfynde geslepene.

'n Ander belangrike impak op die gedrag van die kind is die bende, omdat „the gang fulfils two important requirements for the delinquent boy. It provides (i) an ever-ready source of entertainment, recreation, and imaginative challenge; and (ii) the elementary training in the skills required for successful predatory and unlawful activity. It is therefor both a recreational and an "educational" influence."[1)] Die aantrekkingskrag van die bende lê vir die kind dus daarin dat dit avontuur, sekere vorme van genot, vriendskap, erkenning, veiligheid, waardering, behoeftebevrediging en soms selfs sekuriteit bied. „Delinquent gangs, Cohen reminds us, consist of boys who individually possess many different kinds of problems and different personality traits."[2)] Allermins word beweer dat alle bendes op misdadige gedrag ingestel is, soos Albertyn dit stel nl. „permanente bendes vir kwaaijongstreke het ek by blanke seuns slegs by 1.0 persent aangetref."[3)]

4.3.3 Stokkiesdraai

Neumeyer sê „the term "truancy" is usually not regarded as synonomous with "running away", but is used to describe prolonged absence from school with the knowledge and sometimes consent of parents and guardians."[4)]

---

1. Bloch and Flynn, op. cit., p. 197.
2. Quay. Juvenile delinquency, p. 38.
3. Albertyn, op. cit., p. 197.
4. Neumeyer, op. cit., p. 233.

Tabel 19 stel die persentasie stokkiesdraaiers in hierdie ondersoekgroep op 25.0 persent vas, terwyl W.A. Willemse[1] in sy ondersoek dit by 44.4 persent van sy groep seuns aangetref het.

Die oorsake en simptome van stokkiesdraai is dieperliggend en nie so maklik te bepaal nie. Uit die gegewens kan afgelei word dat van die 25 kinders wat stokkies gedraai het, net drie van hulle goeie vordering op skool gemaak het, terwyl die res (22 kinders), swak presteer het. Van die 25 stokkiesdraaiers het net 12 ŉ I.K. van 82 en minder, terwyl die res met ŉ hoër I.K. toebedeel is.

Stokkiesdraai ontstaan onbetwisbaar en hoofsaaklik deur die kind se onvermoë om frusterende klaskamer- en skolastiese situasies en spanninge die hoof te bied, a.g.v. emosionele en materiële tekortkominge om ŉ verantwoordelike selfdissipline en beheer in sy verhoudings tot die skool te ontwikkel. So ŉ houding en die aanleer van self-verantwoordelikheid ook teenoor die skool, is eintlik ŉ eienskap wat aanwesig is by alle kinders, maar by ander is geen entoesiasme in die skool te bespeur nie - lg. is die stokkiesdraaiertipe kind. Verdere wanaanpassing by die skoolsituasie word gekenmerk deur ŉ gebrek aan konsentrasie, teensin vir sekere vakke, swak geheue t.o.v. die reproduksie van skoolwerk, belangeloosheid, ensovoorts.

Oor hierdie toestand skryf Seymour Rubenfeld, dat dit reeds in die primêre skoolstanderds ontstaan want dit gaan oor „to require the secondary drives and rewards necessary to motivate ongoing school effort",[2] maar hierdie proses en aktiwiteit van persoonlikheidsontwikkeling word op allerlei wyse belemmer deur o.m. veral „poor fa-

1. Willemse, op. cit., p. 48.
2. Rubenfeld. Family of outcasts, p. 166.

mily conditions."

4.3.4 Opstandigheid en woede-uitbarstings

Tabel 19 toon aan dat opstandigheid by 14.0 persent van die kinders voorgekom het en woede-uitbarstings by 12.0 persent. Hierdie weerbarstige, opstandige en hardnekkige gedrag is die uitvloeisel van 'n huis waar geen liefde, belangstelling en simpatie geheers het nie. Sonder opregte, innige, gesonde liefdegeborgenheid van die ouers kan geen kind se gevoelslewe ontwikkel nie.[1] Kinders wat die warmte van ouerliefde moet ontbeer, se gevoelslewe word so afgestomp dat hulle in hul latere lewe sulke dinge soos vertroue, toegeneentheid, welwillendheid, hulpvaardigheid en liefde vir die medemens nie ken en kan verstaan nie, en daarom gedurig met hulle medemense en die samelewing bots.

Botsings met gesag en dissipline van die ouers in die huis en die onderwyspersoneel in die skool, lyk dikwels op die oog af na bedagte en beplande ondermyning van gesag en tug, maar baiekeer is dit die spore en residu van diepe kinderleed en soms die oplossing van individuele probleme in die belewingswêreld van so 'n kind.

4.3.5 Oormatige rook van tabak

Tabel 19 weerspieël dat 12.0 persent van die ondersoekgroep tabak oormatig en buitensporig gerook het wat 'n nadelige effek op die geheue en die gesondheidstoestand het.

4.3.6 Drostery en rondlopery

Uit tabel 19 blyk dat drostery vanaf die huis en kinderhuise by 11.0 persent voorgekom het. C.J.E. Jonker[2] se bevinding in die verband is 8.0 persent.

1. Omsendminuut D2/7 van die Departement van Hoër Onderwys, 10 Junie 1968, p. 3.
2. Jonker, op. cit., p. 68.

4.3.7 Ernstige diefstal

Volgens tabel 19 het 10.0 persent van die kinders hulle aan ernstige diefstal skuldig gemaak en is dusdoende deur 'n kinderhof skuldig bevind[1] soos die onderstaande lys aantoon:

| | | |
|---|---|---|
| Geval | 1 : | skuldig bevind op drie aanklagte van diefstal van geld. |
| Geval | 2 : | skuldig bevind saam met ouer broers aan inbraak van fabriek. |
| Geval | 3 : | skuldig bevind aan diefstal van 'n vuurwapen. |
| Geval | 4 : | skuldig bevind saam met 'n vriend aan diefstal van geld uit die kasregister van 'n kettingwinkel. |
| Geval | 5 : | skuldig bevind saam met 'n maat aan diefstal van geld uit die kasregister van 'n kettingwinkel. |
| Geval | 6 : | skuldig bevind aan diefstal van 'n kalkoen. |
| Geval | 7 : | skuldig bevind saam met ouer broer op vyf aanklagte van inbraak en diefstal. |
| Geval | 8 : | tree op as kroongetuie in diefstalsaak. |
| Geval | 9 : | skuldig bevind aan geldverduistering. |
| Geval | 10 : | skuldig bevind aan verskeie diefstalle. |

Vier van hierdie jeugdiges het die oortredings begaan saam met 'n maat of maats, drie het oortredings begaan saam met 'n broer of broers terwyl drie alleen die oortreding begaan het.

---

1. Jonker, op. cit., p. 68.
2. Hierdie skuldigbevinding mag egter, volgens wet, nie teen die kind gehou word nie, want die kind is na skuldigbevinding na 'n kinderhof verwys en dusdoende sorgbehoewend bevind.

C.J.E. Jonker[1] het in haar ondersoek met betrekking tot die onbeheerbare gedrag by nywerheidskoolseuns en -dogters bevind dat 11.5 persent hulle aan ernstige diefstal skuldig gemaak het.

Van bogenoemde 10 kinders (tabel 19) wat hulle aan diefstal skuldig gemaak het, kom 7 van hulle uit gebroke huise. In drie van die gesinne is die vader oorlede, in twee van die gesinne die moeder, in een gesin is die moeder in 'n inrigting vir geestelik-versteurdes opgeneem en gesertifiseer, en in een geval is die moeder nooit wettiglik getroud nie, en het die beweerde vader sporadies by haar gewoon. In een van die drie volledige gesinne het albei ouers al in 'n inrigting vir geestelike versteurdes behandeling ontvang, in die ander gesin was die vader, wat al verskeie kere in die gevangenis was, 'n handlanger in die oortredings waaraan die seuns skuldig bevind is. In die derde gesin was die huis volgens die proefbeampte baie goed, sy verslag lui: „Die ouers lewe in harmonie met mekaar en geen huislike probleme word ondervind nie." In laasgenoemde geval was die kind baie geheg aan 'n vriend van byna 40 jaar wat ook as medepligtige skuldig bevind is. 'n Terugblik na hierdie feite toon dat net een van die 10 gesinne volledig was.

### 4.3.8 Kleinere diefstalle

Uit tabel 19 blyk dat 9.0 persent van die ondersoekgroep hulle herhaaldelik aan kleinere diefstalle skuldig gemaak het. Dit is insiggewend om daarop te wys dat net twee van hierdie gevalle uit volledige huise kom, terwyl 7 gevalle uit gebroke huise kom.

---

1. Jonker, op. cit., p. 66.

Vyf van die gebroke gesinne is veroorsaak deur egskeiding en in die ander twee gevalle is die vader oorlede. In die twee gesinne wat volledig was, het die moeder voltyds gewerk en haar man was baie ouer as sy, en in die ander gesin was die kind buite-egtelik gebore.

### 4.3.9 Verslaaf aan dagga

Tabel 19 toon dat 3.0 persent van die kinders aan dagga verslaaf is. Tien seuns het erken dat hulle al dagga gerook en dus die „trips" ervaar het.

### 4.3.10 Onsedelike aanranding

Tabel 19 toon aan dat 1.0 persent skuldig bevind is weens onsedelike aanranding. Die kind is skuldig bevind weens die seksuele aanranding van 'n stiefsuster se vierjarige dogtertjie, asook 'n poging tot seksuele aanranding van sy agtjarige stiefsustertjie.

## 4.4 Ander vorme van gedragsafwyking by die ondersoekgroep

Tabel 20 toon aan watter ander gedragsafwykings ook by die ondersoekgroep gevind is. Hierdie gedrag kan eerder as antisosiale gedrag en nie as onwettige gedrag beskou word nie. 'n Mens kom gou die verskil agter tussen 'n kind wat misdadige neigings openbaar en een wat kattekwaad aanvang. Nou moet daar ook nie van die tabel se gegewens afgelei word dat kinders as gevolg van hierdie gedrag sorgbehoewend bevind word nie. Trouens, sorgbehoewendheid is die gevolg van baie oorsake. As die maatskaplike toestande en die swak huise en omgewingstoestande waaronder die meeste kinders groot word in aanmerking geneem word, is dit verbasend dat afwykende gedrag nie werklik 'n groter omvang aangeneem het nie.

TABEL 20

Ander vorme van gedragsafwyking by die ondersoekgroep[1)]

| Gedragsafwyking | Aantal | Persentasie |
|---|---|---|
| Verslawing aan tabak | 70 | 70.0 |
| Ongehoorsaamheid | 18 | 18.0 |
| Oneerlikheid | 14 | 14.0 |
| Buierigheid | 13 | 13.0 |
| Leuentaal | 12 | 12.0 |
| Afknouerigheid | 11 | 11.0 |
| Swak taalkiesheid | 10 | 10.0 |
| Gebruik van sterk drank | 9 | 9.0 |
| Agressiwiteit | 7 | 7.0 |
| Traak-my-nie-agtigheid | 6 | 6.0 |
| Bakleierig | 4 | 4.0 |
| Uitdagende houding | 3 | 3.0 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheid-skoolleerlinge asook d.m.v. onderhoude en vraelyste en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

## 4.5 Sekere persoonlikheidsprobleme

Alhoewel sekere psigofisiese aspekte van kinders se persoonlikhede aangedui[1)] is, moet sekere probleme in hulle geestestoestand kortliks aangetoon word. Betreffende die geestestoestand van die kinders is gevind dat 65.0 persent van hulle 'n gebalanseerde emosionele lewe het. By die res van die groep en ook kinders van bogenoemde groep is die volgende geestesprobleme opgemerk:

1. Vgl. hierdie hoofstuk.

(i) ŉ Angstoestand waarvan die simptome emosionele blokkasie, passiwiteit, onbeheerbare aggresiwiteit, versetreaksie en spanningsituasie is.

(ii) ŉ Minderwaardigheidsgevoel waarvan die simptome onsekerheid, gebrek aan selfvertroue, sporadiese gedragsafwykings, waaghalsigheid en skuldgevoelens is.

(iii) Swak geestelike waardes wat aanleiding gee tot ŉ swak onderskeidingsvermoë, wanaanpassing en ongedissiplineerdheid.

(iv) ŉ Onvolledige ego-vorming wat aanleiding gee tot gebrek aan selfvertroue, ŉ gevoel van ek-sal-dit-nooit-regkry-nie, introversie en opdringerigheid.

(v) Liefdeloosheid wat aanleiding gee tot selfsugtige drifte, onpersoonlikheid, haatdraendheid en ontevredenheid.

(vi) Ongemotiveerdheid wat laksheid, luiheid en dagdromery tot gevolg het, ens.

## 4.6 Vryetydsbesteding en ontspanning

Gedurende persoonlike onderhoude met die kinders het dit duidelik geblyk dat vryetydsbesteding en ontspanning vir hulle die idee van ledigheid inhou. Die ouers het geen voorbeeld gestel en geen leiding in die verband gegee nie, en gevolglik het die kind geen belangstelling in gesonde spel ontwikkel nie.

Die besteding van vryetyd vir baie van die kinders het bestaan uit niksdoen, rondloop, kattekwaad, ginnegaap en besoeke aan die populêre plekke naamlik die „soppies",[1)]

1. Die naam word gegee vir bioskope wat net een film die heeldag deur vertoon. Die kind betaal die oggend ŉ klein bedraggie en dan kan hy die hele dag daar deurbring. Etes word ook voorsien en daarom noem sommige kinders dit ook ŉ kafeebioskoop.

kafees en popfeeste. Hierdie is eintlik meer bymekaarkomplekke van leeglêers, dwelmmiddelverslaafdes, daggarokers, jeugbendes, werkloses en misdadigers. Hier word aksieprogramme bespreek om sekere persone en gebiede te terroriseer. Dit is ongelooflik om aan te hoor watter kontakte sommige kinders met die „onderwêreld" het; en hier noem ondersoeker veral die gekankerde netwerk van die „swartmark".

Ure word in hierdie verdorwe plekke spandeer en bring baie kinders in kontak met verkeerde en swak vriende, wat d.m.v. hulle bedrieglike geaardheid later 'n groter invloed en stewige houvas op die kind kan uitoefen.

Gesonde spel is vir die karakter van die ontwikkelende jeugdige persoonlikheid van kardinale belang. Volgens Bogardus[1)] is dit: „a first-rate educational process", en hy beweer verder: „If we accept this theory that play is a preparation for live, we might go one step farther and say that play is a preparation for <u>more</u> life." In die oorsig wat M. Brink[2)] gee oor die algemene funksies is dit duidelik dat ontspanning 'n geweldige potensialiteit vir persoonlikheidsontwikkeling en die groei van 'n gesosialiseerde, geïntegreerde persoonlikheid inhou. Die fisiese, emosionele, morele, sosiale intellektuele en integratiewe voordele van ontspanning is buitengewoon belangrik vir die ontwikkeling van 'n goed gebalanseerde persoonlikheid. Die pedagogiese aspek van ontspanning is dan ook 'n bydrae tot die ontwikkeling van 'n ten volle ontplooide persoonlikheid deur die kanalisering van ontspanningsaktiwiteite in die regte rig-

---

1. Bogardus. Sociology, p. 219.
2. Brink, M. Wat is die aard en betekenis van ontspanning vir die tienderjarige? (In Probleme van die tienderjarige, 1967, p. 20.

ting. Konstruktiewe vryetydsbesteding en gesonde ontspanning, is vir enige mens en kind 'n onmisbare goed en 'n roeping, naas die verskeidenheid van roepings.[1)]

## 4.7 Positiewe gedrag en eienskappe van die ondersoekgroep

Tot op hierdie stadium is nog net die negatiewe eienskappe en gedrag van die ondersoekgroep blootgelê wat nie eintlik 'n objektiewe beeld van hierdie kinders se persoonlikhede gee nie. Die weegskaal word egter in 'n mate gebalanseer met die positiewe gedrag van sommige kinders. Nieteenstaande gebrek aan huislike sekuriteit, liefde, harmonie, dissipline, normale gesinslewe en die nodige behuisingstoestande nie, ens., beskik baie van die kinders oor positiewe eienskappe wat uitgebou kan word in die nywerheidskool. Sommige is uiters lief vir diere, baie behulpsaam, vriendelik, onderdanig, hardwerkend, gemotiveerd, liefdevol teenoor klein kindertjies, besit leierseienskappe, netjies op hulle persoon, fynbesnaard, lewenslustig, ingetoë, beskeie met 'n liefdevolle geaardheid wat die wese van elke mens raak, ensovoorts.

## 4.8 'n Kategorisering of klassifikasie van die eienskappe, gedrag en huislike omstandighede van die groep van 42 uit 100 kinders wat afwykende gedrag openbaar het.

Na analogie van deeglike waarneming en ontleding is bevind dat van die 100 kinders in die ondersoekgroep daar 42 van hulle skuldig was aan afwykende gedrag en van laasgenoemde was daar 11 kinders wat hulle aan wangedrag skuldig gemaak het. Die res, (58.0 persent) van die groep het geen noemenswaardige eienskappe en gedragsprobleme voor verwysing getoon nie. In hierdie afdeling word kortliks

1. Habermehl. Ons dagelijks werk. De Christen in de industrie, hoofstuk 2.

die eienskappe, gedrag en gesinstoestande van bogenoemde groep van 42 kinders met afwykende gedrag getabuleer.

### 4.8.1 Gedrag en eienskappe van die ouers van die 42 kinders met afwykende gedrag

TABEL 21

'n Vergelyking van die gedrag en eienskappe van die ouers van die 42 onbeheerbare kinders, met die res van die ondersoekgroep se ouers[1)]

| Gedrag en eienskappe | Vader | | Moeder | | Albei ouers | | Totaal | | Persentasie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | 42 | Res | 42 | Res | 42 | Res | 42 | Res | 42 | Res |
| Drankmisbruik | 14 | 26 | 1 | 3 | 8 | 3 | 23 | 32 | 54.8 | 55.2 |
| Alkoholisme | 3 | 9 | 1 | 2 | 3 | 1 | 7 | 12 | 16.7 | 20.7 |
| Onsedelikheid | 4 | 8 | 5 | 11 | 1 | 0 | 10 | 19 | 23.8 | 32.8 |
| Buite-egtelike lewe | 4 | 2 | 5 | 7 | 0 | 0 | 9 | 9 | 21.4 | 15.5 |
| Verlating | 10 | 6 | 4 | 2 | 0 | 0 | 14 | 8 | 33.3 | 13.7 |
| Misdaad | 4 | 11 | 0 | 2 | 0 | 1 | 4 | 4 | 9.5 | 6.9 |
| Werkloosheid en werkskuheid | 9 | 14 | 0 | 0 | 0 | 0 | 9 | 14 | 21.4 | 24.4 |
| Geestesversteurd / Sieklik / Verstandelik vertraag | 2 | 6 | 11 | 8 | 1 | 0 | 14 | 14 | 33.3 | 24.4 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge asook d.m.v. onderhoude en vraelyste en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

Tabel 21 toon die afwykende gedrag van die ouers van die groep van 42 leerlinge aan. Die laaste twee kolomme toon aan dat daar relatief nie 'n groot verskil is tussen die gedrag en eienskappe van die ouers van die groep van 42 en die res van die groep nie. Daar kan dus in hierdie ondersoek geensins beweer word dat die ouers van die kinders met afwykende gedrag swakker gedrag en eienskappe openbaar as die ouers van die res van die ondersoekgroep nie. Die enigste persentasie van die groep van 42 wat die grootste is, skyn verlating te wees met 33.3 persent teenoor 13.7 persent.

### 4.8.2 Gesinstoestande van die 42 kinders met afwykende gedrag

TABEL 22

'n Vergelyking van die gesinstoestande van die twee groepe

| Toestande | 42 | Persentasie | Res | Persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Swak gesinsverhoudings | 25 | 59.5 | 36 | 62.0 |
| Behoeftigheid | 20 | 47.6 | 38 | 65.5 |
| Verwaarlosing van kinders | 28 | 66.7 | 26 | 44.8 |
| Swak huis | 19 | 45.3 | 29 | 50.0 |
| Oorbewoning | 15 | 35.7 | 31 | 53.5 |
| Egskeiding | 9 | 21.4 | 9 | 15.5 |
| Kerkbesoek (gereeld) | 4 | 6.9 | 6 | 14.3 |
| Moeder oorlede | 6 | 14.3 | 7 | 12.1 |
| Vader oorlede | 5 | 11.9 | 6 | 10.4 |
| Stiefmoeder | 5 | 11.9 | 6 | 10.4 |
| Stiefvader | 6 | 14.3 | 4 | 6.9 |
| Pleegouers | 2 | 4.8 | 1 | 1.7 |
| Albei ouers oorlede | 0 | 0 | 1 | 1.7 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

Tabel 22 toon die gesinstoestande van die 42 kinders met afwykende gedrag aan. Wanneer die persentasies vergelyk word, skyn daar ook geen groot verskil te wees nie. Kinderverwaarlosing het by die groep van 42 met 21.9 persent meer voorgekom. Persentasies van die groep van 42 kinders wat groter is as die res is egskeiding, moeder oorlede, vader oorlede, stiefmoeder, stiefvader en pleegouers.

### 4.8.3 Gedrag en eienskappe van 42 kinders met afwykende gedrag

TABEL 23

Gedrag en eienskappe van 42 onbeheerbare kinders[1)]


| Gedrag en eienskappe | 42 | Persentasie | Res | Persentasie |
|---|---|---|---|---|
| Skolasties vertraag | 38 | 90.5 | 45 | 77.6 |
| Swak maats | 19 | 45.3 | 16 | 27.6 |
| Stokkiesdraai | 25 | 59.5 | 0 | 0 |
| Opstandigheid | 6 | 14.3 | 8 | 13.8 |
| Woede-uitbarstings | 8 | 17.1 | 4 | 6.9 |
| Drostery en rondlopery | 7 | 16.7 | 4 | 6.9 |
| Oormatige rook van tabak | 12 | 28.6 | 0 | 0 |
| Ernstige diefstal | 10 | 23.8 | 0 | 0 |
| Kleinere diefstal | 9 | 21.4 | 0 | 0 |
| Dagga verslaaf | 3 | 7.0 | 0 | 0 |
| Onsedelike aanranding (verkragting) | 1 | 2.4 | 0 | 0 |

1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolleerlinge en deur die ondersoeker in tabelvorm opgestel.

Tabel 23 gee 'n weerspieëling van die gedrag en eienskappe van die groep van 42 kinders met afwykende gedrag. Van belang hierin is om daarop te let, dat haas alle afwykende

GRAFIESE VOORSTELLING 2

'n Vergelyking van die gegewens van hierdie ondersoek van 100 sorgbehoewende kinders aan 'n Nywerheidskool met die gegewens soos verkry deur P.R. Smith in sy ondersoek na die gesinslewe van 100 jeugdige oortreders[1]




1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders en vergelyk met die gegewens van P.R. Smith. Grafiese voorstelling deur ondersoeker opgestel.

gedrag die oorsaak is van skolastiese vertraging (90.5%) wat die vordering en prestasie van sulke kinders belemmer.

## 4.9 Die verifikasie van die gegewens

In hierdie afdeling word getrag om aan die hand van vergelyking die gegewens van hierdie ondersoek te verifieer. Omdat hierdie gegewens nie geïsoleerde eenhede is nie, kan die betroubaarheid hiervan die beste bepaal word deur die gegewens van die ondersoek grafies met ander ondersoeke te vergelyk. Die volgende drie ondersoeke is vir hierdie doel geselekteer en ook slegs daardie gegewens wat ter sake is vir hierdie vergelyking om die mate van korrelasie vas te stel.

### 4.9.1 Die gegewens van die navorsing van P.R. Smith


Die ondersoek van P.R. Smith het gehandel oor die gesinslewe van die jeugdige oortreder met besondere verwysing na gesinsonvolledigheid. Dit is 'n vergelykende kriminologiese ondersoek na 100 oortredende en 100 nie-oortredende jeugdiges se huislike omstandighede. Die probleem i.v.m. hierdie vergelyking is dat Smith se hele ondersoekgroep oortredende jeugdiges is, terwyl 'n klein persentasie (11.0 persent) in hierdie ondersoekgroep jeugdige oortreders is.

Grafiese voorstelling 1 gee met die eerste oogopslag 'n baie gunstige vergelyking, terwyl kleinere verskille merkbaar is en die volgende baie goed korreleer:

drankmisbruik 55.0 persent; misdaad 18.0 persent; swak gesinsverhoudings 61.0 persent; egskeiding 18.0 persent en stiefmoeders 11.0 persent (hierdie ondersoek), teenoor drankmisbruik 47.0 persent; misdaad 17.0 persent; swak gesinsverhoudings 56.0 persent; egskeiding 16.0 persent

GRAFIESE VOORSTELLING 3

ɲ Vergelyking van die gegewens van hierdie ondersoek van 100 sorgbehoewende kinders aan ɲ Nywerheidskool met die gegewens soos verkry deur T.E. Sullenger van onbeheerbare kinders[1]




1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders en vergelyk met die gegewens van T.E. Sullenger. Grafiese voorstelling deur ondersoeker opgestel.

en stiefmoeders 11.0 persent (P.R. Smith se ondersoek).

4.9.2 Die gegewens van die navorsing van T.E. Sullenger

Die ondersoek van T.E. Sullenger is ŉ oorsese studie wat ook hoofsaaklik oor die gesinsomstandighede van onbeheerbare jeugoortreders handel. Afgesien van ŉ paar gevalle in grafiese voorstelling 3 wat Sullenger ondersoek het, vergelyk hierdie gegewens baie goed met mekaar veral omdat die hoë persentasies relatief min met mekaar verskil. Die volgende persentasies vergelyk gunstig:

dranknisbruik 55.0 persent; behoeftigheid 58.0 persent; egskeiding 18.0 persent en moeder oorlede 13.0 persent (hierdie ondersoek), teenoor dranknisbruik 48.0 persent; behoeftigheid 49.6 persent; egskeiding 18.2 persent en moeder oorlede 12.8 persent (T.E. Sullenger se ondersoek).


4.9.3 Die gegewens van die navorsing van C.J.E. Jonker

Die ondersoek van C.J.E. Jonker i.v.m. 200 nywerheidskoolleerlinge is ŉ resente navorsing. Grafiese voorstelling 4 van hierdie gegewens gee ŉ gunstige klimaat vir verifikasie wat beduidend is. Die verskille lê miskien daarin dat in Jonker se groep ook dogters teenwoordig was en ook dat leerlinge met ondernormale intellegensie gebruik is. Persentasies wat gunstig vergelyk is die volgende:

drankmisbruik 55.0 persent; verlating 22.0 persent; misdaad 18.0 persent; swak gesinsverhoudings 61.0 persent en vader oorlede 11.0 persent (hierdie ondersoek), teenoor drankmisbruik 57.0 persent; verlating 26.0 persent; misdaad 17.5 persent; swak gesinsverhoudings 54.5 persent en vader oorlede 10.5 persent (C.J.E. Jonker se ondersoek).

GRAFIESE VOORSTELLING 4

ʼn Vergelyking van die gegewens van hierdie ondersoek van 100 sorgbehoewende kinders aan ʼn Nywerheidskool met die gegewens soos verkry deur C.J.E. Jonker in haar ondersoek na die gesinslewe van 200 sorgbehoewende kinders




1. Gegewens verkry uit die persoonlike lêers van Nywerheidskoolkinders en vergelyk met die gegewens van C.J.E. Jonker. Grafiese voorstelling deur ondersoeker opgestel.

Na aanleiding van die grafiese voorstellings kan die betroubaarheid van dié ondersoek se gegewens onderstreep word.

### 4.9.4 Chi-kwadraat passingstoets

Hipotese: Dat hierdie ondersoek se verspreiding vir I.K. aanvaar kan word as getrou vir 'n nywerheidskool, indien Norman Fenton[1] se verspreiding as kriterium vir betroubaarheid geneem word. Aan die hand van die gegewens verkry in hierdie ondersoek wil ons nou hierdie hipotese toets.

TABEL 24

Passing van gegewens van Norman Fenton en hierdie ondersoek[1]

| I.K. | Norman Fenton se verspreiding (f) | Hierdie ondersoek se verspreiding (h) | $\frac{(h-f)^2}{f}$ |
|---|---|---|---|
| 64 en minder | 1.3 | 0 | 1.30 |
| 65 - 69 | 2.8 | 2 | 0.23 |
| 70 - 74 | 4.6 | 0 | 4.60 |
| 75 - 79 | 10.7 | 20 | 8.08 |
| 80 - 84 | 13.2 | 22 | 5.87 |
| 85 - 89 | 15.1 | 20 | 1.60 |
| 90 - 94 | 11.2 | 15 | 1.29 |
| 95 - 99 | 11.2 | 14 | 0.70 |
| 100 - 104 | 11.4 | 6 | 2.56 |
| 105 - 109 | 6.9 | 1 | 5.04 |
| 110 - 114 | 6.6 | 0 | 6.60 |
| 115 en meer | 4.6 | 0 | 4.60 |
| | 100.0 | 100 | $\sum\frac{(h-f)^2}{f} = 42.47$ |

1. Gegewens verkry uit die persoonlik lêers van nywerheidskoolleerlinge asook die van Norman Fenton en deur ondersoeker in tabelvorm opgestel.

---

1. Fenton. The delinquent boys and the correctional school, p. 64.

Die hipotese word gewoonlik verwerp op 'n 0.05 betekenispeil[1) indien

$$\sum \frac{(h-f)^2}{f} \geq \chi^2_{k-1}\,(0.05),$$

waar k die aantal klasse is in 'n frekwensie-tabel en $\chi^2_{k-1}\,(0.05)$ bepaal word uit Chi-kwadraattabel by k - 1 grade van vryheid en P = 0.05.

In hierdie geval : k = 12, sodat $\chi^2_{11}\,(0.05) = 19.68$
Dus word die hipotese verwerp, want 42.47 is groter as 19.68.

Dus geld die hipotese van die vorige bladsy nie vir hierdie ondersoek nie. In feite beteken dit dus dat die verspreiding van I.K. vir die onderhawige ondersoek van die nywerheidskool as betroubaar aanvaar moet word.

Talle redes kan aangevoer word waarom hierdie gegewens nie pas nie, maar die primêre rede lê in die feit dat in hierdie ondersoekgroep net kinders met normale verstandelike vermoë teenwoordig was, terwyl die kinders met subnormale en bo-normale verstandelike vermoë na ander nywerheidskole gestuur is. Norman Fenton se ondersoekgroep van seuns in die Whither Staatskool was jeugoortreders met sub-normale, normale en bo-normale verstandelike vermoë. Dit is weliswaar 'n grondige rede waarom Fenton se bevindings nie van toepassing op hierdie ondersoek kan wees nie.

Ondersoeker kon nêrens nog 'n soortgelyke en eiesoortige frekwensie-tabel van die I.K.'s van sorgbehoewende kinders met normale verstandelike vermoë vind om hierdie passingstoets op hulle uit te voer nie - dit is m.a.w. 'n leemte, wat die nodige aandag en navorsing vereis.

---

1. Volgens Chi-kwadraat tabelle.

Alhoewel hierdie passingstoets 'n negatiewe resultaat gelewer het, kan dit nogtans as 'n vrugbare en handige hulpmiddel gebruik word om soortgelyke passings by ondersoekgroepe in die sosiologie uit te voer.

## 4.10 Samevatting

1. Die ondersoek het getoon dat 54.0 persent van hierdie ondersoekgroep reeds na inrigtings verwys is voordat hulle 15 jaar oud was; dat die gemiddelde I.K. 86.75 is en dat swak skolastiese prestasie (83.0 persent), die gedragsafwykings is met die hoogste pieke.
2. In die ondersoekgroep is bevind dat 42 kinders aan onbeheerbare gedrag skuldig was, en van hierdie 42 kinders was 11 ook skuldig aan wangedrag.
3. Tabel 21 het getoon dat daar nie veel verskil is tussen die gedrag en eienskappe van die ouers van die 42 onbeheerbare kinders en die res van die ondersoekgroep nie. Tabel 22 het weerspieël dat die gesinstoestande van die groep van 42 leerlinge nie veel verskil met die res van die ondersoekgroep nie, behalwe in die opsig dat daar by die eersgenoemde groep meer gebroke gesinne was as by laasgenoemde groep.
4. Faktore wat afwykende gedrag en sorgbehoewendheid in die hand werk is probleemgesinne, swak omgewing, die skool, verkeerde vryetydsbesteding en ontspanning asook 'n onvoldoende persoonlikheidstruktuur.
5. Grafiese voorstellings het getoon dat hierdie ondersoek se gegewens redelik betroubaar en verteenwoordigend is.

In die voorafgaande twee hoofstukke is eerstens die huislike omstandighede en tweedens, die gedrag en kenmerke van die ondersoekgroep geskets. Die persoonlikheidstruktuur van elke lid van die ondersoekgroep is 'n produk van maatskaplike en persoonlike faktore, en in die lig hiervan sal die doel en behandelingsfases van die nywerheidskool kortliks uiteengesit word.

HOOFSTUK 5

# ENKELE HOOFLYNE VAN DIE DOEL EN BEHANDELINGSFASES VAN DIE NYWERHEIDSKOOLKIND.

## 5.1 Inleiding

Waar die eienskappe en gedrag van die ouers, die gesinsomstandighede, asook die kenmerke, eienskappe en gedrag van die ondersoekgroep omvattend beskryf is, moet daar nou vasgestel word watter doel en taak die nywerheidskool t.o.v. hierdie sorgbehoewende kinders het.

## 5.2 Die doel van die nywerheidskool

Die Onder-Sekretaris van die Unie-Onderwysdepartement, mnr. Geo M. Hofmeyr,[1)] het met die oordraging van die nywerheidskole vanaf die Departement van Justisie na die Unie-Onderwysdepartement gedurende 1917, die doel van die nywerheidskool soos volg uiteengesit: Ons streef na hulle beskerming teen die verkeerde en verradelike invloed van 'n kranklike samelewing; van onnatuurlike en wrede huise en die uitdagings en aanloklikhede van die straat; om hulle te beskut; liggaamlike (fisiese) versorging; morele en intellektuele ontwikkeling en sover moontlik beroepsopleiding; om die magte te weerstaan wat hulle jong lewens probeer verwoes het; om hulle voor te berei as manne en vroue; om op bekwame, intellektuele en eerlike manier hulle te laat besef van hulle pligte as burgers en bouers van gelukkige huisgesinne. Van hierdie skole word verwag om 'n byna onmoontlike taak te verrig naamlik om te ageer as die plaasvervanger van 'n gesin.

---

1. Annual report of the Department of Education, 1917, p. 74-76.

Die Sekretaris van Onderwys het in 1939 die doelstellinge van die nywerheidskool as volg geformuleer: „the spiritual rehabilitation of the pupils, the development of thinking and adaptable people, and the supplying of a decent means of livelihood..... for developing such valuable characteristics as a progressive attitude, a feeling of responsibility and independence, helpfulness and neighbourly love."[1] 'n Nadere tipering word so gestel: „The industrial schools must be looked upon as large residential schools, where the same methods of training and education are employed as one would expect to find in ordinary schools."[2]

In die lig van die vorige omskrywinge en nadere tipering kan die nywerheidskool in Suid-Afrika wesenlik beskou word as 'n opvoedkundige inrigting wat opgerig word ingevolge artikel 39(1) van die Kinderwet, Wet no. 33 van 1960 en voorsiening maak vir die opname, versorging, onderwys en opvoeding van kinders wat volgens artikel 1(35) van bovermelde Wet sorgbehoewend bevind, daarheen verwys en verplig is om in 'n koshuis in te woon.

Die implikasies van die voorgenoemde omskrywing van die algemene doelstelling van 'n nywerheidskool kom daarop neer dat ons hier te make het met die besondere behoeftes van die leerlinge van so 'n inrigting wat gesien moet word teen die agtergrond van die doeleindes van die gewone, normale skool waaruit die leerlinge weggeneem, verwys en geplaas is in 'n pedagogies-psigoterapeutiese inrigting in 'n kosskool-situasie.[3] Hiervolgens moet dan onderskei word tussen die onmiddellike, die verwyderde, en die uiteindelike doeleindes

1. Report of the Union Department of Education, 1937, p. 29.
2. Report of the Secretary for Education, 1921, p. 21.
3. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 141.

van die nywerheidskool.

Soos vir die gewone skool moet die uiteindelike doel van die nywerheidskool gewortel wees en voldoen aan die eise van 'n Christelike lewens- en opvoedingsbeskouing,[1] omdat alle mense in alles diens aan God se Skeppingstruktuur moet lewer, want alles is uit, deur en tot God.[2] Daarom word met hierdie doel van 'n nywerheidskool getrag om die volkome vorming en toerusting van die nywerheidskoolkind tot mens van God vir alle goeie werke volkome toe te rus.[3]

Die verwyderde doeleindes van die nywerheidskool behels die estetiese, etiese en die filosofiese toerusting en vorming, terwyl die onmiddellike opvoedingsdoeleindes die biologiese, fisiologiese, psigologiese, sosiologiese, ekonomiese, politiese en logiese vorming en toerusting omvat.[4] Die verwyderde doeleindes, d.w.s. diens van die volksaak, deurdat nywerheidskoolleerlinge geestelik en fisies ten volle toegerus en weerbaar gemaak moet word om enersyds die wêreld se gesindheid en norme krities te kan weerstaan deur die goeie te kies en andersyds, om te voorsien in die behoefte aan voldoende mannekrag wat sal verseker dat ons die stryd om voortbestaan sal wen.[5] Die verwyderde doeleindes moet heenlei en uiteindelik vervloei in die einddoel van die heropvoeding (en rehabilitasie) en onderwys van die nywerheidskool.

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde, hoofstuk 1 en 2.
2. Stoker. Die stryd om die ordes, p. 221.
3. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 82.
4. Coetzee, op. cit., p. 273.
5. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 23.

Maar wat vir die verwyderde doeleindes geld, geld ook vir die onmiddellike doeleindes, beide moet egter elasties wees ten einde aan te kan pas by veranderde lewens- en tydsomstandighede om verband te hou met, en aan te sluit by die gegewe geestesaard, gebreke, aanleg, talente, neigings, emosies, behoeftes en aktiwiteite van die sorgbehoewende, gedragsafwykende leerling van die nywerheidskool.[1]

Terwyl die nywerheidskool primêr daargestel is vir sorgbehoewende, gedragsafwykende leerlinge, het dit 'n besondere doel, wat op sy beurt verband hou met, bepaal word deur, en heenlei tot die bereiking van die algemene doeleindes soos hierbo uiteengesit. Hierdie besondere doel moet ten eerste vertolk word as heropvoeding. Dit beoog die remediële behandeling vir die „herstel en genees" van leerlinge wat verwys is.[2] Dit is veral gerig op die heropvoeding van die gemoedslewe en die verwydering van emosionele blokkasies deur psigoterapeutiese behandeling, sodat habilitasie - die lewenshouding en goeie gewoontes m.b.t. die liggaamlike, geestelike, verstandelike, emosionele, kulturele, religieuse en sosiale funksies (ook vryetyd en ontspanning) - weer normaal kan plaasvind, maar betrek noodwendig sowel die liggaam as die ken-, gevoels- en strewingslewe van die kind.

Vervolgens is hierdie doelstelling tegelyk in 'n sekere sin en betekenis voorkomend, want die nywerheidskool is daarop ingestel en ingerig om te beskerm, verdere gedragsafwykings en verval te voorkom[3], sodat hulle die stigmas van die gereg, die kinderhof, die verbeteringskool of selfs

---

1. Van der Walt, J.P. Onderhoud gevoer.
2. Ibid.; Mussen, Conger en Kagan. Child development and personality, p. 5.
3. Annual report of the Department of Education, 1917, p. 74-76.

die gevangenis e.a. gespaar kan word,[1] en hulle in alle opsigte „gered" word vir die huisgesin[2] as die wieg van persoonlikheid[3] en die volk.[4]

Die uiteensetting van die hooflyne van die doeleindes van die nywerheidskool bring mee dat so 'n inrigting 'n spesifieke taak het d.m.v. sy onderwys en opvoeding - heropvoeding en rehabilitasie - om die doeleindes te verwesenlik.

## 5.3 Opvoeding en onderwys as taak van die nywerheidskool

In plaas daarvan om die gewone indeling van die struktuur van die opvoeding en onderwys van die skool d.m.v. sy grondvrae nl. die doel; kindbeskouing; inhoud; metode, tug, meting en evaluering en organisasie uiteen te sit, word dit gedoen soos algemeen aanvaar word in die nywerheidskool te wete, die sogenaamde vier fases nl.: die toelatingaanpassingsfase, behandelingsfase, voorbereidingvir-uitplasingsfase en die nasorgfase. Alhoewel hierdie fases met mekaar vervleg is, sal sover moontlik getrag word om onnodige oorvleueling te voorkom.


### 5.3.1 Die toelatingaanpassingsfase

#### 5.3.1.1 Kennismaking en ontvangs

Die kind word na die skool vergesel deur die proefbeampte, begeleier of familie, en soms gebeur dit dat die kind op eie houtjie by die skool aankom. Hier aangeland maak hy kennis met die personeel, waarvan die samestelling soos volg voorgestel kan word:

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 83.
2. Ibid.; Annual report of the Department of Education, 1917, p. 74-76.
3. Cooley, op. cit., hst. 3.
4. Die Notule 1968: Die doel van die Kliniekskool Loopspruit.

DIAGRAM 3




Hier volg ŉ bondige uiteensetting van diagram.

(i) Die hoof

Aan elke skoolhoof, en dus ook van die nywerheidskool, word ŉ hoë standaard gestel. „Hy moet ŉ werkende kennis van al die skoolvakke hê en moet daarby ŉ spesialiteit op een of meer gebiede van die wetenskap wees, hoe meer hoe beter. Hy moet in alles, in woord en daad ŉ voorbeeld vir sy personeellede en leerlinge wees - daarom moet hy ŉ persoonlikheid met ŉ koersvaste lewens- en wêreldbeskouing besit. Hy moet ook op hoogte van die beste en nuutste literatuur op opvoedkundige gebied bly: nuwe leerstof,

nuwe metodes van onderwys, nuwe maniere van organisasie en administrasie. Van hom word verwag om 'n heel besondere studie van alle sake rakende organisasie en administrasie, regering en tug te maak. Hy moet kan regeer, en daarom moet hy 'n man van selfvertroue en selfbeheersing, van regverdigheid en breë uitkyk, van wilskrag en takt, van standvastigheid en onbevooroordeeldheid en opgewek wees. Hy moet 'n man van sake wees, iemand wat metodies werk. Hy moet ook 'n man wees wat die regte van andere ken en respekteer, van sy assistente, sy leerlinge en die ouers. Hy moet die assistente trou ondersteun, aanmoedig en indien nodig opbouend bekritiseer; hy moet 'n vader vir die leerlinge wees; en hy moet 'n vriend, leier en raadgewer vir die ouers wees. Vir sy skool moet hy alles weet; daar is niks wat buite sy pligte en verantwoordelikheid val nie.[1]

As die hoogste verantwoordelike amptenaar[2] van die Departement van Nasionale Opvoeding, berus die sukses van die skool in die hoof se hande. Hy is daargestel om toe te sien dat alle reëls en regulasies van die Departement behoorlik uitgevoer word.

'n Baie belangrike aspek van hoofskap is die bewerkstelling van <u>heelhartige samewerking</u> en gesonde personeelverhoudings. Genoemde onderwys- en opvoedkundige „klimaat" kan alleen verkry word deur streng dissipline; regverdige optrede; <u>hoflikheid</u>; lojaliteit[3] selfs teenoor die „swakste" personeellid en die stel van 'n onbesproke voorbeeld.

1. Coetzee. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde, p. 86.
2. Du Plessis, op. cit., p. 179.
3. Dit gebeur so maklik dat die hoof sake van sy personeellede met andere bespreek.

Verdere funksies sluit alles i.v.m. die kind in (d.w.s. verslae, tug, dissipline, ontslag, oorplasings, drosters, vordering, uitstappies, vakansie-reëlings, heropvoeding, ens.); alles i.v.m. die finansiering (d.w.s. inkomste- en uitgawe-state, begrotings, buitengewone begrotings, voorrade, geboue, ens.); alle personeelaangeleenthede (d.w.s. pligte, werksaamhede, aanstellings, aanbevelings, bevordering, verhogings, verlof, verdere studie, ens.). Dit is noodsaaklik dat die hoof in 'n geskikte en waardige huis op die skoolterrein moet inwoon, ten einde voortdurend beskikbaar te wees om probleemsituasies op te los en om naweek-/vakansie-diens te doen.

In die lig van laasgemelde rol en funksies, kan hy beskou word as 'n „deskundige professionele hoof van die nywerheidskool en die hele organisasie wat daarmee saamhang. Hy bepaal die rigting, dui die middele aan en beïnvloed die opvoedende werksaamhede deur sy persoonlike lewens- en wêreldbeskouing."[1] 'n Man wat elke kind waardig en belangrik kan laat voel, die personeel met respek kan behandel en met idealisme 'n „esprit de corps" in die sosiale milieu van die skool kan opbou, en sodoende die doelgerigte funksionering van die nywerheidskool as 'n pedagogies-psigoterapeutiese[2] inrigting bewerkstellig. Hy moet sielkundig onderlê wees en een hoofvak vir sy B.-graad moet psigologie wees.

(ii) Die vise-hoofde

(a) Die vise-hoof (akademies)

Die nywerheidskool beskik net oor een akademiese

1. Du Plessis, op. cit., p. 181.
2. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 33.

vise-hoof wat in alle opsigte die hoof bystaan met raad, hulp en absolute lojaliteit. Hy moet alle opdragte van die hoof uitvoer[1] en as skakel dien tussen die hoof en die akademiese personeel. Hy kontroleer alle verslagboeke en lesnotas van die akademiese onderwysers, asook die skrifte van die leerlinge en tree verder in 'n raadgewende hoedanigheid op. Die vise-hoof het talle administratiewe pligte en moet die hoof bystaan met naweek- en vakansiediens. Ook moet hy gedurig beskikbaar wees en daarom bewoon hy ook 'n departementele huis op die skoolterrein. Verkieslik moet hy ook psigologie as een hoofvak van sy B.-graad hê.

(b) Die vise-hoof (tegnies)

As eweknie van die akademiese vise-hoof, verrig die tegniese vise-hoof presies dieselfde funksies as eersgenoemde, met die verskil dat hy as tegniese vise-hoof alle werksaamhede in die tegniese afdeling (werkswinkels) koördineer. Verder is alle reëls en regulasies wat betrekking het op die akademiese vise-hoof ook van toepassing op die tegniese vise-hoof.

(c) Die vise-hoof (psigologies)

Die primêre behoefte van die meeste kinders is „geestelike rehabilitasie" en nie akademiese onderrig en handvaardigheidsontwikkeling nie. Dit behels dus die verwydering van frustrasies deur heropvoeding wat bestaan uit die gee van 'n nuwe siening van lewenswaardes en heen lei tot herontdekking, aanpassing, trots, ego en selfstandigheid. (Hier kan ook

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 93.

gebruik gemaak word van die dienste van geneeshere, hospitale, psigiaters en gespesialiseerde inrigtings). In hierdie herontdekkingsproses en aanpassing speel die vise-hoof, die senior onderwyser-psigoloog en onderwyser-psigoloog 'n belangrike rol. Die vise-hoof (psigoloog) senior onderwyser-psigoloog en die onderwyser-psigoloog verkeer in die unieke posisie dat hulle deur die kinders vertrou word, wat 'n gunstige klimaat skep vir die opbou van 'n ouer-kindverhouding waar die psigoloog die plaasvervangende ouer is. Indien die kind later enige afwyking toon ondergaan hy terapeutiese behandeling om sodoende die probleem te elimineer en te behandel.

(iii) Die Senior onderwysers

(a) Die akademiese senior onderwysers

Vanweë die veeleisende en verantwoordelike aard van die skolastiese funksie van die nywerheidskool vir leerlinge met normale en ondernormale verstandelike vermoë, moet soveel senior onderwysers en onderwyseresse as moontlik benoem word. Hulle primêre funksie is grotendeels van 'n raadgewende aard aan onderwysers en vise-hoofde.

(b) Die tegniese senior onderwysers

In ons moderne samelewing van spesialisasie en ultra-moderne tegnieke om opleiding so doeltreffend moontlik te maak, en die beskouing dat die ontwikkeling van handvaardigheid by die kind gesien moet word as deel van die groot taak van geestelike rehabilitasie, het die aanstelling van senior onderwysers in die tegniese afdeling vanselfsprekend gemaak.

Verder kom die pligte van albei groepe senior onderwysers met mekaar ooreen.

(iv) Die onderwysers

(a) Die onderwyser (akademies)

Wat die belangrikheid van die onderwyser betref word duidelik gesien wanneer Coetzee die volgende sê: „In enige stelsel van praktiese opvoeding neem die onderwyser 'n sentrale plek in",[1] hy gaan verder deur te sê „alles toon ons die strategiese plek wat die onderwyser nie alleen in die lesperiode nie, maar in die praktiese opvoeding van die kind inneem."[2] „The teacher is the key force for promoting individual development and the progress in all field essential to national strength and well-being",[3] en „in alle opsigte geskik en goed toegerus moet wees vir hulle werk."[4]

Ten slotte kan die onderwyser beskou word as 'n persoon wat die volgende eienskappe behoort te hê: „Liefde vir die kind; invoelingsvermoë, d.w.s. begryping; regverdigheid; outoriteit; leierskap, sosiale aanleg; selfvertroue; vakkennis; vermoë om mee te deel; goeie algemene vorming; liggaamlike en geestelike gesondheid; 'n waardige houding."[5]

---

1. Coetzee, op. cit., p. 69.
2. Ibid., p. 70.
3. Chandler. Education and the teacher, p. 21.
4. Theron. Inrigtingsversorging, p. 68.
5. Nel. Die psigologie van die onderwyser, p. 119.

Verdere funksies van die onderwyser lê opgesluit in die opstel van 'n werkskema, lesnotas, puntestaat, toetsboek, onderrig van die vak, nasien van skrifte, invul van Ed.Lab.-kaarte, uit- en inhandiging van handboeke, ens. Alle onderwysers moet verkieslik psigologie as een hoofvak vir die B.-graad hê.

(b) Die onderwyser (tegnies)

Die onderwyser (tegnies) se pligte kom grotendeels ooreen met die van die onderwyser (akademies) met die verskil dat die kind handvaardigheid geleer word.

(v) Koshuispersoneeel

Die nywerheidskool is georganiseer op die „cottage" stelsel en die personeel hieraan verbonde is gewoonlik lede van die onderwyspersoneel en hulle eggenotes, terwyl die assistent-matrone gewoonlik iemand van buite is. Hoe uiters belangrik hierdie taak en afdeling in die heropvoeding is, blyk uit die plek wat die ouerhuis in die opvoeding van die kind inneem. In die koshuis word 'n geweldige uitdaging aan die koshuispersoneel gerig, en die gesegde is maar alte waar dat soos die koshuispersoneel is, so is die skool. Die taak in die koshuise word bemoeilik deur die feit dat die koshuispersoneel byna alle langnaweke en sommige vakansies aan diens is.

Omdat koshuiswerk in die nywerheidskool so 'n belangrike funksie[1)] vervul in die opvoeding en heropvoeding van die sorgbehoewende kind, is dit van beslissende belang dat benewens strenge vereistes t.o.v. die kind se ontwikkelende persoonlikheid, ook hoë opvoedkundige eise aan koshuispersoneel gestel moet word. „These parents need to be far more than kindly, well-meaning persons;

1. Du Plessis, op. cit., p. 160.

they need an understanding of youth based upon experience, but an experience that has intelligence, understanding, kindness, and information behind it."[1]

(a) <u>Die huisvader</u>

Die huisvader word as plaasvervangende vader beskou en beklee 'n posisie van vertroue. As persoon wat die instrumentele rol vervul kom sy pligte daarop neer dat gesag en dissipline altyd in die koshuis moet heers. Streng dissipline gekleur met <u>liefde</u> en <u>regverdigheid</u> is 'n wondermiddel in die heropvoedingsproses. Hierdie taak verg krag en energie, want na 'n dag se harde werk in die skool of werkswinkels, sport- en naskoolse bedrywighede, en soms 'n studiebeurt in die aand, wag nog talle probleme by die koshuis. Hierdie dubbele taak van 'n huisvader plaas 'n groot verantwoordelikheid op hom en maak van hom 'n kernpunt in die kind se opvoeding. Die oplossing skyn geleë te wees in die kwytskelding van die huisvader van buitemuurse bedrywighede en studie-beurte en die aanstelling van voltydse persone om sportaktiwiteite te beheer en te organiseer.

(b) <u>Die huismoeder</u>

Die huismoeder word ook beskou as plaasvervangende moeder en beklee 'n baie belangrike posisie in die koshuis. Vir die ontwikkelende persoonlikheid van die seun is haar raad en leiding van onskatbare waarde en kan sy gevolglik ook makliker 'n vertrouensverhouding tussen haar en die kind opbou.

---

1. Heck. The education of exceptional children, p. 74.

Verdere pligte behels alle organisasie in die koshuis, klere en linne, toesig oor bediendes en die assistent-huismoeder, klere-registers, voorraadboek, spyskaart, bestelling van rantsoene, die versorging en verpleging van die siekes. Haar veeleisende pligte kan verlig word deur die aanstelling van ŉ verpleegsuster met ŉ agtergrondkennis van hierdie tipe kinders om die siekes te help en te verpleeg in liefde.

(c) Die assistent-huismoeder

Alhoewel sy soms nie inwonend is nie, bly haar taak een van die belangrikste in die koshuis. Die voorbereiding van die voedsel as instrumentele taak bewerk ook ŉ moeder-kind situasie. In hierdie vertrouensverhoudings met die kinders kan sy die huisouers van baie belangrike inligting voorsien. Die huismoeder en haar assistent los mekaar een keer per week af asook twee naweke per kwartaal.

Die belangrikheid van die koshuispersoneel kan nooit oorskat word nie, gevolglik behoort hulle pligte buite die koshuis tot ŉ minimum beperk te wees en daar moet altyd ŉ simpatieke verhouding tussen haar en die hoof en vise-hoofde wees.

(vi) Administratiewe personeel

Die administratiewe personeel speel ŉ belangrike rol in die organisasie, kontrole en kommunikasie van die skool. „When the administrative staff begins to think of the training school as a "treatment center", then steps will be taken to secure the kind of staff that

will make it so."[1]

(a) Die klerke

Aan 'n nywerheidskool met ongeveer 180 leerlinge is baie klerklike werk verbonde. Pligte word verskillend ingedeel, maar oor die algemeen kan dit as volg saamgevat word: inkomende en uitgaande pos; alle geldelike sake, personeelaangeleenthede soos diensstate, salarisstate, salarisverhogings, verlof en konsessies, reis- en verblyfkoste, huishuur, koshuistariewe, ens.; leerlingsake soos opening van 'n lêer, drosters, uitplasing van leerlinge, vakansie-verlof, sakgeld, ens.; diverse soos die afneem van notules, werkorders opgawes, opstel van verslae asook hulp en bystand aan die hoof en die personeel.

(b) Die magasynmeester

Die magasynmeester is verantwoordelik vir die bestel, ontvangs, kontrolering, uitreiking en betaling van alle voorrade.

(c) Die faktotum

'n Faktotum word benoem vir die herstel- en kleinere werke asook vir alle vervoer. Hy kan gebruik maak van die kinders se hulp in die versorging van die terrein en voertuie.

Alle personeel, pligte en take in die nywerheidskool, hoe heterogeen dit ook al mag wees, vorm 'n veeleenheid wat gerig is op heropvoeding. C.B. Castle noem dit „a dwelling in each other."[2]

1. Heck, op. cit., p. 74.
2. Castle. The teacher, p. 51.

ŉ Verdere verduideliking van die kind se kennismaking word nou kortliks uiteengesit.

Die kind word eerste aan die hoof en die onderwyser-psigoloog voorgestel. Die kind word nou ook vergesel deur die onderwyser-psigoloog met sy verdere kennismaking.

Na hierdie kennismaking met die hoof en die onderwyser-psigoloog word die leerling na die administratiewe kantoor geneem, en ŉ lêer met identifiserende besonderhede word geopen. Teen hierdie tyd is daar ook alreeds ŉ proefbeampteverslag na die skool gestuur. Daarna word die kind na sy koshuis geneem en aan sy <u>koshuismoeder</u> voorgestel. Netsoos die onderwyser-psigoloog speel hierdie dame gewoonlik ŉ groot rol in sy lewe. Na kennismaking word die seun uitgedos in ŉ stel kraaknuwe klere. Met sy netjiese mondering neem die onderwyser-psigoloog hom na sy <u>koshuisvader</u>; by die skool of by die werkswinkel. Vir die kind is sy huisvader ŉ ware vader. Hy is die een wat hierdie kind sal rig en lei deur die skool.

Die leerling word nou ook aan die <u>vise-hoofde</u> voorgestel. Nadat die nodige informasie by die skool- en tegniese afdelings bekom is, word die kind aan die <u>hoofseun</u> van die skool oorhandig. Die plig van die hoofseun is om die leerling aan alle onderwyspersoneel voor te stel en om die uitleg van die terrein aan te dui.

Nadat hierdie begeleiding voltooi is, gaan die kind terug na die onderwyser-psigoloog vir ŉ oriëntasie-onderhoud om hom in te lei in die struktuur van die

skool en om sy funksie binne hierdie struktuur te verduidelik. Hierdie is ŉ waarde-oriëntasie wat hom verbind om sekere norme en standaarde in aanmerking te neem wanneer hy hom in bepaalde situasies bevind. Hierdie waarde-oriëntasie verskaf spesifiek leiding wanneer die leerling keuses moet maak wat ŉ uitwerking sal hê op

(a) sy eie persoonlikheidsstruktuur, en
(b) die sosiale sisteem (die nywerheidskool) waarin hy ŉ deelnemer is.

Gedurende hierdie interaksie word die gedrag of geestesgesteldheid, van die kind op voelbare wyse beïnvloed. ŉ Paar dae na hierdie onderhoude skryf die kind persoonlikheids-, I.K.- en ander toetse. Nadat die uitslae van genoemde toetse bekend is, word die kind in sy skoolstanderd geplaas. Die kind word nog nie by ŉ spesifieke ambag geplaas nie, maar herhaal besoeke vir ŉ paar dae aan al die werkswinkels. Daar kan dan deur fyn observasie en aanvoeling ŉ aanduiding gevind word wat die rigting van die kind se aanleg is. Die rotasie-metode verseker dat hy met al die ambagte en werkwinkels kennis maak.

Ongeveer drie dae na die kind se toelating besoek hy weer die onderwyser-psigoloog sodat verdere waarnemings en afleidings gemaak kan word. Hierna word hy na die hoof gestuur. Op sy beurt probeer hy nou meer by die kind uitvind met betrekking tot sy aanpassing en sy gevoel jeens die skool. Hierdie herhalingsonderhoude met die kind is baie waardevol weens die feit dat verdere waarneming geskied en dat die kind besef dat hy ook eiewaarde en ŉ funksie het binne die skool. Hierdie

onderhoude geskied nie altyd formeel in 'n kantoor nie, maar vind ook plaas wanneer die kind in die werkwinkel of op die sportveld of ander buite-aktiwiteite besig is. Dit ontruk die kind van 'n kantoorkompleks en hy voel sommer baie meer tuis by die skool. Die hoof en die onderwyser-psigoloog kan hulle waarnemings, afleidings en gevolgtrekkings met mekaar s'n vergelyk en sodoende die kind se probleem en sy agtergrond rekonstrueer.

Gedurende die volgende week word die kind weereens onderwerp aan verskillende of reekse toetse ten einde „alles" omtrent die kind te probeer uitvind. Met die inligting in die proefbeampte se verslag, die hoof en onderwyser-psigoloog se waarnemings asook die bevindinge deur middel van die toetse, word die personeel ingelig deur die onderwyser-psigoloog oor die kind se moontlike gedrag en die proefbeampte se verslag. Die gedrag van die kind is in 'n mate voorspelbaar en dit kan vir die personeel wat hom help en lei, baie insig en begrip gee omtrent hulle interaksie met en optrede teenoor hom. Die onderwyser-psigoloog wys op die moontlike gedrag van die kind en die optrede van die personeel teenoor hom. Voorafgaande is van onskatbare waarde aangesien daar preventief-kousaal te werk gegaan word.

5.3.1.2 <u>Die versmeltingsproses</u>

Alle afdelings van die nywerheidskool is in voortdurende interaksie met mekaar en 'n internaat van terapeutiese klimaat moet vir elke 24 uur daar heers - alles wat daar gedoen word moet terapeutiese waarde

hê. „Therapy (is) concerned with the treatment with a view to cure or alleviation of disorders - emphasizing the practical measures employed....."[1]

(i) Aksie-terapie

Aangesien so'n kind wesentlike behoefte aan 'n ware gesin het, word hy in die groot gesin van die kosskoollewe geplaas wat vir hom sekuriteit van 'n koshuisvader- en koshuismoederliefde en geborgenheid moet bied. 'n Gesin wat die kulturele, opvoedkundige en sosiale funksie moet handhaaf en vervul, omdat „The main function of the family is to train children to become worthy parents, neighbours and citizens."[2] Daarom word hy so gou moontlik op die eerste dag van sy aankoms in die skoolkoshuis geplaas wat 'n groot rol in sy aanpassing moet speel. Die aanpassing by die skool is 'n langsame proses en die koshuis is 'n instelling wat die kind kan beskerm, en hom in sy geesteshulploosheid kan bearbei terwyl hyself koers vat en sekuriteit opbou.

Dit is opmerklik dat 'n betreklik groot persentasie van die leerlinge in nywerheidskole veral seuns, by opname in 'n swak liggaamlike toestand is en dikwels tekens van ondervoeding toon. Oor die algemeen kan egter aangeneem word dat die primêre oorsaak van die ongunstige fisiese toestand van die kinders sy oorsprong vind in die swak geestelike en materiële armoede en verwaarlosing waaraan hulle onderworpe was, voordat hulle na die nywerheidskool verwys is. Die swak gestel van die seuns belemmer dik-

1. Drever. A dictionary of psychology, p. 297.
2. Bogardus, op. cit., p. 113.

wels die pogings wat energie en algemene liggaamlike sterkte vereis. Die leerlinge word so gou doenlik deur die huisvader na die plaaslike geneesheer gestuur vir 'n noukeurige mediese ondersoek, om sodoende te verseker dat hy die bes moontlike behandeling bekom vir liggaamlike en gesondheidsgebreke.

'n Voorgeskrewe gebalanseerde diëet om gesondheid en kragte op te bou nadat dit in hulle eie gesinne reeds jare lank verwaarloos is. Genoeg en voedsame kos is deel van die terapie omdat dit baie van die frustrasies en neigings by die kinders sublimeer en dien om rustigheid van die gemoedslewe te stimuleer. Nywerheidskole word gedryf op die „cottage"-stelsel, waarvan aan die hoof staan onderwysers met hulle vroue, terwyl die betrekkings van assistent-huismoeders gewoonlik deur buitestaande applikante gevul word. Dat die pos van huismoeder, en in 'n mindere mate van assistent-huismoeder, belangrike betekenis het by die algemeen-opvoedkundige vorming en dissiplinêre opvoeding van die leerlinge, behoef weinig betoog. Dat sommige matrones op grond van sterk persoonlike eienskappe hierdie opvoedkundige beïnvloeding kan verskaf sonder voorafgaande opleiding vir die werk, word tog allerweë erken. Die leerling bring 'n betreklik klein deel van sy tyd op skool en in die werkwinkels deur, terwyl hy vir 'n groot deel van die dag direk of indirek met die koshuis in aanraking kom. Dit volg dus vanself dat die opvoedingsinvloede van die regte soort moet wees, waar hul-

le soveel van hulle tyd deurbring of waarmee hulle in so 'n noue verbinding staan.

Nadat die kind deur die werkwinkels roteer het, word hy in die basiese afdeling geplaas om sy handvaardigheid en aanleg verder te bepaal. Baie noukeurig word hy deur die onderwyser observeer en 'n verslag word aan die onderwyser-psigoloog voorgelê. Met gegewens wat die onderwyser-psigoloog ingewin het en met behulp van die verslag van die onderwyser in die basiese afdeling in samewerking met die tegniese vise-hoof stel hy 'n verskerpte verslag op. Hierdie verslag word aan die hoof voorgelê en daar word besluit op die vakplasing van die kind. Dit is wel van uiters groot belang dat die kind in die regte ambag geplaas word. Nie alleen kom dit op die uitbouing van die handvaardigheid van die kind neer nie, maar wel ook op die aanleer van 'n ambag om sodoende 'n versekering te plaas agter die kind, wanneer hy op sy eie voete moet staan. Hierdie toedrag van sake wek 'n gunstige klimaat vir „ek-kan-iets-verrig-houding", en sodoende word 'n maklike filtrering van die kind later in die gemeenskap bewerkstellig.

Die kind word so gou as moontlik in alle aktiwiteite van die skool geïntegreer.

5.3.2 Die behandelingsfase

Aansluitend by die vorige afdeling, wat die rol en funksies van die personeel m.b.t. die kennismaking en tuismaakproses van die nuut aangekome leerling aantoon, word in hierdie afdeling die aandag toegespits op die verskillen-

de soorte dienste wat die nywerheidskool lewer om die leerlinge herstel, genees en gereed te kry.

In die hele heropvoedingsproses van die sorgbehoewende kind is sy psigoterapeutiese behandeling primêr. Met behandeling word bedoel die versorging en ontwikkeling van die hele persoon van die kind, m.a.w. sy liggaam en gees. Die versorging van die kind na die liggaamlike, soos die voorsiening van voedsel, kleding, mediese en tandheelkundige dienste, liggaamlike opvoeding, deelname aan sport, toepassing van die reëls vir persoonlike higiëne en beskerming word as essensieël beskou. Onder geestelike opvoeding[1] verstaan ons die religieuse, etiese, estetiese, verstandelike en sosiale opvoeding d.w.s. sy emosionele lewe[2] moet geleidelik en geleide tot rypwording, selfbeheersing, selfdissipline en selfstandigheid gelei word.

Hierdie terapeutiese behandeling wat remediërend van aard is sluit die volgende in:

(a) Identifisering

In enige remediële program is die identifisering van daardie individue wat behandeling

---

1. Engelbrecht, I.Z. Opvoeding en onderwys aan die nywerheid- en verbeteringskool. (In Die Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene oor sorgbehoewende kinders), 1965, p. 9.

2. Roode, op. cit., p. 120.

nodig het, die eerste stap. 'n Kind wat in 'n swak huis grootgeword het, en 'n belemmerde opvoeding ontvang het, moet noodwendig die smette daarvan dra.

Daar is talle maniere en metodes om die gedragafwykings te identifiseer. Dit sluit metodes in soos die waarneming van 'n kind se gedrag; verslae van die personeel, huiskomitees, aanpassing en vordering. Die belangrikste metode tot identifisering is die bestudering van die verslae wat opgestel is deur die proefbeamptes.

Dit is belangrik om te onthou dat leerlinge wat remediële behandeling moet ontvang, aanvaar moet word soos hulle is.

(b) <u>Diagnostisering</u>

Nadat die sorgbehoewende en gedragsafwykende leerlinge geïdentifiseer is, moet 'n versigtige diagnostisering van elkeen gemaak word, om sodoende uit te vind wat die grondliggende probleem en die simptome daarvan is. Die aanleidende oorsake moet geïdentifiseer word om die beste en doeltreffendste remediële stappe te kan toepas. So lank as so 'n oorsaak verborge bly kan psigologiese remediële behandeling nie gegee word nie.

Ernstige gedragsafwykings is die resultaat van talle oorsake en daarom moet 'n versigtige diagnose gedoen word, want daardeur kan alleen die beste resultate verkry word. Oorsake wat baie algemeen voorkom is die volgende: 'n swak fisiese toestand, senuweemoeilikheid, onbevredigende huislike omstan-

dighede, 'n lae intelligensie, emosionele spanning en blokkades, belangeloosheid, fisiese gebreke, onbestendige fisiese ontwikkeling in die puberteitsjare, 'n minderwaardigheidskompleks, ens.

Hierdie diagnostisering kan geskied deur terapeutiese onderhoude, personeelverslae, Ed.Lab.-kaarte, verslae van proefbeamptes en vorige inrigtings, intelligensietoetse, 'n aanpassingsvraelys, 'n persoonlikheidsvraelys, ens.

(c) Prognose

Prognose bestaan daaruit dat 'n voorspelling gemaak kan word van die probleem en watter psigoterapeutiese behandeling gegee moet word. Dit kan selfs miskien 'n aanduiding gee wat 'n behandeling kan beteken, bv. die kind is moeilik om te bevredig, maar 'n geleentheid om te presteer kan die spanning verlig, terapeutiese onderhoude behoort 'n bydrae te lewer; die kind is 'n grensgeval tussen kranksinnigheid en normaliteit - die spannings kan verlig word deur psigoterapie; die oorsaak van die kind se geestesverwardheid, wat kan lei tot onbeheerbaarheid, kan opgelos word deur intensiewe psigo-analitiese behandeling, ens.

(d) Behandelingstegnieke[1)]

Die tipe remediële behandeling wat 'n kind sal ontvang moet afhang van die karakter van die diagnostisering en die prognose. As fisiese faktore die oorsaak is, is mediese behandeling nodig; as dit blyk dat die oorsaak setel in verstandelike

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 86.

vertraagdheid, dan moet die onderwyser 'n stadiger skolastiese pas met die leerling handhaaf; wanneer swak huislike omstandighede bydra tot die kind se afwyking behoort alle pogings aangewend te word om hierdie situasie te verbeter. As emosionele ongebalanseerdheid lei tot fisiese intellektuele en sosiale ongeskiktheid, mislukkings en frustrasies, dan is die psigo-analitiese terapie die aangewese middel. Die onbewusste, en bewuste drange en emosies, wat ernstige wanaanpassing veroorsaak, moet geëlimineer word en die leerlinge gemotiveer word vir die aanleer van aanvaarde individuele en sosiale gedrag, ens.

By die nywerheidskool behoort alle personeellede „psigoloë"[1] te wees, veral by die identifisering - en die behandelingsproses kan die personeel hulp verleen - dog die psigoterapeutiese diens en behandeling wat voorgeskryf word, is by uitstek die taak van die skoolpsigoloë as voorwaarde vir skolastiese aanpassing en tegniese handvaardigheid wat by die onderwysers tuishoort.

5.3.2.1 Kondisionering

Kondisionering van die kind is een van die belangrikste aspekte in die heropvoedingsproses. Die kind moet geleer word om gewoond te raak aan die reëlmaat van die skoolsituasie soos die etensure, lesure, studietye, werkstye, ontspanningstye, ens. Indien die kind die orde hiervan kan aanvaar en daarmee konformeer, sal inskakeling by die algemene verloop van die skool mak-

1. Elke onderwyser behoort ten minste een kursus in die psigologie te hê vir die B.-graad.

lik wees. Die kind moet geleer word om dinge te aanvaar, selfs sy eie posisie en omstandighede. Deur kondisionering het baie van hulle die verkeerde aangeleer, wat nou deur heropvoeding afgeleer moet word deur positiewe kondisionering en motivering.

Hierdie dien nie net die buiteskoolse aktiwiteite soos sport- en ontspanning nie, maar ook stokperdjies om besig te kan wees en besig te bly en ook die skoolkurrikulums van die gewone skoolwerkinhoud, die tegniese onderwys vir handvaardigheid en liggaamsopvoeding moet op so 'n wyse aangebied word dat dit aksieterapeutiese waarde kan hê. Dit is egter nie nodig om in die besonderhede hiervan toe te tree nie.[1]

5.3.2.2 Die liggaamlike opvoeding

(i) Deelname aan sport

As by dagskole georganiseerde sport 'n positiewe waarde, d.i. sosiaal, moreel en fisies het, is die waarde daarvan by die nywerheidskole egter veel belangriker. Heilsame fisiese groepsoefeninge het ten doel om saam met andere mee te doen in die bereiking van 'n gemeenskaplike doel, dit saam te geniet, om 'n oorwinning saam te geniet en 'n „verloor" met selfbeheersing te „vat".

Die sportveld gee aan die onderwyser die unieke geleentheid om vertroud te raak met sekere fasette van die persoon van die leerling, soos bv. sy gedrag, reaksie en houding in bepaalde situasies waar-

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., hoofstuk 4. 2, (b) en (n).

in sport dien as sosiaalterapeutiese middel - dit lei o.m. tot 'n mate van ontboeseming van frustrasies. en dra beslis by tot die opbou van 'n persoonsvertrouensverhouding - en van kameraadskap en onderlinge respek. Die leerlinge betoon hulle dank deur leiding en dissipline te aanvaar en 'n groter toegeneentheid teenoor plig. 'n Wederkerige welwillendheid word gekweek, 'n eie tradisie en 'n trots op hulle skool ontwikkel.

Die sportveld is 'n belangrike hulpmiddel in die opvoeding van hierdie kinders. Dit is vir meeste van hulle 'n afdeling van hulle lewe waarin hulle kan presteer en waardering daarvoor kan ontvang bv. 'n tikkie op die skouer, 'n mooi woord, ens. Baie leerlinge erken dat hulle by die nywerheidskool eers aan sport begin deelneem het. Sportoefeninge en gesellige verkeer dra hul kwota by tot die heropbou en vorming van selfvertroue en trots by die leerlinge. Die prestasie van die leerlinge op sportgebied het 'n buitengewoon positiewe invloed, en hul vermoë in hierdie opsig staan hoog aangeskrewe by plaaslike skole en ander liggame - ook hierdie waardering daarvoor is „iets" wat hulle tevore nie geken het nie.

Na ons mening is liggaamlike opvoeding 'n handige instrument en terapeutiese middel vir die onderwyser in die nywerheidskool. Baie leerlinge vind dit moeilik om in- en aan te pas by ander afdelings in die skool, terwyl hulle uitblink op die sportveld; en dit is juis die situasies op die sportveld waar die kind leer om homself te dissiplineer wat die inska-

kelingsproses stimuleer, want dit motiveer die kind tot aanpassing. Aangesien 'n gesonde gees in 'n gesonde liggaam woon, word ruim voorsiening gemaak vir die beoefening van verskillende sportsoorte. Dit is verpligtend vir die kinders wat liggaamlikmedies geskik is, om in die begin van die jaar aan atletiek deel te neem, een sportsoort gedurende die wintermaande en een sportsoort gedurende die somermaande te beoefen. Dit is in die algemeen opvallend hoe min behoefte[1] die sorgbehoewende kind en die leerling wat vir wangedrag na die skool verwys is aan sport en spel het. Hy moet van meet af aan opgevoed word, wat geen geringe taak is nie. Dit is duidelik dat die liggaamlike en geestelike opvoeding van die kind nooit van mekaar geskei kan word nie, want daar is 'n gedurige wisselwerking tussen die twee.

Samevattend kan dit gestel word dat die waarde van sportterapie in die nywerheidskool nooit onderskat mag word in die heropvoedingsproses nie.

(ii) Persoonlike higiëne

Ten nouste verbind met fisieke gesondheid en sportbeoefening, moet persoonlike higiëne genoem word.

Gesondheidsreëls moet aan die leerlinge geleer word. Persoonlike higiëne en gesondheid is van die allergrootste belang vir elke leerling bv. die sindelikheid van sy klere, beddegoed en slaapvertrek-

---

1. Engelbrecht, op. cit., p. 10.

ke, goeie en genoegsame voedsel, volop geleentheid om in die buitelug te wees, sindelikheid op die liggaam, voldoende rus en slaap, gereelde en goeie lewensgewoontes t.o.v. skoon toilette, en dies meer.

Die persoonlike higiëne van leerlinge is van belang ook vanuit 'n opvoedkundige oogpunt. Die meerderheid van die kinders, wat na nywerheidskole gestuur word, is met die metodes van persoonlike higiëne onbekend wat nie net hulle gesondheid aangetas het nie, maar dit het ook 'n nadelige uitwerking op hulle karakter- en persoonlikheidsvorming gehad. Simptome hiervan is o.m. die trae, passiewe gees, dagdromery, irriteerbaarheid, aggressiewe uitbarstings, ens. Die persoonlike higiëne sluit o.m. ook die noodsaaklike mediese en tandheelkundige versorging in, wat belemmeringe op die terapeutiese vlak van heropvoeding uitskakel.

5.3.2.3 Die geestelike opvoeding

(i) Die religieuse onderwys en heropvoeding

Vir ons as Christelike volk neem die religieuse opvoeding die belangrikste plek in die geestelike opvoeding in. Deur die godsdienstige en religieuse tuis te bring, kry die kind waardering vir die Goddelike waarhede. Dit is veral die puber wat 'n aanvoeling vir die godsdiens ontwikkel en dan na rigting soek. Dit hang saam met die Christelike lewens- en wêreldbeskouing. God is die Heerser oor die kosmiese orde en alles is uit, deur en

tot God en die mens as kroonstuk van die Skepping is oor alles in die skepping tot verantwoordelikheid gestel. God as Skepper van alles is soewerein en die hele kosmos is aan hierdie Goddelike wet onderworpe, omdat alle skepsele aan hul Maker gehoorsaam moet wees. „Diep onder die besef dat die mens sonder sy God nie kan leef nie en dat die Christelike-nasionale onderwys tradisioneel eie aan ons volk is, word met erns gepoog om deur voorbeeld, vorming en onderrig die skool 'n Christelike atmosfeer te laat in adem. Omdat ons glo dat hierdie seuns in die meeste gevalle uit huise kom wat kerklos en volklos is, word daar van alle middele tot ons beskikking gebruik gemaak om hom weer in aanraking met sy kerk en sy God te bring."[1)]

Om die vorige te verwesenlik word die eredienste gereeld op Sondae bygewoon, en baie geleenthede word aan alle kerkgenootskappe gebied om hulle kinders te besoek. Sondagskool, aannemingsklasse en katkisasie word deur sommige personeellede en belangstellendes van die publiek waargeneem. Aan die skole bestaan daar ook Christelike verenigings wat help om d.m.v. debatte, Bybelvasvra, geestelike filmvertonings, bidure en verskeie ander aktiwiteite die kind geestelik te veranker. Huisgodsdiens word elke oggend en aand in die koshuise gehou, asook stiltetye, wanneer leerlinge die geleentheid kry om hulle Bybel te lees en te bid. Saalbyeenkomste vind minstens

1. Jaarverslag van die Nywerheidskool, Heidelberg, Transvaal, 1966, p. 15.

een keer per week plaas waar gesamentlike godsdiensoefeninge deur plaaslike predikante en lede van die personeel gehou word.

Godsdiensonderrig word volgens die goedgekeurde departementele leerplan gedurende skoolure gedoseer. Godsdiensonderrig is onmisbaar vir die godsdienstige vorming en ontwikkeling van die kind want dit het onmisbare waarde vir die sedelike vorming, is van onskatbare waarde vir die verstandelike vorming en ontwikkeling, het groot waarde vir die estetiese vorming, dit is bepalend vir die kind se sosiale lewe, vir sy omgang met, en in sy verhouding tot sy medemens en dit het ook onmisbare waarde vir die liggaamlike vorming en ontwikkeling van die kind.

Die invloed en bepalende waarde van godsdiens en geloof moet die lewe van die kind lei en rig, en eindelik kulmineer in die waarmaking van alle Godgegewe wette en norme in elkeen se lewe.

(ii) Etiese ontwikkeling

Ons verstaan hieronder eerbied vir die Wet van die Here (Tien Gebooie): liefde tot God en naasteliefde soos deur Christus uiteengesit is; dit behels o.m. selfbeheersing, getrouheid, sagmoedigheid, vriendelikheid, regverdigheid, barmhartigheid, vergewensgesindheid, vergenoegdheid, lydsaamheid, nederigheid en opregtheid. „Die sedelike moet nie met die godsdienstige verwar word nie. Die godsdienstige persoon handhaaf sedelike waardes op grond van sy geloof. Talle ongelowige

of ongodsdienstige persone huldig ook hoë sedelike waardes, maar nie op grond van enige godsdienstige oorwegings nie.[1]

(iii) <u>Estetiese ontwikkeling</u>

„Die estetiese opvoeding is 'n inherente deel van die Christelike opvoeding, want God self is die bron van die skone en alles waarvan Hy die bron is, is van fundamentele betekenis in lewe en in opvoeding. Die skone ververdien net soveel aandag in die opvoeding as die ware en dié goeie: saam gee hulle 'n afgeronde opvoeding." [2]

„Sy estetiese opvoeding geskied deur middel van blomtuine wat hy self aanlê, bome wat hy self aanplant en die nethou en versiering van sy kamer. Voorligting in musiekwaardering, boekeopvoeding, besoeke aan musea, kunsuitstallings, toneelopvoerings, uitstappies in die natuur en dergelike word gebruik om by die leerling 'n gevoel en kennis vir skoonheid te ontwikkel."[3]

Dit is juis die estetiese - die skoonheidstruktuur van alles wat geskape is: plant, dier, ding, mens, wat die kind in die skoolonderwys ten aanskoue gegee word om dit te versorg en te waardeer.[4]

---

1. Ruperti en Du Plooy. Die opvoedingstaak, p. 30.
2. Coetzee, op. cit., p. 126.
3. Engelbrecht, op. cit., p. 11.
4. Van der Walt, J.P. 'n Histories-prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van opvoedkundige sosiologie, met spesiale verwysing na die laerskool, p. 196.

Hierdie skoonheidstruktuur van die skepping is vervat in die skoolkurrikulums vir alle skoolvakke, d.w.s. die kennis, kundighede en vaardighede is in 'n geselekteerde, gesuiwerde en gesistematiseerde vorm in die kurrikulums opgeneem en voldoen aan alle eise of kriteria[1] en bevat die algemene doelstellinge wat alle kurrikulums moet hê.[2]

Hierdie beskouing het aksieterapeutiese waarde vir die leerling van die nywerheidskool.

(a) Die burgerlike ontwikkeling

Die skool moet die kind o.m. leer om 'n bruikbare burger van sy land te word. Die kind moet geleer word om die demokratiese lewenswyse van regerings te waardeer en wat sy voorregte en pligte as potensiële stemgeregtigde landsburger is. Die kind moet geestelik, verstandelik, liggaamlik en sosiaal weerbaar gemaak word in die sin dat hy nooit eendag die wapen sal neergooi en 'n vreemde ideologie sal aanvaar nie. Dit is dan ook bogenoemde deel wat uiters sterk by die nywerheidskoolkind ingeprent word aangesien die burgerlike ontwikkeling by hulle skipbreuk gely het. Hulle beskou die Staat as 'n onding wat hulle in die nywerheidskole „geprop" het. Hulle moet geleer word om hulle eie posisie as lede van 'n volk, te midde van ander volkere te sien funksioneer, as samewerking met die eie

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 195-217.
2. Ibid.

en die van ander.

'n Verdere stimulant vir die burgerlike ontwikkeling in die algemeen en die geestelike weerbaarheid in besonder lê in 'n deeglike kennis van vaderlandse geskiedenis. Deur kennis en waardering van die volkseie en kultuurerfenis sal die toekoms verseker as dit gebou word op die goeie van die verlede. Elke leerling behoort ook te weet hoe sy land se regering saamgestel is. Burgerlike opvoeding word ook bewerkstellig deur die weeklikse saalopening vooraf te gaan met 'n vlaghysingseremonie, asook die gereelde viering en bywoning van volksfeeste.

(b) <u>Kulturele ontwikkeling</u>

Kultuur is die ontwikkelingsgang en prestasie van die mens. Kultuur word deur die mens self geskep. Dit is die resultaat van sosiale interaksie en wisselwerking en word self in die mees primitiewe samelewings aangetref. Kultuur is iets uit die mens - dit omsluit alle ontwikkeling en voortbrengsels van die mens op sowel geestelike as materiële gebied. Kultuur is so oud soos die mens self, dit akkumuleer en neem steeds toe. Ou kultuurvorme word uitgestoot en deur nuwes vervang. Die ou vorme word in musea vir nageslagte bewaar. Dele word egter van geslag tot geslag oorgedra.

Wat hier vir ons huidige doel van belang is, is dat <u>die nywerheidskoolkind dit nie het nie</u>.

Hy is te jonk en te onervare, maar dit kan na ŉ aantal jare aan hom gegee word. Sorgsame opvoeding is nodig asook kennis van kuns, wetenskap, staatkunde, taal, godsdiens en goeie maniere. Kultuur is sowel arbeid as produk en dit word van geslag tot geslag oorgedra.

Kulturele ontwikkeling word aangehelp deur deelname aan sangfeeste, kadetorkeskompetisies en die bywoning van orkesuitvoerings, sangkonserte, filmvertonings en die reëling van kultuuraande.

ŉ Belangrike onderdeel van kultuur is menseverhoudinge en gedragspatrone of kultuurpatrone,[1] wat die nywerheidskoolkinders in ŉ besondere betekenis moet aanleer omdat hulle sorgbehoewend is.

(iv) <u>Verstandelike ontwikkeling</u>

Soos alreeds vantevore aangedui[2] werk die nywerheidskool met leerlinge wie se skolastiese vordering baie skade gely het, of wie se verstandelike vermoë so beperk is, of wie se verblyf by die skool so kort is, dat ŉ onderrigprogram vir almal ŉ baie moeilike taak is.

Soos reeds aangedui moet die remediële behandeling eers sielkundig wees om die kind geleide en stadig aangepas te kry vir die skolastiese werk i.v.m. die onderwysinhoud[3] van die gewone

---

1. Sorokin. Society, culture and personality; p. 56-65.
2. Vgl. hoofstuk 4.
3. Die kurrikulums in al die standerds in die nywerheidskool is dieselfde as vir gewone skole in alle onderwysdepartemente.

skool. Hiertydens is die onderwys wat gegee word van 'n praktiese aard. Handvaardigheidsonderwys in tegniese rigtings word gegee omdat dit arbeidsterapie is wat ontboesemingswaarde inhou.

Dan is daar ook geen twyfel nie dat 'n sekere groep van die kinders nooit kan baat vind by gewone onderrig nie, maar alleen by onderrig wat baie elementêr is. Aan die ander kant het die nywerheidskool 'n redelike getal leerlinge wat dieselfde I.K.[1] het as die deursnee leerling in die gewone skole.

Dit is nietemin die eersgeboortereg van alle kinders om onderrig te ontvang wat die allerbeste is vir die bevatlikheid van hulle vermoë, trouens, dit is 'n beginsel wat universeel erken word.

Wat is ons idee met die onderrig wat die nywerheidskool probeer gee? Die antwoord op hierdie vraag, blyk uit die feit dat die onderrig wat elke leerling ontvang hom in staat sal stel om in alle opsigte onafhanklik en selfstandig opgelei te word - elkeen vir sy eie taak in die gemeenskap - volkome toegerus volgens kapasiteit en vermoëns - met 'n eie verantwoordelikheids- en normbesef in alle situasies van die lewe - ook buite die skool. Daar is geen rede waarom die nywerheidskool nie dieselfde doel sal nastreef nie - 'n taak waarvan die skole nie mag afwyk nie en dat hulle getrou moet bly aan hulle roeping volgens doeleindes.

Die voorskoolse kind leer al van sy taal, sy omgewing, sy familie en nog baie ander dinge. In die

---

1. Vgl. hoofstuk 4.

laerskool leer die kind eerstens van die kommunikasiemiddele soos reken, skryf en lees. Deur middel van kommunikasiemiddele kan hy die omgewing en die gemeenskap beter verstaan en ontplooi. In die hoërskool is die verstandelike groei baie vinnig. Die kind word nou 'n denkende mens, wat alles wil beredeneer en ondersoek. Hy wil van alles iets weet en sy eie siening hê, dit wil sê, die wording van 'n logies-denkende mens. In hierdie kompleksiteit van denke moet die kind geleer word om sy verstandelike vermoë te gebruik en om sy gebreke en probleme self te verwerk as die vrug van die leiding wat hy ontvang.

Elke kind het aangebore intellektuele eienskappe en vermoëns en dit is die nywerheidskool se plig om die hoogste piek van die denk-, gevoels- en strewingslewe te verkry. Dit is o.m. die plig van die skool om 'n deeglike fondament te lê betreffende denkmetodes, sodat die kind later in staat gestel word om 'n redelike verstandelike prestasie te behaal. Die grootste taak van die nywerheidskool, betreffende die verstandelike ontwikkeling is om die kind skolasties te lei om in te haal wat hy verloor het, en so te verseker dat hy later 'n geskikte betrekking in die gemeenskap sal beklee. Afgesien van vakke soos afrikaans, engels, wiskunde, natuur- en skeikunde, tekene (bou- of meganiese), geskiedenis, godsdiensonderrig, boekopvoeding, sangonderrig, verskaf die nywerheidskool ook tegniese of handelsopleiding in ooreenstemming met die kind se verstandelike vermoë.

(v) <u>Gesag en tug in die nywerheidskool</u>

Gesag in die nywerheidskool is 'n fundamentele faktor by alle onderwys, opvoeding, heropvoeding en rehabilitasie. Gesag impliseer mag en inherent eie is dit 'n gesindheid wat iemand besit om aan andere iets oor te dra, voor te skryf in woord, voorbeeld en gedrag, wat dus in 'n bepaalde vorm van gedragswyse tot openbaring kom.[1)]

Die mag waaroor die gesagsdraer beskik, lê dus ingebed in sy aanvaarding van, oriëntering m.b.t. die interpretasie en verpersoonliking van en die bevoegdheid tot, uit welke bron die bevoegdheid verder mag voortspruit. Die gesagsleiding beroep hom nie slegs op dwingende mag nie, daaraan moet ook uitvoering gegee word, dit moet egter in verantwoordelikheid gedra en ook verdra word.[2)]

Die nywerheidskoolonderwyser se gesag berus dus op elemente van aanleg vir die onderwysberoep, liefde vir die kind en onderwys en opvoeding, sy persoonlikheidsontwikkeling, asook die vorming en ontwikkeling van akademiese kennis, bekwaammaking en toerusting, plus sy professionele ontwikkeling en vorming vir die praktyk van die onderwys en opvoeding - alles geïntegreer in die gesagsdraer en - leiding van die onderwyser-opvoedkundige-terapeut.[3)]

Gesag, vryheid en tug is van kardinale belang in die nywerheidskool. Die onderwyser in die klaskamer

---

1. Van der Walt, J.P. Op. cit., p. 540.
2. Ibid.
3. Ibid.; onderhoud gevoer.

bepaal wat die aard van die gesag is in die klimaat van vryheid en tug. Aangesien vryheid lateraan behandel word, word nou die hooflyne van tug of dissipline in die nywerheidskool uiteengesit. Tug moet lei tot selftug en vryheid en dit ontbreek by sorgbehoewende kinders.

Tug aan die nywerheidskool voldoen aan die voorgeskrewe vereistes van die Departement van Nasionale Opvoeding. Die beginsel hier is dat die onderwyser - as plaasvervanger van die ouer - beklee is met gesag van God verleen oor die kind. Daar word steeds getrag om in liefde en verantwoordelikheid te tugtig, om gesag tot eer van God en voordeel van die kind te gebruik.[1)]

Deur tug word orde verkry sodat die terapie en heropvoeding effektief kan verloop - om die kinders steeds te motiveer tot bewuste, vrywillige onderwerping aan gesag en reëls - wat lei tot selftug as die hoogste vorm van tug.[2)]

Iedere personeellid trag om in die skool, koshuis en tydens buiteskoolse aktiwiteite, tug op toegewyde wyse uit te voer. In alle opsigte moet direkte en indirekte tug en die eise daarvan volgens eise van omstandighede toegepas word: met oorleg, waardigheid, beheersdheid en oorleg. Liggaamstraf is 'n laaste redmiddel, ook beloning d.m.v. aanmoediging of goedkeurende woord moet stimuleer tot selftug. Verder moet

---

1. Van der Walt, J.P. Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit, p. 113-114.
2. Ibid.

tug individueel en nooit in die klasgroep geskied nie, terwyl objektiwiteit in alle tug gehandhaaf moet word.[1]

Die opregte strewe moet egter altyd voorkoming van oortredings wees deurdat die geleenthede daartoe nie mag voorkom nie – bv. deur almal konstruktief en aktief besig te hou – trouens, die billike reëls moet 'n vertrouensituasie met geborgenheid skep.[2]

(vi) Handvaardigheidsontwikkeling

Die term „vakonderwys" het 'n baie wye veld, en bestaan uit alle opleiding wat aan industrië verwant is. Die term „industriële onderwys" dui op gespesialiseerde opleiding en daarom gebruik ons die term tegniese onderwys vir die nywerheidskool. 'n Belangrike doel van tegniese onderwys is die ontwikkeling van die handvaardigheid (koördinatiewe) van die kind in so 'n mate om makliker in die gemeenskap in – en aan te pas. Dit hang saam met sy lewenstoerusting wat tot die mate volgemaak is waartoe sy koördinatiewe eienskappe en kapasiteite dit moontlik maak. Die wete dat 'n mens iets kan verrig bly 'n groot waarborg vir werkstabiliteit.

Bogenoemde opleiding begin alreeds by 'n deeglike primêre skoolopleiding (jammer om te sê dat min van die nywerheidskoolleerlinge daarvan kennis het). Verder berus die opleiding van so 'n leerling op die regte klassifikasie, d.w.s. die plasing van 'n leerling in die regte ambag of afdeling volgens

sy aanleg.

Die belangrikheid van hierdie onderwys en opleiding moet dus van so 'n aard wees dat dit die leerling in staat stel om wanneer hy die skool verlaat, verdere opleiding te kan geniet om onafhanklik te word. Sodra 'n leerling deeglik by sy werk kan aanpas, ervaar hy vreugde en geluk waarop sukses onvermydelik volg. Simpatieke leiding en voorligting, gepaard met intellektuele vorming en ontwikkeling bied sekuriteit en selfversekering om die werk te doen.

Die samewerking van die werkgewer is van groot belang. Dit is nie net die leerlinge wat op proef (met vergunning) uitgeplaas word nie, maar ook die werkgewer wat op proef gestel word. Taktvolle en simpatieke optrede van die werkgewer se kant mag aan hierdie jong lewe rigting gee. Leerlinge word uitgeplaas op die ouderdom 18-19 jaar, wat beskou word as 'n kritieke tyd in hulle lewe. Vir baie is dit die romantiese periode. Sake word nie in die regte perspektief gesien nie, die denkwêreld en emosionele lewe is ongebalanseerd en hulle is baie ontvanklik vir die verkeerde dinge. Dit is die periode, wanneer hulle in besonder, 'n helpende hand en 'n simpatieke vriend nodig het. Die skool beskou die werkgewer in hierdie lig. Die werkgewer wat onbevoeg of onwillig is om sulke hulp te verleen is nie bevoeg om 'n werkgewer te wees nie.

Onbevoegde werkgewers is 'n ware probleem. Aan die eenkant, is dit in belang van die leerlinge

dat hulle die wêreld ingaan om in aanraking te kom met die realiteit van die lewe wat hulle nie by die skool ervaar het nie. Aan die anderkant, is dit baie moeilik om 'n leerling in diens van 'n werkgewer te plaas wat net daarin belangstel hoeveel hy uit hom kan kry.

In die lig van wat nou hier gesê is, is dit nie nodig om te beklemtoon wat die verantwoordelikheid van die beheerrade is by die uitplasing van 'n kind nie. Dit is hulle plig om te verseker dat werkgewers met simpatieke verbeelding hierdie leerlinge in diens sal neem. 'n Verdere groot waarde van tegniese onderrig is nl. die geleentheid wat die onderwyser hier het om meer individuele onderrig te kan gee, en as gevolg daarvan kan hy beslis 'n beter evaluering van die seun as geheel maak. Allengs kan die skeidsmuur afgebreek word en 'n persoonlike onderwyserterapeut-kind-vertrouensverhouding ontstaan.

Die doel is nie 'n bedrewe praktiese werksman wat die tegniek van sy vak verstaan nie, maar om 'n beskaafde mens en werksman, wie se opleiding op taamlike breë beginsels berus af te lewer. Die vakonderwys speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die verstand; feitlik dien dit as die grondslag van kulturele en tegniese vorming in die hele opvoeding van die leerling.

In die tegniese opleiding word daarna gestreef om die vak te veredel. Dit is veral nodig by jongmanne wat uit omgewings kom waar arbeid dikwels nie as 'n eer beskou word nie.

Steeds meer aandag word gegee aan die beroepskeuse, beroepsadvies en beroepsplasing, en die aantal seuns, wat in hulle opinie ꞌn ongeskikte vak volg, word aansienlik minder.

Ten einde ꞌn seun met raad en leiding te bedien in die keuse van ꞌn beroep, is kennis van drie faktore nodig o.m.:

(a) die verstandelike en liggaamlike eienskappe wat by die uitoefening van sekere beroepe vereis word;
(b) die teenswoordige en toekomstige ekonomiese toestande, en
(c) die psigo-fisiese eienskappe van die toekomstige arbeider of werker.

Aangesien dit moontlik is om in die groot verskeidenheid van individuele aanleg en vermoëns te voorsien, moet die seun op die nywerheidskool nie die vak leer waarvoor hy nie ꞌn besliste aanleg toon nie, bygevolg moet daar reëlings getref word vir oorplasing of andersins om hom die geleentheid te gee om in sy vak of rigting te studeer.

Dit is voorts nodig om daarop te let dat die hoofdoel van dié opleiding nog steeds die vorming en ontwikkeling van persoonlikheidseienskappe is vir ꞌn eie persoonsroeping in die sosiale lewe.

(vii) <u>Sosiale vorming en ontwikkeling</u>

ꞌn Maatstaf vir die doeltreffendheid van ꞌn nywerheidskool is die hoeveelheid vryheid wat aan die leerlinge gegee word. Die personeel vermy

die inrigtingsidee en probeer om van die skool 'n huis te maak om die vertroue tussen onderwysers en leerlinge geleidelik op te bou.

Die sosiale vorming en ontwikkeling van die kind beteken nie die onderdrukking van die individu nie, maar eerder die opheffing en aktivering van die individu as die aksiesentrum in die groep.

Daar die nywerheidskool hom tot taak stel om die kinders maatskaplik bruikbaar[1] te maak, het die opvoeding 'n strenge sosiale strekking. Met oortuiging kan beweer word dat die bekende, en tereg gewraakte nadele van gestigsopvoeding, nie die opvoedingswerk aan die nywerheidskole kenmerk nie. Verskeie pogings word aangewend sodat geen kloof tussen dié skool en die maatskappy daarbuite bestaan nie. Daar moet sosiale kontak na buite wees, want dit maak die oorgang van skool tot die lewe daarbuite, wanneer die kinders uitgeplaas word, minder kompleks en geen moeite word gespaar om die kind met die gewone lewenswyses daarbuite in aanraking te bring nie.

Daar word ruime geleentheid verskaf vir maatskaplike verkeer, deur middel van sportwedstryde, konserte, uitstappies, kampe, besoeke aan opvoedkundige plekke en ook, min of meer gereeld plekke van gesonde vermaak. Indien die kinders opgelei word om eindelik 'n plek in die maatskaplike lewe in te neem, het dit in en deur die maatskaplike lewe geskied en nie afgeskei daarvan nie, omdat die werksaamhede van die nywerheidskool vervleg

1. Coetzee, op. cit., hoofstuk X11; Waterink, op. cit., hoofstuk V11.

en interaksie met die talle fasette van die samelewing is.

Sosiale aanpassing as ideaal by alle onderwys is geen nuwe denkbeeld nie omdat die mens 'n individuele wese is met 'n sosiale roeping is en dit geld in 'n besondere mate van die nywerheidskool.

Wanneer van die jongmense verwag word dat hulle later hulle sal aanpas in die vrye maatskaplike lewe daarbuite, dan spreek dit vanself dat hulle gedurende hulle opvoeding geleer moet word om die regte gebruik te maak van vryheid, wat eintlik die vrug is van selfdissipline.

Die ontwikkeling van die inrigtingslewe word gebaseer op die beginsel van 'n „miniatuur" gemeenskap. In so 'n gemeenskap word die fondament gelê vir 'n gesonde inrigtingsgemeenskap, wat 'n positiewe impak op die leerling sal hê. Dit is 'n gemeenskap wat alle fasette van die samelewing daarbuite het want sosiologies groei alle groepe uit die huisgesin.[1] Dit is ook in breë trekke die roeping van die nywerheidskool.

(viii) <u>Die ontwikkeling van die volisionele</u>

Die volisionele of wilsvermoë van die kind kan die beste aangehelp word deur die kind te motiveer en dit weer te stimuleer deur belangstelling. Om 'n kind te motiveer en te inspireer bly een van die grootste take van die opvoeding. Dit is deur en deur bewys dat in tye waar kinders se belangstelling opgewek en gehou kan word soos vir kadetkom-

1. Roucek & Warren. Sociology. An introduction, p. 95.

petisies, rugbyligas, sangkompetisies en selfs eksamen, swak gedrag en drostery byna nooit voorkom nie.

Motivering word uiters bemoeilik deur swak huislike omstandighede of by twisgierige en wanaangepaste ouers. Om sulke kinders tot positiewe denke, emosionele gebalanseerdheid wat uitloop op wilshandelinge te motiveer, is die groot taak van die skoolpsigoloë. Die simptome van wilsbesluite en handelinge vind gewoonlik gestalte in bv. leuenagtigheid, ernstige aggressiwiteit, diefstal, ens. Dit is die taak van die skoolpsigoloë om die simptome bloot te lê en te behandel. Nietemin belemmer hierdie gedragshandelinge die konsentrasie-, leer-, geheue- en reproduksievermoë van die kind in sy skolastiese vordering.

### 5.3.3 Die voorbereiding-vir-uitplasingsfase

Hierdie stadium is van onskatbare waarde vir die jong man wat eersdaags uitgeplaas en hom selfstandig in 'n werksituasie bevind waar hy o.m. aan allerlei gedragspatrone sal moet konformeer.

Alvorens tot die uitplasing oorgegaan word, is dit nodig om vooraf daarop te let dat aan beslis baie hoë vereistes voldoen moet word. So 'n leerling van die nywerheidskool het miskien 'n halfdosyn of meer of minder jare aan die pedagogies-psigoterapeutiese inrigting in 'n kosskoolsituasie vertoef met die oog op sy heropvoeding en rehabilitasie. In hierdie opset van die struktuur van die nywerheidskool en die komplekse en delikate aard van die

terapeutiese diens in alle fasette en afdelings, het die jong man nou geleer om tot 'n groot mate selfstandig, selfbeheersd uit selftug tot vryheid, verantwoordelik op te tree in sy aanpassing by talle sosiale situasies. Hy het sy eie gebreke en swakhede aanvaar - dit oorkom - deur sy probleme self te verwerk en op te los deur selfmotivering - tot 'n baie groot mate het die wording van sy persoonlikheidsontwikkeling vir 'n persoonsroeping gebalanseerd uitgegroei - hy is op die weg na volwassenheid wat normaalweg op 22 tot 23-jarige ouderdom plaasvind. En al is dit in sy geval miskien op 'n ouer stadium, het hy ook 'n mate van lewenservaring en rypheid opgedoen.

In die lig van die vorige is dit 'n vanselfsprekende feit dat al die voorgenoemde en nog veel meer probleme nie sommer goedsmoeds aanvaar kan word nie; al hierdie bewerings en stellings omtrent die jong man se lewe en toekoms moet met wetenskaplike bewyse aangetoon word. Verskillende verslae met alle feite en gegewens omtrent so 'n jong man is vereistes volgens voorskrifte van die Departement van Nasionale Opvoeding. Die verslag van die nywerheidskool word deur die Hoof goedgekeur en moet o.m. die aanbeveling van die skoolpsigoloog vir uitplasing bevat. In genoemde verslag word die aard van die gedragsafwyking, die simptome en die behandeling genoem; asook die mate van skolastiese vordering en die akademiese standerd geslaag, en die peil en rigting van tegniese handvaardigheid en bekwaamheid en ook die geslaagtheid van die behandeling en aanpassing ens. Hieruit is o.m. duidelik dat die skoolhoof; vise-hoofde; skoolpsigoloë, assistent-psigoloë; tegniese-, handels-, en liggaamlike opvoeding; personeel; koshuisvader en -moeder en die verpleegsuster,

almal op die een of ander wyse ŉ aktiewe aandeel in die heropvoeding en rehabilitasieproses van die (nou) jong man deur die jare heen gehad het, d.w.s. die verslag en aanbeveling is ŉ geïntegreerde, gekoördineerde, weldeurdagte en gebaseer op wetenskaplike gronde wat ŉ uiters verantwoordelike dokument is.

Die finale sanksie vir uitplasing berus by die Departement van Nasionale Opvoeding op aanbeveling van die Hoof en die Raad van Beheer van die nywerheidskool.

Hierdie stadium is van onskatbare waarde vir die kind, want hy word nou vir oulaas voorberei, hy ontvang voorligting en leiding van wat van hom verwag word in die samelewing waar hy in werk geplaas word. Gedurende hierdie laaste paar weke word die kind ingelig i.v.m. sy toekomstige rol en rolverwagtings, probleme, versoekings en gevare. Vir praktiese doeleindes speel die werkwinkels ŉ belangrike rol in die verband want ŉ „natuurlike" werksituasie en die werkverhoudinge het alreeds vir hom begin en is uitgeborg gedurende die jare wat hy by die nywerheidskool was.

Gedurende hierdie fase word die kind onder andere ook ingelig i.v.m. assuransie, spaar van geld, losies, aankoop van klere en voertuie, die liefdeslewe, kerklidmaatskap en kerkbywoning, deelname aan sport en verenigingslewe, asook vryetydsbesteding en ontspanning. Die kind word ook geleer watter verhouding daar tussen hom en die betrokke kantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene moet wees nadat hy uitgeplaas is. Hierdie voorligting word gewoonlik deur die hoof van die skool en die onderwyser-psigoloog gegee, en soms bygestaan word deur die predikante en persone uit die dorp. Hierdie verskerpte opvoedingsfase is die

kulminasiepunt van 'n lang proses van opvoeding en heropvoeding en dra baie by tot so 'n kind se afronding en suksesvolle inpassing in die gemeenskap.

5.3.4 Nasorgfase

Artikel 44[1] van die Kinderwet maak voorsiening dat enige kind wat na 'n nywerheidskool verwys is, na sy aanhoudingsperiode[2] deur die bestuur van die inrigting met vergunning uitgeplaas kan word. Nadat die leerling met vergunning uitgeplaas[3] is, is hy in die sorg van sy ouers of voogde en onder toesig van 'n proefbeampte van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene. Laasgenoemde is uitsluitlik behulpsaam met die leerling se aanpassing in die samelewing. Die betrokke skool waarin die leerling was, word halfjaarliks van 'n verslag aangaande die leerling se aanpassing en vordering voorsien. Verder sien bogenoemde Departement toe dat die leerling behoorlik gehuisves is en is behulpsaam om goeie verhoudinge op te bou en in stand te hou tussen die uitgeplaasde, sy ouers of voogde en werkgewers. Die skool probeer ook soveel as moontlik in verbinding met hom te bly deur middel van korrespondensie, nuusbriewe en uitnodigings na funksies wat gereël word.

„Indien die uitgeplaasde leerling hom nie in die buitelewe kan aanpas nie, en hy volgens die mening van die betrokke volkswelsynbeampte en die skool nog baat by verdere behandeling in die skool sal vind, word sy ontslag met vergunning ingetrek en tot die skool hertoegelaat."[4]

1. Kinderwet, op. cit., p. 36-38.
2. Kieser, op. cit., p. 177.
3. Engelbrecht, op. cit., p. 13.
4. Ibid.

Aan drie van die nywerheidskole is elk ŉ uitplasingskoshuis. Leerlinge in die koshuis staan onder toesig van die skool wat bygestaan word deur permanente inwonende huisouers. Die voordele van hierdie koshuise kan nooit na waarde geskat word nie.

## 5.4 Samevatting

1. Die doel en taak van die nywerheidskool is die ontwikkeling van die liggaam en die gees van die sorgbehoewende kind en dit berus op die aanleer van metodes en gewoontes om gesonde en sosiaal aanvaarbare bevrediging vir drange en neigings te vind.

2. Die behandelingsproses van die kind bestaan uit verskillende fases wat wesentlik nie van mekaar geskei kan word nie. Gerieflikheidshalwe word die volgende fases onderskei, nl. die:

   (a) toelatingaanpassingsfase; (b) behandelingsfase; (c) voorbereiding-vir-uitplasingsfase; en (d) nasorgfase.

3. Die toelatingsfase is ŉ baie belangrike tydperk in die nuwe kind se aanpassing want dit is die eerste stap om hom te laat tuisvoel in sy nuwe omgewing - die koshuis - en om gewoond te raak aan die reëls van die skoolsituasie.

4. Die behandelingsfase berus op die versorging van die kind op materiële en nie-materiële gebied. Vir die heropvoeding van die kind is hierdie fase die belangrikste, en hou verband met die opset en struktuur van die pedogiese, psigoterapeutiese inrigting in ŉ kosskoolsituasie.

5. Die voorbereiding vir uitplasingsfase is die finale stadium en die kulminasiepunt in die behandelingsproses, wat gemik is op die verwydering van inrigtingsgefikseerdheid by die kind en die finale afronding vir toetrede tot die buite-wêreld.

6. Die nasorgfase is uitsluitlik die taak van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene om d.m.v. sy opgeleide beamptes die uitgeplaasde van hulp en leiding te voorsien t.o.v. menseverhoudinge in sy werk en sy gemeenskap.

Die taak van die nywerheidskool is nie 'n taak van een persoon nie, maar vereis spanwerk van die personeel, en ook van daardie persone wat direk en indirek met die skool kommunikeer.

HOOFSTUK 6

# SAMEVATTENDE GEVOLGTREKKINGS.

## 6.1 Inleiding

Die voorafgaande hoofstukke bestaan uit 'n inleiding, waarin die aard en omvang van sorgbehoewendheid, die doel van die ondersoek en 'n omskrywing van enkele begrippe en terme gegee is. Hierna volg 'n beknopte beskrywing van die ontwikkeling van die kinderwette vir die nywerheidskool en 'n ontleding van gegewens van die huisgesin wat gedien het as voedingsbron vir sorgbehoewendheid. Dit word opgevolg deur 'n statistiese ontleding van sekere kenmerke en gedrag van die sorgbehoewende kind. Daarna volg 'n uiteensetting van die doel en taak van die nywerheidskool t.o.v. die sorgbehoewende kind wat daarheen verwys is. Vervolgens sal hierdie slothoofstuk bestee word aan 'n samevatting van die geskiedenis van die kinderwette en die nywerheidskole en 'n samevattende evaluering van die empiriese ondersoek d.m.v. samevattende gevolgtrekkings met die oog op enkele voortreflikhede en leemtes, asook enkele riglyne vir die toekoms en onderwerpe vir verdere navorsing oor die nywerheidskool.

## 6.2 Samevatting van die opkoms van die nywerheidskool met verwysing na wetgewing in die verband

'n Beskrywing van die verloop van die ontwikkeling van die nywerheidskole in Suid-Afrika kan nooit volledig wees, indien nie na die ontwikkelingsgeskiedenis van die kinderwette sedert 1909 verwys word nie. Hierdie twee aspekte se geskiedenis vorm 'n <u>onverbreekbare eenheid</u> omdat die ontstaan en opkoms van die nywerheidskole van die kinderwette

afhanklik is. Hier word dan onwillekeurig gedink aan Wet no. 39 van 1909 (Transvaal) wat die eerste nywerheidskool ten gevolg gehad het, Wet no. 13 van 1911 wat voorsiening gemaak het vir die verdere oprigting van nywerheidskole, en Wet no. 31 van 1917, wat die oordrag van nywerheidskole vanaf die Departement van Justisie, op 31 Augustus 1917, na die Unie-Onderwysdepartement moontlik gemaak het.

## 6.3 Samevattende evaluering van die gesinstoestande van die ondersoekgroep

(i) Die belangrikste bevinding van hierdie ondersoek is dat 65.0 persent van die ondersoekgroep uit gebroke huise kom. „The concept "broken home" does not have a universal connotation and is often very broadly defined by investigators to include homes broken by divorce, annulment, separation, desertion, death, and sometimes those involving remarriages. Those who include quasi-broken homes under the category of family disorganization, in addition to actual breaks in the home, find a higher correlation between broken homes and delinquency."[1]

Die elemente van gebroke gesinne in hierdie ondersoek, was onnatuurlike oorsake 40.0 persent (egskeiding 18.0 persent en verlating 22.0 persent) en natuurlike oorsake 25.0 persent (moeder oorlede 13.0 persent, vader oorlede 11.0 persent en albei ouers oorlede 1.0 persent).

(ii) Rasioneel beskou, is die somtotaal van die gesinstoestande van 100 sorgbehoewende kinders sorgwekkend, veral as daaraan gedink word dat geen noemens-

1. Neumeyer, op. cit., p. 166.

waardige maatskaplike veranderinge die afgelope twee dekades in Suid-Afrika plaasgevind het nie. In die „rustige" florerende welvaart van hierdie land blyk gegewens soos die volgende onrusbarend te wees, naamlik dat in die gesinne van hierdie ondersoekgroep 55.0 persent gebuk gegaan het onder drankmisbruik; 29.0 persent van die ouers was skuldig aan onsedelikheid; 22.0 persent kwaadwillige verlatings; 17.0 persent werkloos; 18.0 persent skuldig aan misdaad, in 61.0 persent van die gesinne was swak gesinsverhoudings; 58.0 persent was armoedig; 54.0 persent van die kinders is verwaarloos; 48.0 persent van die huise was ongeskik vir bewoning; oorbewoning by 46.0 persent; egskeiding 18.0 persent en 85.0 persent van die ouers wat baie selde of nooit die kerkdienste besoek het nie.

(iii) ŉ Baie interessante bevinding was dat dit nie so seer die persoonlike gedrag en individuele optrede van die ouers was wat sorgbehoewendheid en afwykende gedrag veroorsaak het nie, maar wel die impak wat dit gehad het op die gesin om dit in ŉ groot mate te disorganiseer met die gevolg dat afwykende gedrag en sorgbehoewendheid na vore getree het. Daarom wil die ondersoeker drankmisbruik, alkoholisme, onsedelikheid, buite-egtelike saamwoon, verlating, werkloosheid en werkskuheid, fisiese en psigiese defekte as primêroorsakende faktore beskou, wat weer swak gesinsverhoudinge, behoeftigheid, verwaarloosing van die gesinslede, swak huislike omstandighede, oorbewoning, egskeiding, ongereelde kerkbesoek, dood van een of albei ouers asook pleegouers tot gevolg het. Genoemde gevolge is dus volgens hierdie ondersoek wesentlike

oorsake van sorgbehoewendheid.

## 6.4 Samevattende evaluering van die eienskappe en gedrag van die ondersoekgroep

(i) Die belangrikste bevinding wat in hierdie hoofstuk gemaak is, is dat 34 van die 42 kinders wat aan afwykende gedrag skuldig was uit gebroke gesinne kom (14 verlatings, 9 egskeidings, 6 moeders en 5 vaders oorlede), d.w.s. 80.9 persent van dié groep van 42 kinders kom uit gebroke gesinne.

(ii) Verder is hier bevind dat 54.0 persent van die ondersoekgroep na inrigtings verwys is voordat hulle 15 jaar oud was, dat hulle gemiddelde I.K. 86.75 is terwyl 83.0 persent skolasties vertraag is.

(iii) Die rangorde van belangrikheid van faktore wat gelei het tot afwykende gedrag is:

(a) gesinstoestande;
(b) swak buurt;
(c) onvoldoende persoonlikheid; en die
(d) skool.

(iv) Uit die ondersoek was dit dus duidelik dat 58.0 persent van die kinders sorgbehoewend bevind is en na die nywerheidskool verwys is a.g.v. onbevoegde ouers en swak gesinstoestande, 31.0 persent was skuldig aan onbeheerbare gedrag maar is ook a.g.v. onbevoegde ouers en swak gesinstoestande sorgbehoewend bevind, terwyl 11.0 persent deur die jeughof skuldig bevind is[1] aan wangedrag, en na die nywerheidskool verwys is.

---

1. Vgl. hoofstuk 3.

## 6.5 Samevattende evaluering van die doel en taak van die nywerheidskool

Die Departement van Nasionale Opvoeding se metodes in die bekamping van sorgbehoewendheid en afwykende gedrag by kinders en jeugdiges, word deur die nywerheidskool in 'n omvattende remediële opvoedkundige program deurgevoer, wat bestaan uit die liggaamlike en geestelike opvoeding, heropvoeding en rehabilitasie van die kind.

## 6.6 Samevattende evaluering van die voortreflikhede van die nywerheidskool

(i) Die nywerheidskool aanvaar die Christelike beskouing, dat alles uit, deur en tot God is, die kind is 'n maaksel van God, 'n religieuse wese en hy het 'n ewigheidsbestemming. Dit gaan dus om 'n Skrifgefundeerde opvoeding in die nywerheidskool binne 'n kosskool-situasie.

(ii) Dit gaan om die kind in die nywerheidskool, waar hy die volwasse opvoeder-onderwyserterapeut ontmoet, wat hom moet lei en terug help op die pad wat heen lei na die gesonde maatskaplike orde, met maatskaplike norme waarby hy as opgevoede en heropgevoede met beheersing moet aanpas.

(iii) In hierdie ondersoek is weinig gesê oor die struktuur en funksionering van die nywerheidskool, maar wel meer oor aspekte van sy doel en sekere fases. Opsommenderwys kan ondersoeker met die grootste vrymoedigheid sê dat hierdie skole onbetwisbaar in hulle doel slaag. Die grondstof hier is 'n sorgbehoewende kind wat herstel moet word vir homself en vir sy gemeenskap. Dit word gedoen d.m.v. heropvoe-

ding wat behels dat „alles" in die verlede gekanselleer moet word en sosialisering van vooraf aan begin moet word. Die kind ontvang goeie klere, goeie voedsel, 'n aangename slaapkamer, die beste akademiese en tegniese opleiding wat nie-materiële en materiële waardes vaslê, en sekuriteit wat selfvertroue wek.

Die kind is onderhewig aan streng maar regverdige dissipline en arbeidsverrigting, want werk staal die liggaam, verruim die gees en laat die kind maklik inpas in die maatskaplike orde. Dit behels die <u>verwydering van swak en lae standaarde en maatstawwe vir waardes en die motivering en substituering van lewenswaardes</u> wat hom noop om dit te aanvaar en sy lewe, optrede en gedrag daarvolgens te rig. Dit kom dus daarop neer dat die kind geestelik en liggaamlik opgevoed word wat lei tot geestelike vryheid, selfdissipline, gekultiveerdheid, onderworpenheid aan gesag, verantwoordelikheid, selfvertroue met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing, wat sy lewe, denke, doen en late lei en rig in alle situasies.

## 6.7 Aanbevelings en riglyne vir die toekoms

### (i) Beklemtoning van psigologiese dienste

Die onderwyser-psigoloog is die belangrikste persoon in die nywerheidskoolkind se lewe. Sy hoofdoel is om die oorsake van gedragsafwykinge wat emosionele blokkasies tot gevolg het, op te spoor en d.m.v. terapie die probleme te verwyder. Hierdie unieke rol wat die onderwyser-psigoloog moet vervul, kan alleen slaag wanneer daar 'n persoonlike <u>vertrouensverhouding</u> tussen hom en die leerlinge ontstaan.

Bogenoemde belangrike diens gaan verlore omdat die onderwyser-psigoloog:

(a) as huisvader soms diens doen in die koshuise;

(b) ŉ sekere aantal periodes per week moet skoolhou;

(c) hulp moet verleen by buite-muurse aktiwiteite; en

(d) onnodige administratiewe werk moet doen.

Bogenoemde eise is onrealisties want ŉ onderwyser-psigoloog se werkure laat dit nie toe nie, want bg. kan deur ander personeellede behartig word. Dit is noodsaaklik dat elke nywerheidskool ten minste twee onderwyser-psigoloë wat net psigoterapeutiese diens verrig, moet hê. Hulle moet kwytgeskel word van alle ander take en hulle moet opgeleide psigoloë wees.

(ii) Verlaging van die toelatingsouderdom

Die regulasie wat bepaal dat ŉ kind alleen na ŉ nywerheidskool gestuur kan word wanneer standerd vyf geslaag is of in die jaar wat hy 14 word, behoort verlaag te word na 13 jaar om die volgende redes:

(a) ŉ Sorgbehoewende kind wat op 13 jarige leeftyd na ŉ kinderhuis verwys is, pas baie moeilik aan veral wanneer hy óf skolasties vertraag óf verstandelik vertraag is;

(b) bogenoemde leerlinge word dan gewoonlik in aanpassingklasse geplaas en daar „vergeet" en

(c) aanpassingsklasse en spesiale skole is nou maar eenmaal nie ingerig om te voorsien in

die behoeftes van 'n sorgbehoewende kind soos die nywerheidskool nie.

(iii) Skakeling tussen die skool/kind en die ouerhuis

Die noue skakeling tussen die skool/kind en die ouerhuis is 'n geweldige agterstand waarteen die skool moet veg. Baie kosbare ure gaan verlore om hierdie skakeling te bewerkstellig en daardeur bly talle probleme onopgelos. Die beperkte tyd van die onderwyser-psigoloog word baie keer gebruik om die nodige inligting van die ouerhuis te bekom. In die lig van bogenoemde voel ondersoeker dat 'n maatskaplike werker met 'n professionele onderwyskwalifikasie die aangewese persoon is om sodanige skakeling te bewerkstellig. Hierdie aanstellings kan op een van die volgende basisse geskied, naamlik dat:

(a) maatskaplike werkers in stede aangestel word, (onder die Departement van Volkswelsyn en Pensioene) om net na die belange van nywerheidskoolleerlinge en hulle huisgesinne se rahabilitasie om te sien en wat die skakeling na buite kan bewerkstellig, en

(b) om in elke dorp waar 'n nywerheidskool is, 'n tak-kantoor van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene te hê, met een maatskaplike werker, wat 'n bydrae kan lewer met maatskaplike probleme van 'n kind.

Hierdie aanbevelings verdien beslis ernstige oorweging van die Departemente van Nasionale Opvoeding en Volkswelsyn en Pensioene.

(iv) Differensiasie

Om die nywerheidskool meer sin, waarde en betekenis te gee sal differensiasie nog meer toegepas moet word as in die huidige beleid. Differensiasie a.g.v. verstandelike en geslagtelike faktore is nie genoegsaam as ons daaraan dink dat 58.0 persent van hierdie ondersoekgroep geen gedragsafwykings getoon het nie en nogtans saam met kinders geplaas word wat hulle skuldig gemaak het aan wangedrag soos die rook van dagga, diefstal, aanranding en stokkiesdraai ens. So 'n toestand kan nooit gesond wees nie, en moet die vordering en sukses wat behaal kan word, belemmer.

'n Kategorie-indeling kan soos volg wees:

(a) kinders met goeie gedrag wat akademies aangelê is,

(b) kinders met goeie gedrag wat tegnies aangelê is,

(c) kinders met subnormale verstandelike vermoë met goeie gedrag, en

(d) kinders met normale en subnormale verstandelike vermoë wat hulle skuldig maak aan afwykende gedrag.

Laasgenoemde groep is beslis 'n gevaar vir die eerste drie groepe en sal dus geïsoleer moet word, want hulle swak invloed sal weinig of min wat goed is kan oplewer.

(v) Samesprekinge tussen die Departement van Nasionale Opvoeding en die Departement van Volkswelsyn en Pensioene

Die tyd is ryp vir samesprekings tussen bogenoemde

Departemente om sake uit te stryk soos o.m.:

(a) die Departement van Volkswelsyn en Pensioene se beleid omtrent verwysing van 'n kind na 'n nywerheidskool;

(b) die aanhou van leerlinge by kinderhuise wat skolasties en verstandelik vertraag is en op 17, 18 jarige ouderdom met 'n niksbeduidende sertifikaat van 'n spesiale skool tevrede moet wees;

(c) die vraagstuk van nasorgdienste;

(d) die rehabilitasie van die gesin terwyl die kind verwys is,

(e) die plasing van proefbeamptes[1] by nywerheidskole, en ook kan die betrokke instansies die volgende oorweeg vir aanbeveling:

(f) die oorweging van die aanstelling van 'n verpleegsuster met 'n agtergrondskennis van sorgbehoewende kinders;

(g) die oprigting van 'n hospitaal by die nywerheidskool (waar die verpleegsuster 'n eie woonstel het) om kinders te behandel vir siektes en gewaande siektes, en

(h) die verpleegsuster kan ernstiger siektegevalle na die medikus vervoer en ook vir tandheelkundige behandeling sodat die skool die onderwyser en faktotum se dienste beter kan benut.

Met sulke samesprekings op hoë vlak kan niks verloor word nie, maar alles gewen word, en dit tot heil van die sorgbehoewende kind.

---

1. Vgl. hierdie hoofstuk.

(vi) Die onderwyspersoneel

Die Departement moet sover moontlik elke doserende personeellid aanmoedig om verder te studeer - voor- en nagraads - deur middel van finansiële hulp.

(vii) Die kinderhof

Dit word aanbeveel dat spesiale kommissarisse van kindersorg in die stede met deeglike kennis, belangstelling, bekwaamheid en simpatie teenoor die kind aangestel word. Dit is uiters belangrik dat die kommissaris van kindersorg en die proefbeampte deeglike samesprekings sal hou om seker te maak dat die besluit wat geneem word net in die beste belang van die kind sal wees. Alle verslae en besluite behoort aan bepaalde vereistes te voldoen. Dit sal eenvormigheid bewerkstellig asook deeglike verslaggewing van elke spesifieke geval.

6.8 Slotbeskouing

Die opvoedingstelsel van die nywerheidskool in Suid-Afrika het geweldige vordering gemaak en is toonaangewend in die internasionale ry van hierdie inrigtings. Die pogings van die Departement van Nasionale Opvoeding kan in baie opsigte as prysenswaardig beskou word.

Die onderwys- en opvoedingstaak aan hierdie skole vereis volgehoue wetenskaplike besinning en studie; van kritiese besprekings van die doelstellings, behandelingsmetodes en die daarstelling van besondere kurrikulums vir die nywerheidskool, leerprobleme, meting van suksesse, ens. - almal probleme wat nadere studie vereis.

Ook hierdie navorsing vereis netsoos die onderwystaak van die nywerheidskool positiewe arbeid, gelykmatige optrede en leiding in liefde, inspanning, onvermoeide ywer en volharding, gebaseer op ware geloof. Dit, en nog veel meer, bied die basis vir die beste pogings en navorsing vanuit baie hoeke om hierdie roemlose, verstote en verstoke kind op te hef tot voordeel van homself, sy gesin, sy skool, sy medemens, sy kerk, volk en vaderland.

## BIBLIOGRAFIE


ALBERTYN, C.F. Jeugmisdaad. Nasionale Pers, Beperk, Kaapstad, 1938.

BANAY, R.S. Youth in despair. Coward - McCann, Inc., New York, 1948.

BARSCH, R.H. The parent of the handioapped child. Charles C. Thomas Publisher, Springfield, U.S.A., 1968.

BAYLOR, E.M.H. and MONACHESI, E.D. The rehabilitation of children. Harper and Brothers Publishers, 1939.

BECKER, H.S. The other side. Perspectives on deviance. The Free Press, New York, 1966.

BENDER, J.F. The functions of courts in enforcing school attendance laws. Teachers College, Columbia University, New York City, 1927.

BERKOWITZ, L. Aggression: A social psychological analysis. Mc Graw Hill Book Company, New York, 1962.

BLOCH, H.A. and FLYNN, F.T. Delinquency. Random House, New York, 1966.

BLOOD, R.O. Marraige. Collier-Macmillan Ltd., London, 1969.

BOGARDUS, E.S. Sociology. The Macmillen Company, New York, 1957.

BOTHA, D. Groepwerk in kinderinrigtings met besondere aandag aan 'n Pretoriase inrigting. Universiteit van Pretoria, 1964.

BOWLEY, A.H. The psychology of the unwanted child. E. and S. Livingstone Ltd., Edinburgh, 1947.

BREUER, J.H. Gestichts-opvoeding. Paul Brand's Uitgeversbedrijf N.V., Hilversum, 1935.

BURT, C. The young delinquent. University of London Press Ltd., London, 1965.

CASTLE, E.B. The teacher. Oxford University Press, 1970.

CAVAN, R.S. Juvenile delinquency. J.B. Lippincott Company, New York, 1962.

CILLIERS, S.P. en JOUBERT, D.D. Sosiologie. Kosmo-Uitgewery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, 1966.

CHANDLER, B.J. Education and the teacher. Dodd, Mead and Company, New York, 1961.

CLINARD, M.B. Sociology of deviant behavior. Halt, Rinehart and Winston, Inc., New York, 1965.

COETZEE, J.C. 'n Inleiding tot die historiese opvoedkunde. Voortrekkerpers Bpk., Johannesburg, 1958.

COETZEE, J.C. Inleiding tot die algemene praktiese opvoedkunde. Pro Rege-Pers Beperk, Potchefstroom, 1962.

COOLEY, C.H. Social organization. Charles Scribner's Sons, Boston, 1909.

CRONJE, G. Ontspoorde jeugdiges. N.G. Kerk-Uitgewers, Pretoria, 1960.

DANZIGER, K. Readings in child socialization. Pergamon Press, Oxford, 1970.

DE WET, J.C. en SWANEPOEL, H.L. Strafreg. Butterworth, Durban, 1949.

DIE BYBEL. Britse en Buitelandse Bybelgenootskap, Kaapstad, 1957.

DIE drank - vraagstuk in S.A. Referate voorgedra op die Plaaslike Keuse Kongres gehou op Cradock, 5-6 Desember 1923.

DREVER, J. A dictionary of psychology. Penguin Books, Great Britain, 1965.

DU PLESSIS, W.K.H. Die nywerheidskool as onderwys- en opvoedingsinrigting in Suid-Afrika. P.U. vir C.H.O., Potchefstroom, 1958.

DU TOIT, J.B., STEYN, A.F. en RIP, C.M. Afwykende gedrag. Nasou Beperk, 1965.

DU TOIT, J.M. Statistiese Metodes. Kosmo-Uitgewery Edms. Bpk., Stellenbosch, 1966.

FAIRCHILD, H.P. Dictionary of sociology. Littlefield, Adams and Co., New Jersey, 1965.

FENTON, N. The delinquent boy and the correctional school. Claremont College Guidance Center, California, 1935.

FOUCHÈ, J.W.J. Die persoonlike en gesinsagtergrond van 175 onbeheerbare kinders wat gedurende 1956/57 na inrigtings verwys is. Universiteit van Pretoria, 1959.

FUNK and WAGNALLS. Standard dictionary of the English language. International edition. Funk and Wagnalls, New York, 1968.

GADOUREK, I. Riskante gewoonten en zorg voor eigen welzijn. J.B. Wolters, Groningen, 1963.

GILLEN, J.L. Social pathology. D. Appleton - Century Company, New York, 1939.

GLUECK, S. and E. Unraveling juvenile delinquency. The Commonwealth Fund, New York, 1950.

GOODE, W.J. The family. Prentice Hall Inc., Englewood Cliffs, New Jersey, 1964.

HABERMEHL, D.N. Ons dagelijks werk. De Christen in de industrie. J.H. Kok, N.V.-Kampen, 1959.

HANEKOM, J.H. Die verwydering onder die Kinderwet, Wet no. 31 van 1937, van kinders uit die gesinsverband. Universiteit van Pretoria, 1950.

HEALY, W. and BRONNER, A.F. Delinquents and criminals. Their making and unmaking. The Macmillan Co., New York, 1928.

HEALY, W. and BRONNER, A.F. New light on delinquency and its treatment. Yale University Press, New Haven, London, 1943.

HECK, A.O. The education of exceptional children. McGraw-Hill Book Company, Inc., New York, 1953.

JONKER, C.J.E. Die bydrae van die maatskaplike werk t.o.v. nywerheidskoolleerlinge met onder-normale intelligensie. Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein, 1969.

JONKER, J.F.J. Die nywerheidskool se terapeutiese funksie t.o.v. die sorgbehoewende kind. Universiteit van die Oranje Vrystaat, Bloemfontein, 1969.

KEYTER, J. de W. Opvoeding en onderwys. Nasionale Boekhandel, Kaapstad, 1961.

KIESER, W.W.J. Die opvoedkundige aspekte van die Kinderwette in die Unie van Suid-Afrika. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1959.

KINDERWET, 1960, soos gewysig, tesame met regulasies. Die Staatsdrukker, Pretoria.

KRUGER, J.J.L. Die verskynsel van verwaarlosing as veroorsakende faktor vir die wangedrag van jeugdiges. 'n Kriminografiese ondersoek ten aansien van 'n aantal kleinhoewebewoners in die omstedelike gebied ten noorde van Pretoria. Universiteit van Pretoria, 1968.

LE MESURIER, L. Boys in trouble. John Murray, Albemarle Str., 1939.

LEVY, H. Drink - an economic and social study. Routledge & Kegan Paul Ltd., London, 1951.

LÖTTER, J.M. Die herinskakeling van blanke jeugoortreders. Universiteit van Pretoria, 1961.

MC MILLEN, S.J. Geeneen van die siektes. C.U.M., Roodepoort, 1966.

MURPHY, J.F. The dependent boy. The Catholic University of America, Washington, D.C. 1937.

MUSSEN, P.H., CONGER, J.J. and KAGAN, J. Child development and personality. Harper and Row, New York, 1963.

NEL, B.F. Die psigologie van die onderwyser. C.V. Sweets en Zeitlinger, Boekhandel en Uitgeversmaatschappij, Amsterdam, 1947.

NEUMEYER, M.H. Juvenile delinquency in modern society. D. van Nostrand Company, Inc., Princeton, New Jersey, 1962.

OLIVIER, G.F. Sekere aspekte van 'n sosiografiese studie van sorgbehoewende kinders vergelyk met jeugoortreders in die stedelike gebied van Johannesburg. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1966.

PARSONS, T. and BALES, F. Family, socialization and interaction process. Free Press, Glencoe, Illinois, 1955.

PATRICK, C.H. Alcohol, culture, and society. Duke University Press, Durham, 1952.

PHELPS, H.A. Contemporary social problems. Prentice-Hall, Inc., New York, 1942.

PIETERSE, J.E. Drankmisbruikers. H.A.U.M., Kaapstad, 1959.

QUAY, H.C. Juvenile delinquency. D. van Nostrand Company, Inc., Princeton, New Jersey, 1965.

ROODE, C.D. Inleiding tot die sosiologie. A.A. Balkema, Kaapstad, 1968.

ROUCEK, J.S. and WARREN R.L. Sociology. An introduction. Littlefield, Adams & Co., New Jersey, 1962.

RUBENFELD, S. Family of outcasts. The Free Press, New York, 1965.

RUPERTI, R.M. en DU PLOOY, J.L. Die opvoedingstaak. A.P.B., Johannesburg, 1965.

SCHUIJL, J.W. Delinquente jongens. Drukkerij Holland N.V., Amsterdam, 1950.

SLAVSON, S.R. Re-educating the delinquent. Harper and Brothers Publishers, New York, 1954.

SMITH, P.R. Die gesinslewe van die jeugdige oortreder met besondere verwysing na gesinsonvolledigheid. Universiteit van Pretoria, 1967.

SOROKIN, P.A. Society, culture and personality. Harper & Brothers, New York, 1947.

SPIER, J.M. Inleiding in de wijsbegeerte der wetsidee. J.H. Kok N.V. Kampen, 1950.

STOKER, H.G. Die stryd om die ordes. Caxton-drukkery, Pretoria, 1941.

STRATING, H.H. Die verwaarlosing en wangedrag van dogters. Universiteit van Pretoria, 1956.

SULLENGER, T.E. Social determinants in juvenile delinquency. John Wiley and Sons, Inc., London, 1936.

TAPPAN, P.W. Juvenile delinquency. McGraw-Hill Book Company, Inc., 1949.

TAUTE, B. Opvoedende onderwys. Universiteits-Uitgewers en -Boekhandelaars (Edms.) Bpk., Stellenbosch, 1959.

THERON, E. Inrigtingsversorging. Die Universiteitsuitgewers en -Boekhandelaars (Edms.) Beperk, Stellenbosch, 1948.

THERON, E. en MULLER, A. Maatskaplike aspekte van siekte en gesondheid. Universiteits-Uitgewers en -Boekhandel, Stellenbosch, 1967.

THORPE, L.P. en KATZ, B. The psychology of abnormal behavior. The Ronald Press Company, New York, 1961.

THURSTON, H.W. The dependent child. Columbia University Press, New York, 1930.

TROTZKEY, E.L. Institutional care and placing-out. The Morks Nathan Jewish Orphan Home, Chicago, 1930.

UYS, M.F. Probleemgesinne. Universiteit van Stellenbosch, 1965.

VAN DER MERWE, C.F. Die doelmatigheid van die inrigtingsversorging van Kleurlingjeugoortreders. Universiteit van Pretoria. 1964.

VAN DER WALT, J.A. 'n Historiese sosiologiese ondersoek van die ontwikkeling van die beleidsrigtings t.o.v. kinderbeskerming en kinderontwikkeling in die Unie van Suid-Afrika

vanaf 1910 tot 1950. Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein, 1955.

VAN DER WALT, J.P. Die doel en taak van die Kliniekskool Loopspruit. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1969.

VAN DER WALT, J.P. 'n Histories- prinsipiële beskouing oor die opkoms, die veld van ondersoek en die betekenis van opvoedkundige sosiologie met spesiale verwysing na die laerskool. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, 1959.

VAN DER WALT, P.J. Die Suid-Afrikaanse misdaadstatistiek. Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1954.

VAN DYK, R. Mens en medemens. N.V. Gebr. Zomer en Keunings Uitgeversmij - Wageningen, 1964.

VAN REENEN, T.H. Handbook on the children's act. Butterworth and Co. (Africa) Ltd., Durban, 1953.

VAN ROOYEN, I.J.J. 'n Ontleding van die gesinsagtergrond van blanke sorgbehoewende kinders in Suid-Afrika en van die rehabilitasie-metodes wat in dié verband aangewend word. Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1956.

VENTER, H.J. Die jeug - waarheen? H.A.U.M., Kaapstad, 1958.

VENTER, H.J. Residivisme. Universiteit van Pretoria, 1952.

WATERINK, J. Theorie der opvoeding. Kampen, Kok N.V., 1951.

WILLE, G. Principles of South African law, being a textbook of the civil law of the Union, Cape Town, 1945.

WILLEMSE, W.A. The road to the reformatory. J.L. van Schaik, Ltd., Pretoria, 1938.

WOLFF, M. Prison. Eyre and Spottiswoode, London, 1967.

JAARVERSLAE, TYDSKRIFTE, ENSOMEER

1. Die notule 1968: Die doel van die Kliniekskool Loopspruit.
2. Jaarverslae van die Departement van Hoër Onderwys (voorheen Unie-Onderwysdepartement en Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) 1910 - 1968.
3. Jaarverslae van die Hoof van die Nywerheidskool vir Seuns, Heidelberg, 1966 - 1969.
4. Jaarverslag van die Hoof van die Instituut vir Meisies, Durbanville, 1963.
5. Jaarverslae van die Departement van Justisie, 1911 - 1917.
6. Jaarverslae van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene, 1961 - 1968.
7. Nonqai, volume XL1X, no. 7, Julie 1958.
8. Omsendminuut D2/7 van die Departement van Hoër Onderwys, 10 Junie 1968.
9. Tydskrif vir tegniese en beroepsonderwys in Suid-Afrika, no. 38, September 1968.
10. Verslag van die Departement van Volkswelsyn en Pensioene oor die sorgbehoewende kind, 1965.

ONDERHOUDE GEVOER MET DIE VOLGENDE PERSONE:

1. MNR. BARNARD, L.H. Hoof van die Nywerheidskool vir Seuns, Heidelberg.
2. DR. ENGELBRECHT, I.Z. Hoof-inspekteur van skole van die Departement van Nasionale Opvoeding.
3. MNR. GROBBELAAR, J.J. Hoof van die J.W. Lückhoff-skool, Heidelberg.
4. MNR. KAHL, O.G. Senior lektor in maatskaplike werk,

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

5. MNR. OOSTHUIZEN, J. Onderwyser-psigoloog, Nywerheidskool vir Seuns, Heidelberg.

6. MNR. ROBERTS, C.S. Akademiese vise-hoof, Nywerheidskool vir Seuns, Heidelberg.

7. MNR. SCHUTTE, T.D. Tegniese vise-hoof, Nywerheidskool vir Seuns, Heidelberg.

8. MNR. STEYN, H.S. Lektor in statistiek, Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

BYLAE A

Skedule[1] gebruik vir gegewens van die persoonlike lêers

Opsomming van gegewens verkry uit die persoonlike lêer van die kind

A. Identifiserende data van die kind

1. Naam en van:
2. Geboortedatum:
3. Huistaal:
4. Huisadres:
5. Departement van Volkswelsyn en Pensioene se kantoor:
6. Behandel deur die Kommissaris van Kindersorg:
7. Hoforder uitgereik op:
8. Verwys na:
9. Redes vir sorgbehoewendheid:
10. Oorgeplaas van:
11. Datum toegelaat tot nywerheidskool:
12. Lêernommer:

B. Persoonlike gegewens van die kind

1. I.K.:
2. Standerd geslaag voor verwysing:
3. Skoolvordering:
4. Skoolbesoek:
5. Huidige standerd:
6. Ongewenste maats:
7. Uithuisigheid:

---

1. Die ondersoeker het hierdie skedule ontwerp vir plasing in die persoonlike lêers van die nywerheidskoolleerlinge. Dit bevat alle persoonlike gegewens en kan uitgebrei word.

8. Gedrag:
9. Soorte gedragsprobleme:
10. Persoonlikheidsdefekte:
11. Houding teenoor skool:
12. Verhouding met personeel:
13. Verhouding met mede-leerlinge:

C. Gesinsomstandighede

1. Ouderdom (a) Vader:
   (b) Moeder:
2. Huwelikstaat van ouers:
3. Agtergrond van (a) Vader:
   (b) Moeder:
4. Gedrag en optrede van (a) Vader:
   (b) Moeder:
5. Aantal kinders:
6. Aantal buite-egtelike kinders:
7. Versorging van kinders:
8. Kinders versorg deur:
9. Gesag en dissipline:
10. Gesinsverhoudings (a) Huweliksverhouding:
    (b) Ouer-kindverhouding:
    (c) Verhouding tussen kinders:

D. Wonings- en omgewingstoestande

1. Woonplek tydens verwysing:
2. Toestand van die huis:
3. Oorbewoning:
4. Verwisseling van woonplek:
5. Omgewingstoestande:

## E. Ekonomiese omstandighede

1. Bron van inkomste:
2. Beroep van die vader:
3. Beroep van die moeder:
4. Finansiële posisie:
5. Besteding van inkomste:
6. Redes vir onoordeelkundige besteding:
7. Redes vir onbestendige inkomste:

## F. Sosio-kulturele toestande

1. Kerkverband (a) Vader:
   (b) Moeder:
2. Kerkbesoek (a) Vader:
   (b) Moeder:
3. Houding teenoor godsdiens (a) Vader:
   (b) Moeder:
4. Deelname aan en vorm van ontspanning en vryetydsbesteding:

BYLAE B

Vraelys[1] gebruik by ondersoekgroep van 100 nywerheidskool-leerlinge

1. Hou jy van 'n stad? Ja ☐ Nee ☐
2. Is jy ouer as 16 jaar?
3. Het jy al standerd sewe geslaag?
4. Het jy by die huis aan sport deelgeneem?
5. Is jy lief om bioskoop toe te gaan?
6. Hou jy van die „soppies"?
7. Hou jy van maats?
8. Kan maats 'n mens verlei?
9. Het maats jou al verkeerde dinge geleer?
10. Rook jy tabak?
11. Is jy baie lief om tabak te rook?
12. Het jy al gerook voor jou tiende verjaardag?

---

1. (i) Die taalgebruik in hierdie vraelys is baie eenvoudig sodat dit vir elke kind van die ondersoekgroep moontlik was om dit te kan verstaan.

(ii) In sommige vrae is woorde gebruik wat vry algemeen onder die ondersoekgroep voorgekom het („soppies" word gebruik i.p.v. bioskoop).

(iii) Die vrae is deurmekaar geskommel en soms herhaal omrede hierdie leerlinge baie agterdogtig is en nie graag met die waarheid na vore kom nie.

(iv) Hierdie vraelys voldoen aan alle wetenskaplike vereistes, prosedures en tegnieke wat vereis word vir die berekening met 'n rekenoutomaat.

(v) Die beginsel van anonimiteit is toegepas om die volle vertroue en objektiewe antwoorde van almal te kry. (Ondersoeker het in die verlede 'n vertrouensverhouding met die leerlinge in die skoolwerk en buite die skool verkry en 'n ondersoek met groot vrug afgehandel i.v.m. drostery by die nywerheidskool en op hierdie gronde is die ondersoek voortgebou.

13. Lewe jou eie vader nog? Ja ☐ Nee ☐

14. Het jy 'n stiefvader?

15. Hou jy van jou eie vader?

16. Hou jy van jou stiefvader?

17. Voel jy dikwels dat jou ouers[2] jou te veel dinge belet?

18. Voel jy soms dat jou ouers jou te veel beskerm het?

19. Maak jy maklik vriende?

20. Hou jy van maats ouer as jy?

21. Hou jy van maats jonger as jy?

22. Verkies jy maats wat so oud is as jy?

23. Het jy al dagga gerook?

24. Sal jy dit weer rook?

25. Lewe jou eie moeder nog?

26. Hou jy van haar?

27. Het jy 'n stiefmoeder?

28. Hou jy van haar?

29. Het jy soms ongelukkig gevoel omdat jy dink dat jou ouers 'n broer of suster voortrek?

30. Het jy soms skaam gevoel oor jou huis of huismense?

31. Dink jy julle huislike lewe was oor die algemeen net so gelukkig soos die van die meeste ander mense?

32. Het jy al ooit leuens vertel?

---

1. Ouers sluit in die verband eie ouers, stiefouers, pleegouers en grootouers - bedoelende daardie verantwoordelike persone in wie se huis die kind opgegroei en die meeste invloed op hom gehad het.

33. Het jy al iets kleins van ander mense geneem? Ja ☐ Nee ☐

34. Het jy al iets groots van ander geneem?

35. Het jy genoeg sakgeld gekry?

36. Het jy en jou ouers al rusie gemaak?

37. Maak jou ouers baie rusie met mekaar?

38. Het jy al lus gevoel om van die huis af weg te loop?

39. Het jy al van die huis af weggeloop?

40. Het jy soms nagelaat om jou vriende of vriendinne huis toe te bring omdat jy skaam was vir een of ander omstandigheid by die huis?

41. Is dit verkeerd om iemand te kul wat jou verkul het?

42. Het jou ouers jou regverdig behandel?

43. Het jy soms al die gevoel gekry dat die lewe nie die moeite werd is nie?

44. Het jou ouers jou baie geslaan?

45. Dink jy dat jou ouers ouderwets is?

46. Het jy een van jou ouers liewer as die ander een?

47. Gebruik jou vader sterk drank?

48. Het hy jou al geslaan wanneer hy sterk drank gebruik het?

49. Het jy jou vader al baie gesien?

50. Het jy jou moeder al baie gesien?

51. Was jy al in 'n plek van veiligheid?

52. Het jy al vir 'n lang ruk by ander mense gebly?

53. Is jou ouers geskei?

54. Het jy al in 'n kinderhuis gebly?

55. Hou oud was jy toe die welsyn julle weggeneem het van die huis af? Ja ☐ Nee ☐
56. Is jou vader beter as jou moeder?
57. Gaan julle gereeld kerk toe?
58. Hou jou vader van werk?
59. Is jou vader sieklik?
60. Is jou moeder sieklik?
61. Is jou moeder beter as jou vader?
62. Het jou vader jou geslaan as jy lelike dinge aangevang het?
63. Hou jou ouers van mekaar?
64. Het jou oupa of ouma-hulle jou al vir 'n lang tyd opgepas?
65. Hoeveel kinders is julle?
66. Het jy van die skool gehou?
67. Was jy elke dag by die skool?
68. Word jy maklik kwaad?
69. Was jy al baie bang vir jou vader?
70. Wil jy eendag soos jou vader wees?
71. Het julle baie rondgetrek?
72. Het jy van 'n onderwyser gehou?
73. Is jy lief vir jou boeties en sussies?
74. Hou jou ouers van die predikant?
75. Gaan jy eendag netso vir jou kinders sorg soos jou ouers vir jou gesorg het?

BYLAE C

## A sociological study of certain aspects of the child in the school of industries

As the title of this research indicates, only certain aspects of the child in need of care and his re-education and rehabilitation have been discussed. A general aim is to stimulate further study of this pathological phenomenon.

The developments in legislation in connection with the child in need of care, not only providing for the establishment of the first school of industries, but also indicate the proportional and simultaneous growth of these schools.

Methods used in this study deal with the questionare, interview, statistics and literature - in other words it is an empirical - theoretical study.

In this research - from a sociological point of view - the emphasis falls on the tracing of factors in society and the impact of its institutions responsible for destituted children.

The most important finding of this research is that 65.0 percent of the research group came from broken homes.

The primary consideration in this type of research is the question of "multiple causation", which means to penetrate the complexity of the nature of indigency and deviant behaviour. The frequency-order of the above mentioned are poor home conditions, weak neighbourhood, the school, wrong relaxation and utilising of leisure-time and an incomplete personality structure. The conclusion is that 58.0 percent of the research group of destituted children gave no behaviour

problems, 31.0 percent were guilty of uncontrollable behaviour and 11.0 percent of abusive behaviour. Of the remaining 42.0 percent (31.0 percent plus 11.0 percent) who were guilty of deviant behaviour, 34.0 percent came from broken homes.

The information and results of this research were correlated by means of a graph with the results obtained by other researchers.

To enlighten the aim and task of the school of industries, the children are treated according to the admittance - adaption phase, treatment phase, preparation-for-placing-out phase and the aftercare phase.

Although many of the problems have been existent for years, they are no less true or pressing at present, both nationally and locally. But since there is an increasing recognition of, and concern for these problems, we truly stand on the threshold of an era in which the problems of children in need of care can be dealt with in a constructive and effective way.